

# **JAARBOEK 2014**

**FAKULTEIT REGTE  
VOORGRAADS &  
NAGRAADS**

**Potchefstroomkampus**

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus  
Privaatsak X6001  
Potchefstroom  
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web: <http://www.puk.ac.za/jaarboek/index.html>.

**Let Wel:** Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

## Inhoudsopgawe

<b>R.1</b>	<b>FAKULTEITSREËLS .....</b>	<b>1</b>
R.1.1	GESAG VAN DIE A REËLS .....	1
R.1.2	FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS.....	1
R.1.2.1	Modules en krediete .....	1
R.1.2.2	Verhouding tussen krediete en geagte leerure .....	1
R.1.2.3	Erkenning van vorige leer.....	1
R.1.2.4	Aansoek om toelating.....	1
R.1.2.5	Registrasie .....	2
R.1.2.6	Registrasie volgens rooster.....	2
R.1.2.7	Professionele etiek.....	2
R.1.2.8	Taalmedia .....	2
R.1.2.9	Oorgangsreëls .....	3
R.1.2.10	Evaluering van akademiese geletterdheid .....	3
R.1.2.11	Beëindiging van studies .....	4
R.1.2.12	Inligting oor akademiese prestasie .....	4
R.1.2.13	Eksamining-voorgraads .....	4
R.1.2.14	Eksamensubminimum .....	5
R.1.2.15	Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module .....	6
R.1.2.16	Herhaling van modules.....	7
R.1.2.17	Registrasie van bykomende modules .....	7
R.1.2.18	Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op voorvereistes .....	7
R.1.3	<b>WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT .....</b>	<b>8</b>
R.1.4	<b>KAPASITEITSBEPALINGS.....</b>	<b>8</b>
R.1.5	<b>KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS .....</b>	<b>9</b>
R.1.6	<b>MODULELYS .....</b>	<b>10</b>
R.1.6.1	Opmerkings met betrekking tot bepaalde modules .....	15
R.1.6.2	Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot taalmodules .....	17
R.1.7	<b>REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B).....</b>	<b>19</b>
R.1.7.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	19
R.1.7.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie .....	19
R.1.7.3	Studente wat na 'n tydperk studies wil hervat.....	19
R.1.7.4	Kwalifikasie uitkomste .....	20
R.1.7.5	Artikulasiemoontlikhede .....	21
R.1.7.6	Skripsie (JURI 425) .....	21
R.1.7.7	Samestelling van kurrikulum R410P .....	21
R.1.7.8	Samestelling van kurrikulum R411P .....	23
R.1.7.9	Keusemodules .....	24

<b>R.1.8</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM MET REGSVAKKE .....</b>	<b>25</b>
R.1.8.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	25
R.1.8.2	Toelatingsvereistes vir die program.....	25
R.1.8.3	Hertoelating na onderbreking van studie .....	25
R.1.8.4	Registrasie van modules aan 'n ander instelling.....	25
R.1.8.5	Program uitkomste .....	26
R.1.8.6	Artikulasiemoontlikhede .....	27
R.1.8.7	Samestelling van kurrikulum R302P .....	28
R.1.8.8	Samestelling van kurrikulum R303P .....	30
R.1.8.9	Keusemodules .....	31
<b>R.1.9</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (B COM) MET REGSVAKKE .....</b>	<b>32</b>
R.1.9.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	32
R.1.9.2	Toelatingsvereistes vir die program.....	32
R.1.9.3	Hertoelating na onderbreking van studies.....	32
R.1.9.4	Registrasie van modules aan ander instansies .....	32
R.1.9.5	Kwalifikasie uitkomste .....	33
R.1.9.6	Artikulasiemoontlikhede .....	34
R.1.9.7	Samestelling van kurrikulum R301P .....	35
R.1.9.8	Samestelling van kurrikulum R302P .....	36
<b>R.1.10</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (MPHIL) .....</b>	<b>37</b>
R.1.10.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	37
R.1.10.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie .....	37
R.1.10.3	Kwalifikasie uitkomste .....	38
R.1.10.4	Fakulteit spesifieke reëls vir kwalifikasie .....	39
R.1.10.5	Programme vir die LL M / MPhil graad .....	41
R.1.10.6	Lys van LL M modules .....	47
<b>R.1.11</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D) .....</b>	<b>48</b>
R.1.11.1	LL D verwerf deur die skryf van 'n proefskrif .....	48
R.1.11.2	Duur (minimum en maksimum duur).....	48
R.1.11.3	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie .....	48
R.1.11.4	Eksamining .....	48
R.1.11.5	Beëindiging van studies .....	49
R.1.11.6	Kwalifikasie uitkomste .....	49
R.1.11.7	Samestelling van die kurrikulum Doctor Legum (605 104) .....	50
<b>R.2</b>	<b>MODULE UITKOMSTE.....</b>	<b>51</b>
<b>R.2.1</b>	<b>MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT REGTE .....</b>	<b>51</b>

R.2.2	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE .....	72
R.2.3	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT GESONDHEIDS-WETENSKAPPE .....	88
R.2.4	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE .....	92
R.2.5	NAGRAADSE MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT REGTE.....	107
<b>R.3</b>	<b>OORGANGSREËLINGS EN REËLS VIR NUWE KURRIKULUM : R411P, R303P EN R302P .....</b>	<b>128</b>
R.3.1	BENADERING .....	128
R.3.2	VERGELYKING TUSSEN DIE HUIDIGE EN NUWE KURRIKULA EN OORGANGS-REËLINGS.....	128
R.3.2.1	Keuse modules .....	133
<b>R.4</b>	<b>OOREENSTEMMENDE REGSMODULES VIR EVL EN REKORDHOUDING: BA REGTE, BCOM REGTE EN LLB .....</b>	<b>135</b>

## **Aampsdraers**

### **DEKAAN**

Prof N Smit

### **DIREKTEURE:**

#### **Navorsingseenheid (Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat)**

Prof W du Plessis

#### **Nagraadse programme**

Prof GJ Pienaar

#### **Onderrig – Leer**

Prof PJW Schutte

#### **Kwaliteit en Skakeling**

Me MC Roos

#### **Regskliniek**

Mnr SWJ Meyer

### **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**

Me A Marais

## **FAKULTEITSRAAD**

Verteenwoordiger van die SRVP	Kotzé LJ
Barnard M	Laubscher M
Booysen I	Lubbe HJ
Botes A	Lubbe WD
Botha MM	Meyer SWJ
Crous AJ	Pienaar GJ
De la Harpe SPLR	Rautenbach C
Du Plessis AA	Robinson JA
Du Plessis W	Roos MC
Du Toit PG	Schoeman M
Du Toit S	Schutte PJW
Erlank W	Smit N
Feldhaus C	Stander AL
Ferreira GM	Stewart L
Geduld A	Terblanché A
Klaasen B	Van den Berg AF
Kloppers HJ	Van der Schyff E
Koraan RHC	Vorster A

**EREPROFESSORE**

Van Zyl DH

Wessels L

**BUITENGEWONE EN MEDE-PROFESSORE**

Coetzee JP

De Wet E

Diedrich F

Eiselen GTS

Hugo CF

Joubert AP

Olivier NJJ

Olivier MP

Pienaar GH

Pienaar WJM

Van Genugten JM

Verschuuren JM

Vorster I

**BUITENGEWONE SENIOR LEKTORE**

Bouillon S

Chetty I

Du Plessis I

Myburgh PH

Van der Linde M

Van der Walt T

## R.1 FAKULTEITSREËLS

### R.1.1 GESAG VAN DIE A REËLS

Die fakulteitsreëls wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

In gevalle waar 'n fakulteitsreël strydig is met 'n reël wat in die algemene Akademiese Reëls vervat is, geniet laasgenoemde voorrang.

Studente wat vir BA Regte en B Com Regte registreer word verwys na die jaarboeke van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir fakulteitspesifieke reëls wat op hulle van toepassing is.

## R.1.2 FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS

### R.1.2.1 Modules en krediete

Die leerstof vir elke graad is in modules verdeel en elke module het 'n bepaalde kredietwaarde. Elke module word afsonderlik geeksamineer.

### R.1.2.2 Verhouding tussen krediete en geagte leerure

Die aantal krediete wat aan elke module toegewys word, word bereken op die wyse wat in die Hoër Onderwys Kwalifikasie Raamwerk uiteengesit word.

### R.1.2.3 Erkenning van vorige leer

Die Fakulteit Regte onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer (EVL) 'n onontbeerlike element van die transformasie van toegangs- en toelatingsbeleid by onderwysinstellings in Suid-Afrika is. Aangesien die erkenning van vorige leer en module-erkennings en -vrystelling op 'n geldige, betroubare en billike manier gedoen moet word, word alle aansoeke in hierdie verband in ooreenstemming met goedgekeurde beleid, Akademiese Reël 2.3.2 en die Fakulteit se toepaslike procedures geëvalueer. Aansoeke sluit 30 Julie met die oog op toelating tot die Universiteit in die daaropvolgende jaar.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

### R.1.2.4 Aansoek om toelating

Geen aansoek om toelating word aanvaar nie, tensy die aansoeker, benewens die algemene toelatingsvereistes, ook aan fakulteitspesifieke vereistes waar van toepassing, voldoen. Die toelatingsvereistes vir alle formele akademiese kwalifikasies wat deur die Fakulteit Regte aangebied word, is uiteengesit in die Toelatingsbeleid soos goedgekeur deur die Senaat en die Raad en is verkrygbaar by [Studeer op Potchefstroomkampus | Voornemende Studente | NWU | North-West University](#)

Aansoekers word na Akademiese Reël 1.2.1 met betrekking tot die prosedure vir aansoeke om toelating verwys.

#### R.1.2.5

#### Registrasie

Niemand word as 'n student geregistreer alvorens sodanige persoon tot 'n spesifieke kwalifikasieprogram van die Universiteit of vir niegraaddoeleindes toegelaat is nie. Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n student deurloop het om as student van die Universiteit, soos voorgeskryf in die Akademiese Reëls 1.3, 2.3, 4.3 en 5.3 ingeskryf te word.

'n Student wat tot die Universiteit toegelaat is, registreer vir 'n spesifieke kwalifikasieprogram per jaar of per semester vir die duur van die studie op die tyd daarvoor deur die jaarkalender bepaal, deur die voorgeskrewe registrasiegeld te betaal, die registrasievorm in gedrukte vorm of elektronies te voltooi, die nodige goedkeuring van fakulteitsadviseurs en ander funksionarisse te bekom en dit by die betrokke kampusregister in te dien, waarna 'n bewys van registrasie aan die student uitgereik word.

'n Student is self daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat aan al die vereistes wat vir registrasie vir die betrokke kwalifikasieprogram, kurrikulum en module geld, voldoen word, en dat daar geen klas-, toets- of eksamenroosterbotsings tussen die modules waarvoor geregistreer word, sal voorkom nie. Die Universiteit behou die reg voor om 'n registrasie te weier of te kanselleer indien daar nie aan hierdie voorwaarde voldoen word nie.

Studente wat lesings bywoon, toetse aflê, referate of werkstukke indien en eksamen skryf sonder dat hulle amptelik geregistreer is, verwerf geen krediete nie, selfs al is die voorgeskrewe gelde betaal.

Deur ondertekening en indiening van die aansoek- en registrasievorms, het sy in gedrukte vorm of elektronies, bevestig 'n student dat alle reëls, beleide en besluite van die Universiteit vir die duur van die student se studie aan die Universiteit as bindend aanvaar word.

#### R.1.2.6

#### Registrasie volgens rooster

'n Voorgraadse student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomsdig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die student ingeskryf is, voorkom nie.

Voordat 'n voorgraadse student finaal oor die keuse van modules besluit, moet hy/sy hom/haar deeglik vergewis van die Universiteit se klas- en toetsrooster. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke modulekombinasie ontoelaatbaar.

#### R.1.2.7

#### Professionele etiek

Regstudie bied toegang tot die regsprofessie. Toegang tot die regsprofessie is daarvan afhanklik dat 'n applikant gereken word as geskik om tot die professie toe te tree. Weens die hoë etiese standaarde wat in die regsprofessie gestel word, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon wat regtens gestraf word of teen wie dissiplinêr opgetree word weens optrede wat dui op oneerlikheid, tot dieregs-professie toegelaat sal word, nienteenstaande goeie akademiese prestasie.

#### R.1.2.8

#### Taalmedia

Die onderrigtaal vir voorgraadse programme aan die Potchefstroomkampus is Afrikaans. Lesings vir die BA Regte, B Com Regte en die LL B word egter in Engels getolk en studente mag enige skriftelike of mondelinge toets of eksamen na keuse in Afrikaans of Engels aflê en korrespondensie in die taal van voorkeur voer.

Die nagraadse programme se taalmedia word *ad hoc* bepaal.

**R.1.2.9**

**Oorgangsreëls**

Die Direkteur Onderrig en Direkteur Nagraadse Programme reik waar nodig oorgangsreëls uit ten einde die oorgang van bestaande programme na nuwe programme moontlik te maak.

**R.1.2.10**

**Evaluering van akademiese geletterdheid**

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evaluateer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.
- b) Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleenthed om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleenthed. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van die toetsuitslag te vergewis, en vir die korrekte module in die korrekte semester te registreer.
- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLE111 [Engels] registreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoelendes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gereken.
- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druip en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druip, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111/AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit registreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student registreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA111 / AGLE111 geneem is.
- f) AGLA/E121 bestaan uit drie vraestelle, naamlik Akademiese Geletterdheid, Rekenaar- en Inligtingvaardighede en Leesvaardigheid. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings. Die student moet al drie afdelings binne die semester waarin hy/sy vir die module geregistreer het, slaag om die module te kan slaag.

- g) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gesak het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.
- h) Studente wat reeds 'n module[s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111, 121 / AGLE111, 121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgelê het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk aansoek om erkenning daarvan doen.

#### R.1.2.11

#### **Beëindiging van studies**

'n Student wie se akademiese prestasie onbevredigend is, ontvang 'n formele waarskuwing van die dekaan en word verwys vir akademiese advies en studieberading.

"Onbevredigende akademiese prestasie" beteken dat 'n student in dieselfde semester (1) drie of meer modules gekanselleer het, en/of (2) in drie of meer modules nie toelating verwerf het om eksamen te skryf nie, en/of (3) drie of meer modules gedruip het, en/of (4) 'n halfjaarpunt van 40% of minder vir 'n jaarmodule verwerf het.

'n Voorgraadse student se studie kan getermineer word in terme van Akademiese Reël 2.4.8 indien die student reeds twee waarskuwings van die dekaan ontvang het en vir 'n derde keer onbevredigende akademiese prestasie lewer, of nie toestemming soos bedoel in Akademiese Reël 2.4.6.1 ontvang het om die maksimum voorgeskrewe duur van die studietylperk te oorskry nie.

Die Direkteur Onderrig kan die prosedure bepaal wat gevolg moet word wanneer 'n student se studies getermineer word.

Vir die beëindiging van nagraadse studies sien Akademiese Reëls 4.4.11 en 5.4.11.

#### R.1.2.12

#### **Inligting oor akademiese prestasie**

Die Fakulteit kan inligting betreffende studente se akademiese prestasie aan persone of instansies met 'n legitieme belang daarby verskaf, insluitende ouers, voogde, beursgewers of potensiële werkgewers, tensy die student die Fakulteit skriftelik versoek om dit nie te doen nie. Sodanige versoek moet gerig word aan die Fakulteit Regte se Administratiewe Bestuurder.

#### R.1.2.13

#### **Eksamining - voorgraads**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Akademiese Reël 2.4.

#### R.1.2.13.1

#### **Skriftelike werk**

Ten aansien van die voorbereiding, indiening en eksaminering van alle skriftelike werk wat van die student vereis mag word, is die vorm- en stylvereistes soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

Die Fakulteit se stylvereistes is beskikbaar by:  
[http://www.nwu.ac.za/af/webfm\\_send/57124](http://www.nwu.ac.za/af/webfm_send/57124).

#### **R.1.2.13.2 Samestelling van die deelnamepunt**

Die deelnamepunt vir alle modules word ooreenkomsdig die betrokke module se struktuur saamgestel uit die evalueringspunte wat vir toetse, werkstukke, praktiese werk en/of ander assessorings verwerf word. Die deelnamepunt word vasgestel volgens 'n formule soos uiteengesit in die studiegids wat per module kan verskil, en van tyd tot tyd deur die Direkteur Onderrig bepaal word.

Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules, is soos uiteengesit in die verskillende modules se studiegidse.

#### **R.1.2.13.3 Toelating tot die eksamen**

- a) 'n Minimum deelnamepunt van 40% moet behaal word vir toelating tot die eksamen.
- b) In die modules wat in die eerste semester van die eerste jaar van die program geplaas is, is 'n deelnamepunt van 35% vir bona fide eerstejaarstudente voldoende vir toelating tot die eksamen.
- c) Vir voorgraadse eksamens is daar twee eksamengeleenthede per module, waarvan een of albei deur die student benut kan word. 'n Student wat van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, moet die voorgeskrewe bedrag betaal.

#### **R.1.2.14 Eksamensubminimum**

- a) Die eksamensubminimum vir voorgraadse modules in die Fakulteit Regte met 'n IURI, JURI-, JURE- en JURP-kode is 45%.
- b) Die eksamensubminimum vir modules wat deur ander fakulteite aangebied word, soos byvoorbeeld deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe en die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is 40%.
- c) In geval van modules wat uit meer as een selfstandige vakgebied saamgestel is, soos JURI 414 (Padongelukke en Versekerung), JURI 421 (Boedelbereddering) en JURI 423 (Verryking en Estoppel) kan daar ook nog 'n eksamensubminimum van 40% vir elke afsonderlike gedeelte gestel word.
- d) In geval van JURE 412 moet studente 'n subminimum van 45% behaal vir beide die skriftelike hoofde van betoog en die mondeline argument.
- e) Die eksamensubminimum van LL M/ MPhil modules is 50%.

#### **R.1.2.14.1 Modulepunt**

Die modulepunt vir elke module word bereken deur die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt te bereken, tensy anders voorgeskryf vir spesifieke modules.

Indien 'n student van albei eksamengeleenthede gebruik maak, word die modulepunt bereken op grond van die deelnamepunt wat toelating tot die eerste eksamengeleentheid verleen het, en die punt wat in die tweede eksamen verwerf word.

#### **R.1.2.14.2 Slaagvereistes**

- a) Onderhewig aan die vereistes betreffende die eksamensubminimum soos neergelê in fakulteitsreël R1.2.14, slaag 'n student die eksamen in 'n spesifieke module indien 'n modulepunt van minstens 50% behaal word.

- b) Waar 'n eerste-inskrywingstudent wat vir die eerste keer in 'n voorgraadse program van die Universiteit geregistreer het, enige eerstejaarmodule in die eerste semester druiп (met nie minder as 40% nie), maar 'n eksamenpunt van minstens 50% in daardie module behaal het, kan die Direkteur Onderrig 'n slaagpunt van 50% aan die student toeken.

**R.1.2.14.3 Toegang tot gemerkte eksamenwerk**

Studente verkry insae in hul eksamenwerk en kan aansoek doen vir die hernasien van 'n antwoordstel ooreenkomstig die prosedure goedgekeur deur die Fakulteitsraad.

Daar kan van studente verwag word om 'n fooi vir die hernasien van eksamenskrifte te betaal.

**R.1.2.14.4 Derde eksamengeleenthed**

- a) 'n Student wat ná benutting van alle gewone eksamengeleenthede alle modules wat vir 'n kwalifikasie vereis word, behalwe een, geslaag het, kan by die dekaan aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleenthed in die uitstaande module. Die volgende riglyne geld ten opsigte van die gebruikmaking van die derde eksamengeleenthed:
- b) dit moet die enigste uitstaande module wees;
- c) die student moes toelating tot die eksamen gehad het ('n deelnamepunt van minstens 40%);
- d) die student moes die 1e of 2e eksamen geleenthed gebruik het;
- e) die student moes in dieselfde jaar as die versoek by die Potchefstroomkampus van die NWU vir die betrokke program en module geregistreer gewees het (studente wat vir 'n bepaalde module by Unisa geregistreer is, kan die geleenthed dus nie gebruik nie);
- f) die student kan 'n maksimum van 50% vir die finale punt behaal;
- g) mondelinge assessering moet ingevolge die NWU se Assesserings- en Modereringsbeleid afgeneem word deur panele wat deur die Direkteur Onderrig en/of die Dekaan goedgekeur is; en
- h) die hernasiensproses is nie van toepassing nie.

**R.1.2.15 Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module**

'n Voorgraadse kwalifikasie word met onderskeiding toegeken waar die student die graad binne die minimum tydperk voltooi en 'n gemiddeld van 75% behaal in al die kernmodules wat in die toepaslike fakulteitsreëls vir die doel geïdentifiseer is. Vir die berekening van die gemiddeld, moet modules wat aan ander instansies voltooi is en as sodanig deur die NWU erken word, in berekening gebring word.

Alle modules wat "IURI/JURI/JURE/JURP" in die modulekode bevat, asook RERP 211/221, word as kernmodules beskou vir die LL B-graad en dus in berekening gebring. Die taalkeuse (ABCD 111/121) en AGLA 111/121 word egter buite rekening gelaat.

Vir die BA Regte-graad word die hoofvak wat nie 'n regsmodule is nie en tot op derdejaarsvlak geneem word, ook in aanmerking geneem. Die taalkeuse (ABCD 111/121), AGLA 111/121, WVSS 221 en WVLS 314 of die ekwivalent van laasgenoemde twee word buite rekening gelaat.

Vir die B Com Regte-graad word ECON, BMAN en ACCS/ACCF in berekening gebring, maar AGLA 111/121, WISN 123, STTN 122 en die keusevakke op 3<sup>e</sup> jaarsvlak word buite rekening gelaat.

**R.1.2.16 Herhaling van modules**

Indien 'n student die eksamen in 'n bepaalde module druij, word die module, behoudens moontlike uitsonderings waarvoor hierdie en die Akademiese Reëls voorsiening mag maak, volledig herhaal. 'n Nuwe deelnamepunt moet dus opgebou word.

**R.1.2.17 Registrasie van bykomende modules**

- a) 'n Student wat vir die eerstejaarvlak van 'n kurrikulum registreer, mag slegs vir een bykomende module per semester wat nie vir die betrokke kurrikulum/jaarvlak vereis word nie, registreer. Met dien verstande dat geen roosterbotsing daardeur meegebring word nie.
- b) 'n Student wat reeds die eerste jaar van 'n kurrikulum geslaag het, kan met die toestemming van die dekaan hoogstens twee modules per semester, of twee jaarmodules, of een semestermodule en een jaarmodule addisioneel tot die modules wat vir die betrokke kurrikulum vereis word registreer. Met dien verstande dat geen roosterbotsings daardeur meegebring word nie en mits die student al die modules in die voorafgaande semester geslaag het.
- c) 'n Student wat modules gedruip het, kan deur die dekaan toegelaat word om vir hoogstens twee modules per semester, of twee jaarmodules, of een semestermodule en een jaarmodule bykomend tot die betrokke kurrikulum/jaarvlak te registreer en mits geen roosterbotsings daardeur meegebring word nie.
- d) 'n Student registreer eers vir die modules uit 'n vorige jaar wat hy/sy nie geslaag het nie, en dan vir bykomende modules in die kurrikulum van die daaropvolgende jaar.

**R.1.2.18 Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op voorvereistes**

- a) 'n Module van enige vak kan slegs geneem word indien die student reeds voldoen het aan die voorgeskrewe voorvereiste soos in die lys van modules voorgestel word.
- b) Waar 'n eerstesemestermodule in 'n bepaalde jaarvlak as veronderstelde leer vir 'n tweedesemestermodule gestel word, moet, behoudens hoër vereistes wat in dié reëls gestel mag word, 'n modulepunt van ten minste 40% in die betrokke eerstesemestermodule behaal word alvorens die student met die tweedesemestermodule mag voortgaan.
- c) Waar 'n module uit een jaarvlak as veronderstelde leer vir 'n module van die volgende jaarvlak gestel word, moet 'n slaagpunt (modulepunt) van minstens 50% in die betrokke module behaal word, voordat vir die opvolgmodule geregistreer mag word.
- d) Akademiese Reël 2.3.3.4 is nie op Fakulteit Regte van toepassing nie.

**R.1.3****WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT**

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Gaan na <http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html> vir meer besonderhede betreffende die NWU se beleid ten opsigte van plagiaat.

**R.1.4****KAPASITEITSBEPALINGS**

Die Fakulteit Regte behou die reg voor om studente voor toelating tot bepaalde studierigtings te keur en aansoekers wat nie aan die keuringsmaatstawwe voldoen nie, selfs waar sulke aansoekers aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie tot die betrokke kwalifikasieprogramme toe te laat nie.

## R.1.5 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

Die volgende grade kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRADE</b>				
Kwalifikasie	Program en Kode	Kurrikulum en Kode	Metode van Aflewering	NKR vlak
Baccalaureus Legum (LL B)	607 107*	R410P	Voltyds	8
		R411P (faseer in 2013)	Voltyds	8
Baccalaureus Artium (BA)	met regsvakke 100 145	R302P	Voltyds	7
		R303P (faseer in 2013)	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	met regsvakke 500 183	R301P	Voltyds	7
		R302P (faseer in 2013)	Voltyds	7
<b>MAGISTER EN DOKTORSGRADE</b>				
Kwalifikasie	Program en Kode	Kurrikulum en Kode	Metode van Aflewering	NKR vlak
Magister Legum (LL M)	Regte* 604 104	R826P Internasionale Aspekte van die Reg	Voltyds en Deeltyds	9
		R827P Perspektiewe op die Reg	Voltyds en Deeltyds	9
		R828P Handel- en Besigheidsreg	Voltyds en Deeltyds	9
		R829P Privaatreg	Voltyds en Deeltyds	9
		R830P Staatsreg	Voltyds en Deeltyds	9
		R831P Formele Reg	Voltyds en Deeltyds	9
		R832P Regsprofessie	Voltyds en Deeltyds	9
	Arbeidsreg 604 105	R810P	Voltyds en Deeltyds	9
	Boedelreg 604 111	R823P	Voltyds en Deeltyds	9
	In- en Uitvoerreg 604 112	R824P	Voltyds en Deeltyds	9
	Omgewingsreg en -beheer 604 114	R821P	Voltyds en Deeltyds	9

	Vergelykende Kinderreg* 604 116	R807P	Voltyds	9
		R808P (faseer in 2014)	Voltyds en Deeltyds	9
Magister Philosophiae (MPhil)	Omgewingsreg en –beheer  187 101	R822P	Voltyds en Deeltyds	9
Doctor Legum (LL D)	Regte* 605 104	R906P Internasionale Aspekte van die Reg	Voltyds en Deeltyds	10
		R907P Perspektiewe op die Reg	Voltyds en Deeltyds	10
		R908P Handel- en Besigheidsreg	Voltyds en Deeltyds	10
		R909P Privaatreg	Voltyds en Deeltyds	10
		R910P Staatsreg	Voltyds en Deeltyds	10
		R911P Formele Reg	Voltyds en Deeltyds	10
		R912P Regsprofessie	Voltyds en Deeltyds	10

- \* Die LL M programme en keusemodules in programme word slegs aangebied indien die Direkteur Nagraadse Programme van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan.
- \* LL M studente kan slegs vir 'n navorsingsonderwerp in enige regsmodule registreer indien die Direkteur Nagraadse Programme van oordeel is dat voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die fakulteit beskikbaar is.

## R.1.6 MODULELYS

Modules aangebied deur Fakulteit Regte			
*Sien die opmerkings hier onder by R1.6.1 en R1.6.2 vir modules wat met 'n * gemerk is			
Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Krediete
IURI 111	Personereg		12
IURI 121	Inheemse Reg		12
IURI 171	Inleiding tot die Reg		16
IURI 172	Geschiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg		16
IURI 173	Familiereg		16
IURI 174	Taalvaardigheid in Regskonteks I		16
JURI 215	Ondernemingsreg		12
JURI 225	Deliktereg		12

IURI 211	Strafreg: Algemene Beginsels		12
IURI 212	Staatsreg		12
IURI 213	Regsinterpretasie		12
IURI 221	Strafreg: Besondere Misdade		12
IURI 222	Arbeidsreg		12
IURI 223	Fundamentele Regte		12
IURI 271	Strafprosesreg		16
IURI 272	Sakereg		16
IURI 273	Deliktereg		16
IURI 274	Taalvaardigheid in RegskonteksII	IURI 174	16
JURI 311	Landdroshofprosesreg		12
JURI 312	Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding		8
JURI 313	Regsfilosofie		12
JURI 314	Bewysreg		12
JURI 315	Kontraktereg		12
JURI 316	Volkereg		12
JURI 317	Navorsingsmetodologie		8
JURI 321	Administratiefreg		12
JURI 322	Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding		8
JURI 323	Hooggeregshofprosesreg		12
JURI 324	Fundamentele Regte		12
JURI 325	Bewysreg		12
JURI 326	Insolvenciesreg		12
JURI 327*	Besondere Kontrakte		12
JURI 411	Verhandelbaredokumenterreg en Elektroniese Handel		12
JURI 414	Padongelukkevergoeding- en Versekeringsreg		12
JURI 415	Skadevergoedingsreg		12
JURI 421	Boedelbereddering		12
JURI 423	Verryking en Estoppel		12
JURI 424	Regsfilosofie en Etiek		12
JURI 425	Skripsi		12

#### **Keusemodules aangebied deur Fakulteit Regte**

JURE 311	Alternatiewe Geskilbeslegting		12
JURE 313*	Belastingreg		12
JURP 321	Ontwikkelings- en Plaaslike Owerheidsreg		12
JURP 323	Regspluralisme: Godsdienstige Regstelsels		12
JURE 411	Omgewingsreg		12
JURE 412*	Skynhof		12
JURE 413	Intellektuelegoederereg		12
JURP 411	Sosio-ekonomiese Regte		12
JURE 421	Internasionale Privaatreg		12
JURP 421	Grond- en Aktesreg		12

<b>Modules en keusemodules aangebied deur Fakulteit Lettere en Wysbegeerte</b>			
*Sien die opmerkings hier onder by R1.6.1 en R1.6.2 in verband met spesifieke reëls van toepassing op taalmodules			
AFL1 111	Afrikaans: Taal sonder grense	L.2.3.1	12
AFL1 121	Afrikaanse en Nederlandse taal-en literatuurstudie: Teks en konteks – die taal van tekste		12
AFNP 118*	Beginnersafrikaans: Inleidend		4
AFNP 128*	Beginnersafrikaans: Gevorderd		4
AGLA 111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		12
AGLA 121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/AGLE111 (40)	12
AKLR 112*	Ou Nabye Ooste en Griekeland		12
AKLR 122*	Antieke Rome en ander Kulture		12
ATSN 111	Setswana: Inleidende grammatika en taalvaardigheid		12
ATSN 121	Setswana: Grammatika en taalvaardigheid	ATSN 111 (40)	12
ENLL 111	Introduction to literary genres (I)		12
ENLL 121	Introduction to literary genres (II) and grammatical analysis	ENLL 111 (60%)	12
ENLL 211	Development of literary genres (I) and development of grammatical complexity	ENLL 121	16
ENLL 221	Development of literary genres (II) and applied linguistics	ENLL 211 (40)	16
ENLL 311	Key periods in literature, historical linguistics and stylistics	ENLL 221	32
ENLL 321	South Africa and the world: Postmodern and contemporary literature, sociolinguistics and advanced linguistics analysis	ENLL 311 (40)	32
ENLS 111	English for specific purposes		12
ENLS 121	Practical English for Professional Purposes		12
FREN 111	Frans vir beginners 1		12
FREN 121	Frans vir beginners 2	FREN 111 (40) of FREB 111 (40)	12
FREB 111	Sakefrans vir beginners 1		12
FREB 121	Sakefrans vir beginners 2	FREN 111 (40) of FREB 111 (40)	12
GERM 111	Duits elementêr 1		12
GERM 121	Duits elementêr 2	GERB111 (40)of GERM111 (40) of gelykwaardige taalkwalifikasie en slaag van toelatingstoets	12
GERB 111	Sakeduits elementêr 1		12
GERB 121	Sakeduits elementêr 2	GERB111 (40)of GERM111 (40) of gelykwaardige taalkwalifikasie en	12

		slaag van toelatingstoets	
LATN 112	Latyn vir almal		12
LATN 122	Regs- en kerklatyn	LATN 112	12
PHIL 111	Etiiese vraagstukke		12
PHIL 121	Denkvaardighede		12
PHIL 211	Ontologie		16
PHIL 221	Geskiedenis van die Filosofie		16
PHIL 311	Mens, Kennis en Samelewing		16
PHIL 312	Kultuur en Moraliteit		16
PHIL 321	Taal, Godsdienis, Kuns en Ekonomie		16
PHIL 322	Navorsingsprojek		16
POLI 112	Inleiding tot Politieke Studie		12
POLI 123	Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel		12
POLI 213	Vergelykende politiek		16
POLI 223	Afrika-politiek		16
POLI 312	Politieke Filosofie		32
POLI 322	Politieke deelname en interaksie		32
SETM 111	Setswana eerste taal: Geskiedenis van die Setswana-ortografie; kommunikasievoardighede		12
SETM 121	Inleiding tot die Setswana-grammatika, morfologie en tradisionele letterkunde	SETM 111(40)	12
<b>Modules: Verstaan die Wêreld*</b>			
WVGW 221	Ken en verstaan die Gesondheidswêreld	Studente met Psigologie as hoofvak neem die module	12
WVSS 221	Verstaan die Sosiale en Politieke Wêreld	Alle BA Regte studente neem hierdie module	12
WVCS 221	Verstaan die Kulturele Wêreld	Studente met Engels as hoofvak neem die module	12
WVES 221	Verstaan die Ekonomiese Wêreld	Studente met Bedryfsielkunde as hoofvak neem die module	12
WVLS 312	Taal en Letterkunde Filosofie	Studente met Engels as hoofvak neem die module	12
WVLS 313	Kultuurfilosofie: Kritiese perspektiewe op "megatrends" in die hedendaagse kultuur	Studente met Politieke Studies as hoofvak neem die module	12
WVLS 314	Mens en samelewing: Kritiese perspektiewe op kontinuïteit en verandering/transformasie	Alle BA Regte studente neem hierdie module	12
WVES 311	Sake-etiek	Studente met Bedryfsielkunde as hoofvak neem die module	12

<b>Modules aangebied deur die Fakulteit Gesondheidswetenskappe</b>			
PSYC 111	Inleiding tot Psigologie		12
PSYC 121	Sosiale en Gemeenskapspsigologie		12
PSYC 211	Ontwikkelingspsigologie		16
PSYC 212	Persoonlikheidspsigologie		16
PSYC 221	Positiewe Psigologie		16
PSYC 311	Psigopatologie		16
PSYC 312	Navorsing en Psigometrie		16
PSYC 321	Basiese Hulpverlening en Etiese Gedrag		16
PSYC 322	Toegepaste Psigologie		16
<b>Modules en Keusemodules aangebied deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>			
ACCF111*	Finansiële Rekeningkunde: Basiese konsepte, rekeningkundige stelsels en elementêre finansiële verslagdoening	Wiskunde vlak 3 (40 – 50%)	16
ACCF121	Finansiële Rekeningkunde: Elementêre finansiële verslagdoening, vennootskappe, beslote korporasies en maatskappye	ACCF111 (40%), of ACCC111 (40%)	16
ACCF211	Finansiële Rekeningkunde: Finansiële Verslagdoening	ACCF111, 121 of ACCC111, 121	16
ACCF221	Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre Groepstate	ACCF211 (40%) of ACCC271 (40%)	16
ACCF311	Finansiële Rekeningkunde: Groepstate en Inleiding tot Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde (IFRS)	REKP211, 221 of RECP271	16
ACCF321	Finansiële Rekeningkunde: Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde (IFRS)	REKP311 (40%) of RECP371 (40%)	16
ACCS111	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal) Basiese konsepte, rekeningkundige siklus en rekeningkundige stelsels.		16
ACCS121	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal): Finansiële verslagdoening, elementêre ontleding en vertolking van finansiële state.	ACCS11 (40%)	16
BMAN111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur		12
BMAN121	Algemene Bestuur		12
BMAN211	Inleiding tot Bemarkingsbestuur		16
BMAN221	Aankoop- en Voorsieningskettingbestuur		16
BMAN 311	Finansiële Bestuur		16
BMAN 321	Strategiese Bestuur		16
BMAR 312	Prys- en Distribusiebesluite		16
BMAR 321	Bemarkingsnavorsing		16

ECON 111	Inleiding tot Ekonomie		12
ECON 121	Basiese Mikro- en Makro-ekonomiese		12
ECON 211	Makro-ekonomiese	ECON 121 & WISN 123/112	16
ECON 221	Mikro-ekonomiese	ECON 121 & WISN 112/123	16
ECON 311	Fiskale en Monetêre Beleid	ECON 211 & 221	16
ECON 321	Ekonomiese Analise	ECON 211	16
EKIP 211	Internasionale Handelsbetrekkinge		16
EKIP 221	Internasionale Handelsfinansiering en -betaling		16
EKRP 211	Inleiding tot Risikobestuur		16
EKRP 221	Beleggingsbestuur	ECON 211	16
IOPS 111	Inleiding tot Bedryfsielkunde		12
IOPS 121	Beroepsgesondheid en ergonomika		12
IOPS 211	Personeelsielkunde		16
IOPS 221	Beroepsielkunde		16
IOPS 311	Organisasiesielkunde		16
IOPS 321	Psigometrika en Navorsingsmetodologie		16
TAXF 211	Inleiding tot belasting van maatskappye	ACCF 111 en ACCF 121	12
TAXF 221	Inleiding tot belasting van individue	TAXF 211	12
RERP 211*	Regsrekeningkunde		8
RERP 221*	Regsrekeningkunde		8
STTN122	Statistiek vir die Bestuurswetenskappe		12
WISN123	Wiskundige Tegnieke	Wiskunde (vlak 3)	12

#### R.1.6.1 Opmerkings met betrekking tot bepaalde modules

- **ABCD 111 en 121 (Taamodule)**

Wanneer 'n student vir 'n taamodule in die eerste semester registreer (ABCD 111), moet die bypassende tweede semester module (ABCD 121) geneem word. Raadpleeg die spesifieke toelatingsvereistes (R.1.6.2).

*Erkenning van Engels:* studente wat van ander tersiêre instellings kom en aansoek doen om vrystelling van ENLL 111 en ENLL 121 kan verwag om taalvaardigheidstoetse af te lê ten einde te bepaal of daar aan hul erkenning verleen behoort te word.

BA Regte studente wat Engels as 'n taamodule neem, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

- **AKLR 112 en 122**

Antieke Kultuur word deeltyds aangebied.

- **IURI 174 en IURI 274**

IURI 174 word op die eerstejaarsvlak meertalig aangebied, naamlik in Afrikaans en in Engels. Studente kan kies by watter groep hul wil inskakel. IURI 274 word net in Engels aangebied.

- **JURE 313**

Studente wat voorheen TAXF 211/TAXF 311 of TAXF 221/ TAXF 321 geslaag het, kan nie vir JURE 313 regstreer nie.

- **JURE 412 (Skynhof)**

Die getal studente wat toegelaat word om vir die module te regstreer word beperk tot 60.

Studente moet 'n eksamensubminimum van 45% behaal vir beide die skriftelike hoofde van betoog en die mondeline argument.

- **RERP 211 en RERP 221 (Regsrekeningkunde)**

'n Student wat Regsrekeningkunde wil neem, regstreer vir RERP 211 en RERP 221 en daarbenewens ook nog enige ander keusemodule (eerste of tweede semester) wat deur die Fakulteit Regte in die derde jaar aangebied word.

- **JURI 327**

Studente wat nie vir JURI 315 in die eerste semester geregstreer was nie, word afgeraai om vir JURI 327 in die tweede semester te regstreer.

- **ACCS/F voorvereistes**

Studente wat nie Rekeningkunde as skoolvak gehad het nie, kan die Basiese Rekeningkunde kursus aan die begin van die eerste semester in die eerstejaar neem. Studente wat bo 65% vir die kursus gekry het, kan vir ACCF111 regstreer. Studente wat minder as 65% vir die kursus behaal het, regstreer vir ACCS111.

- **Verstaan die Wêreld**

Studente kan vir enige van die "Verstaan die Wêreld" modules waarna in R1.6. verwys word regstreer.

Studente wat Psigologie as hoofvak neem, ontvang vrystelling vir WVLS 314.

Studente wat Filosofie as hoofvak neem, ontvang vrystelling vir die tweede- en derdejaar "Verstaan die Wêreld" modules.

- **Bedryfsielkunde as hoofstudierigting (IOPS 311 en IOPS 321)**

Studente wat Bedryfsielkunde as hoofvak neem, moet in hulle tweede- of derde studiejaar bykomende module/s ter waarde van 32 kredietpunte neem. Dit kan ook 'n module op tweedejaarvlak wees, maar dit kan nie 'n IURI/JURI-module wees nie. Die volgende modules word aanbeveel: STTN 111, STTN 124, PSYC 121, PSYC 211, PSYC 212, PSYC 221, PSYC 311, LARM 311 en LARM 321.

Studente wat van voorname is om vir 'n Honneurs in Bedryfsielkunde te regstreer, word aanbeveel om vir die volgende modules te regstreer: PSYC 121, PSYC 211, PSYC 212, PSYC 221 PSYC 311, PSYC 321 en STTN 124.

Studente wat van voorname is om vir 'n Honneurs in Menslike Hulpbronbestuur te regstreer, word aanbeveel om vir die volgende modules te regstreer: LARM111, LARM211, LARM221, LARM311 en 321 en STTN111, 124.

## R.1.6.2 Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot taalmodules

### R.1.6.2.1 Afrikaans en Nederlands

- a) Vir toelating tot Afrikaans: *Taal sonder grense* (AFLL 111) en *Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie* (AFLL 121) word minstens 'n vlak 4 in Afrikaans as huistaal of 'n vlak 5 in Afrikaans as eerste addisionele taal vir graad 12 vereis.
- b) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFLL 111 en 121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die Voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands.

### R.1.6.2.2 Setswana

Studente wat 'n Sothotaal soos Setswana, Suid-Sotho (Sesotho) of Noord-Sotho (Sepedi) as huistaal in die graad 12-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Setswana (**ATSN 111, ATSN 121**) inskryf nie.

### R.1.6.2.3 Duits

- a) GERM111 en GERB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Duits word vereis om vir die modules te registreer nie, maar studente moet wel oor 'n matrikulasiëvrystellingsertifikaat beskik.
- b) Studente wat Duits op matriek-vlak geslaag het met 'n finale punt van 65% of hoër of wat 'n sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by 'n geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir GERM111/121 of GERB111/121 registreer nie. Hulle mag vir GERM211/221 registreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as 2 jaar voor registrasie vir Duits verwerf is, word dit vereis dat 'n student 'n toelatingstoets afré. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot GERM111/121 of GERM211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.
- c) Studente wat voorafkennis van Duits het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet afré. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot GERM111/121, GERB111/121 of GERM211/221.
- d) Die krediete van modules waarvoor 'n student vrystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
- e) Studente wat GERM111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir GERM211/221 te registreer.
- f) Krediete kan nie vir beide GERM111,121 en GERB111,121 verwerf word nie.

### R.1.6.2.4 English

- a) ENLS111 (praktyksgerigte module): Dit word sterk aanbeveel dat studente wat 'n matrikulasiëpunt van minder as 60% vir Engels as 'n tweede taal (T2) of 'n uitslag van minder as 50% in Engels as eerste taal (T1) verwerf het, vir hierdie module moet registreer.
- b) ENLL111 (akademies-gerigte module): Dit word sterk aanbeveel dat studente wat 'n matrikulasiëpunt van meer as 60% vir Engels as 'n tweede

taal (T2) of 'n uitslag van meer as 50% in Engels as eerste taal (T1) verwerf het, vir hierdie module moet regstreer.

- c) ENLL 121: Ten einde vir die tweede semester van die akademies-gerigte module (ENLL121) te regstreer, moet 'n student 'n punt van 60% of meer vir die ooreenstemmende module in die eerste semester (ENLL111) verwerf het. Diegene wat nie 'n punt van 60% of meer in ENLL111 verwerf het nie, sal oorgeplaas word na die praktyksgerigte module vir die tweede semester (ENLS121). Die vakgroep Engels kan dit weloorweeg om in besondere gevalle toelating na ENLL121 te oorweeg.
- d) Dit word van studente wat regstreer vir die akademies-gerigte modules, verwag om aan te meld vir aanvullende leesevaluerings in die leeslaboratorium. Diegene wat nie die vereiste vaardigheidsvlak bereik nie, sal bykomende leesprogramme moet volg.

#### R.1.6.2.5

##### Frans

- a) FREN111 en FREB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Frans word vereis om vir die modules te regstreer nie, maar studente moet wel oor 'n matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.
- b) Studente wat Frans op matriek-vlak geslaag het met 'n finale punt van 65% of hoër of wat 'n sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by 'n geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir FREN111/121 of FREB111/121 regstreer nie. Hulle mag vir FREN211/221 regstreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as 2 jaar voor registrasie vir Frans verwerf is, word dit vereis dat 'n student 'n toelatingstoets aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot FREN111/121 of FREN211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.
- c) Studente wat voorafkennis van Frans het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot FREN111/121, FREB111,121 of FREN211/221.
- d) Die krediete van modules waarvoor 'n student vrystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
- e) Studente wat FREB111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir FREN211/221 te regstreer.
- f) Krediete kan nie vir beide FREN111,121 en FREB111,121 verwerf word nie.

#### R.1.6.2.6

##### Latyn

'n Student wat Latyn in graad 12 geslaag het, mag vir LATN 211 inskryf, maar dan eers in die tweede studiejaar.

## R.1.7 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B)

### R.1.7.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die studie vir die graad Baccalaureus Legum (LL B) duur 'n minimum van vier en 'n maksimum van vyf jaar.

Die LL B kan ook as tweede baccalaureusgraad verwerf word. 'n Student kan vir die graad Baccalaureus Artium (BA) met Regsvakke of vir 'n Baccalaureus Commercii met Regsvakke inskryf. Regsvakke wat in die loop van hierdie grade geslaag word, hoef nie tydens die LL B-studie herhaal te word nie, met die gevolg dat die LL B-graad na minstens twee verdere jare studie verwerf kan word. Die LL B-studie wat volg op bogemelde baccalaureusgrade duur 'n maksimum van drie jaar.

### R.1.7.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

- Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- 'n Voornemende student met matrikulasienvrystelling met 'n APS-telling van 26 of meer kwalifiseer vir toelating tot die LL B-studie.
- Raadpleeg die toelatingsvereistes vir voorgraadse studie 2014 vir die wyse waarop die APS-telling bepaal moet word. Die dokument is beskikbaar op die NWU web onder voornemende studente by [NWU, Voornemende Studente | NWU | North-West University](#)
- As gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings behou die fakulteit die reg voor om kandidate vir toelating tot die kwalifikasies wat deur die fakulteit aangebied word, te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot 'n betrokke program toegelaat sal word nie.

### R.1.7.3 Studente wat na 'n tydperk studies wil hervat

- Waar 'n student se studie vir 'n jaar of langer onderbreek is, moet sodanige student opnuut aansoek doen om toelating deur die betrokke vorm te voltooi en by die betrokke dekaan skriftelike toestemming tot hertoelating te verkry.
- Behoudens uitsonderings deur die Direkteur Onderrig goedgekeur, moet studente wat slegs 'n paar modules kort om hul LL B te voltooi en hul studies ná 'n onderbreking van 5 jaar of langer hervat, ten minste vir twee jaar voltyds registreer. Daar kan van sodanige studente verwag word om modules te herhaal wat hul reeds geslaag het.
- Studente wat BA Regte of B Com Regte voltooi het, en wat vir die LL B-graad na 'n verloop van 5 jaar of langer wil registreer, kan verwag om reeds geslaagde modules te herhaal. Erkennings kan in ooreenstemming met die bepalings van Akademiese Reël 2.3.2 toegeken word.
- Behoudens uitsonderings deur die Direkteur Onderrig goedgekeur, moet studente wat 'n B Proc-graad behaal het, vir ten minste 2 jaar voltyds registreer. Erkenning kan in ooreenstemming met die bepalings van Akademiese Reël 2.3.2 toegeken word. **Aansoeke sal op meriete oorweeg word.**

**R.1.7.4 Program uitkomste****R.1.7.4.1 Kwalifikasiedoelstelling**

Benewens die akademiese en prinsipiële vorming van studente word die volgende oogmerke met die program nagestreef:

- a) om die studente toe te rus met kennis en spesifieke vaardighede, gekoppel met die vermoë om die verworwe kennis en vaardighede toe te pas in 'n verskeidenheid vertakkinge van die regsberoep met die oog op verdere persoonlike intellektuele ontwikkeling, ekonomiese bedrywighede en gemeenskapdiens;
- b) om 'n bydrae te lewer tot die toetrede van genoegsame hoeveelhede gekwalifiseerde regslui tot die private en die openbare sektor in Suid-Afrika ten einde te verseker dat daar volhoubaar aan al die uiteenlopende behoeftes ten opsigte van regsdienste, leierskap en innoverende, kennisgebaseerde aktiwiteite van 'n transformerende samelewing binne die Suid-Afrikaanse regstaat voldoen word;
- c) om gekwalifiseerdes toe te rus om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleindes van die verwerwing van 'n nagraadse kwalifikasie.

**R.1.7.4.2 Rasionaal**

Die LL B-program lewer regsgelerdes wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers en wat toegerus is om selfstandig in konkrete situasies met die reg te werk.

**R.1.7.4.3 Kundigheid- en vaardigheidsdoelwitte en waardes**

Na afhandeling van die LL B-kwalifikasie moet die kandidaat die volgende demonstreer:

- a) geïntegreerde kennis en begrip van die historiese en juridiese ontwikkeling van die reg, die algemene rol van die reg in die gemeenskap, en die beginsels van Suid-Afrikaanse, regionale en internasionale reg, asook die vermoë om, binne relevante kontekste, met algemene beginsels om te gaan en sodanige beginsels toe te pas;
- b) die vermoë om met etiese kwessies om te gaan en sodanige kwessies aan te spreek insoverre dit met die akademiese omgewing, regspraktyk en gemeenskap verband hou, ten einde 'n professionele identiteit en verantwoordelikheid te skep;
- c) die vermoë om die gebruik van gevorderde, komplekse kritiese denke in die regspraktyk te demonstreer deur werklike en/of hipotetiese probleme op 'n samehangende en kreatiewe manier te ondersoek, krities te analiseer, te verstaan en op te los;
- d) die vermoë om insiggewende en kreatiewe akademiese en professionele idees en argumente effektief te formuleer, aan te bied en te kommunikeer – mondeling en skriftelik, deur die gebruik van gepaste media en kommunikasie tegnologie en gepaste navorsingsmetodes;
- e) die vermoë om regsdokumente te lees, te interpreteer en op te stel;
- f) bevoegdheid in regsvaardighede, beide algemeen en spesifiek tot die professie, insluitende relevant rekenaar en numeriese vaardighede;

- g) die vermoë om effektief as deel van 'n span te werk ten einde dissipline-verwante probleme op te los en verantwoordelikheid vir taak-spesifieke uitkomste te neem en die gepaste gebruik van relevante hulpbronne;
- h) die vermoë om op 'n self-kritiserende manier gepaste leerstrategieë toe te pas ten einde professionele en lewenslange leer effektief aan te spreek;
- i) 'n toewyding tot sosiale geregtigheid, die bevordering van menseregte en goeie burgerskap.

**R.1.7.5**

**Artikulasiemoontlikhede**

- a) Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan die studente wat voldoende presteer het regstreeks toegang tot die LL M-studie verkry. Die LL M-studie verleen toegang tot die LL D-graad.
- b) Studente ingeskryf vir bogenoemde kurrikulum by ander kampusse kan by die Direkteur Onderrig aansoek doen vir module-erkennings aangesien die modules oor die dieselfde uitkomste beskik en op dieselfde NKR vlak aangebied word asook in dieselfde semester aangebied word. Indien modules met dieselfde uitkomste nie in dieselfde semester gevolg word nie, kan studente nogtans geakkommodeer word onderhewig aan die klasrooster.
- c) Studente wat modules aan 'n ander Universiteit geslaag het, kan by die Direkteur Onderrig skriftelik aansoek doen om erkenning of vrystelling van modules. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

**R.1.7.6**

**Skripsie (JURI 425)**

- a) Die suksesvolle afhandeling van 'n skripsie (JURI 425) is 'n vereiste vir die voltooiing van die LL B-graad.
- b) Ten aansien van die registrasie van skripsie onderwerpe en die voorbereiding, indiening en eksaminering van die skripsieverslag, is die vorm- en stylvereistes soos van tyd tot tyd deur die Fakultetsraad gewysig en aangepas, van toepassing. Vir meer besonderhede gaan na:<http://www.nwu.ac.za/p-f1/TimeTable%2526DissertationJURI425>.

**R.1.7.7**

**Samestelling van kurrikulum R410P**

'n Nuwe kurrikulum (R411P) is vanaf 2013 infaseer, terwyl kurrikulum R410P uittaseer. Slegs studente in hul derde- en vierdejaar van studie mag in 2014 vir kurrikulum R410P registreer. Geen eerste- of tweedejaarstudent mag in 2014 vir hierdie kurrikulum registreer nie. Herhalers van eerste- en tweedejaarmodules volg die oorgangreëls soos uiteengesit in R.3 op bladsy 163.

### Samestelling van kurrikulum R410P

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.
ABCD 111 <sup>1</sup>	12	JURI 211	12	JURI 311	12	JURI 411	12
JURI 111	12	JURI 213	12	JURI 313	12	JURI 312	8
JURI 112	8	JURI 214	12	JURI 314	12	JURI 317	8
JURI 113	12	JURI 215	12	JURI 315	12	JURI 414	12
JURI 114	12	JURI 216	12	JURI 316	12	JURI 415	12
		JURI 217	12	ABCD 311*	8/12	ABCD 411*	12
						ABCD 413*	12
Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	56	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	72	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	Min 68 Maks72	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	76
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.
ABCD 121*	12	JURI 221	12	JURI 321	12	JURI 421	12
JURI 121	12	JURI 223	12	JURI 323	12	JURI 322	8
JURI 122	12	JURI 224	12	JURI 324	12	JURI 423	12
JURI 123	12	JURI 225	12	JURI 325	12	JURI 424	12
JURI 124	12	JURI 226	12	JURI 326	12	JURI 425	12
AGLA/E121	12			JURI 327	12	ABCD 421*	12
				ABCD321*	8/12		
Totaal 2 <sup>de</sup> semester	72	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	60	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	Min 80 Maks 84	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	68
Totaal vlak 1	128	Totaal vlak 2	132	Totaal vlak 3	Min 148 Maks156	Totaal vlak 4	144
TOTAL VIR DIE KURRIKULUM							Min556 Maks560

<sup>1</sup> ABCD verwys na die keusemodules gelys in R1.7.9.

### R.1.7.8 Samestelling van kurrikulum R411P

Slegs eerste- en tweedejaarstudente sal in 2014 toegelaat word om vir hierdie kurrikulum te registréer.

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.
AGLA/E 111(x)	12	IURI 211	12	IURI 311	12	IURI 411	12
IURI 111	12	IURI 212	12	IURI 312	12	IURI 412	12
ABCD 111 <sup>1</sup> (x)	12	IURI 213	12	IURI 371	8	IURI 413	12
IURI 171	8	IURI 271	8	IURI 372	8	IURI 414	12
IURI 172	8	IURI 272	8	IURI 373	8	ABCD 411	12
IURI 173	8	IURI 273	8	IURI 374	8	ABCD 412	12
IURI 174	8	IURI 274	8	IURI 375	12	ABCD 413	12
						IURI 471	6
Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	68	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	68	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	68	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	90
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER	
Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.	Kode	Kr.
AGLA/E 121(x)	12	IURI 221	12	IURI 321	12	IURI 422	12
IURI 121	12	IURI 222	12	IURI 322	12	IURI 421	12
ABCD 121(x)	12	IURI 223	12	IURI 371	8	IURI 423	12
IURI 171	8	IURI 271	8	IURI 372	8	ABCD 421	12
IURI 172	8	IURI 272	8	IURI 373	8	ABCD 422	12
IURI 173	8	IURI 273	8	IURI 374	8	ABCD 423	12
IURI 174	8	IURI 274	8	IURI 375	12	IURI 471	6
Totaal 2 <sup>de</sup> semester	68	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	68	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	68	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	79
Totaal vlak 1	132	Totaal vlak 2	136	Totaal vlak 3	136	Totaal vlak 4	168
<b>TOTAAL VIR DIE KURRIKULUM</b>							<b>576</b>

<sup>1</sup> ABCD verwys na die keusemodules wat in R1.7.9 gelys is.

### R.1.7.9 Keusemodules

\* Sien opmerkings met betrekking tot bepaalde modules hierbo by R1.6.1

Keusemodules in die LLB program word slegs aangebied indien die Direkteur Onderrig van ordeel is dat voldoende aanvraag vir die module(s) bestaan.

JAARVLAK 1		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
ABCD111	Kr.	ABCD311	Kr.	ABCD411 en ABCD413	Kr.
AFLL 111	12	JURE 311	12	JURE 411	12
AKLR 112*	12	JURE 313*	12	JURE 412*	12
SETM 111	12	RERP 211*	8	JURE 413	12
ATSN 111	12			JURP 411	12
ENLL 111	12				
ENLS 111	12				
FREN 111	12				
FREB 111	12				
GERM 111	12				
GERB 11	12				
LATN 112	12				
JAARVLAK 1		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
ABCD121	Kr.	ABCD321	Kr.	ABCD421	Kr.
AFLL 121	12	JURP 321	12	JURE 421	12
AKLR 122*	12	JURP 323	12	JURP 421	12
SETM 121	12	RERP 221*	8		
ATSN 121	12				
ENLL 121	12				
ENLS 121	12				
FREN 121	12				
FREB 121	12				
GERM 121	12				
GERB 121	12				
LATN 122	12				

## **R.1.8 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM MET REGSVAKKE**

### **R.1.8.1 Duur (minimum en maksimum duur)**

Die duur van die studie vir die BA met Regsvakke is 'n minimum van drie en 'n maksimum van vier jaar.

### **R.1.8.2 Toelatingsvereistes vir die program**

- a) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- b) Voornemende studente met matrikulasievrystelling met 'n APS-telling van 26 of meer kwalifiseer vir toelating tot die studie.
- c) Raadpleeg die toelatingsvereistes vir voorgraadse studie 2014 vir die wyse waarop die APS-telling bepaal moet word. Die dokument is beskikbaar by [Studeer op Potchefstroomkampus | Voornemende Studente | NWU | North-West University](#)
- d) As gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings behou die fakulteit die reg voor om kandidate vir toelating tot die kwalifikasies wat deur die fakulteit aangebied word, te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot 'n betrokke program toegelaat sal word nie.

### **R.1.8.3 Hertoelating na onderbreking van studie**

- a) Waar 'n student se studie vir 'n jaar of langer onderbreek is, moet sodanige student opnuut aansoek doen om toelating tot die NWU en by die dekaan skriftelike toestemming tot hertoelating te verkry.
- b) Studente wat aan hierdie Universiteit vir BA Regte ingeskryf was en nie hul studies voltooi het nie, en na drie jaar of langer aansoek doen vir hertoelating om sodanige graad te voltooi, kan verwag om die voorgeskrewe modules op die derdejaarvlak te herhaal. Die erkenning van modules op ander jaarvlakke sal na gelang van die omstandighede deur die fakulteit oorweeg word.

### **R.1.8.4 Registrasie van modules aan 'n ander instelling**

- a) Om die programuitkomste van die BA Regte te bereik, is dit nie moontlik om derdejaarvlakmodules wat deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerde aangebied word, deur 'n ander instelling, soos UNISA, te neem om die graad te voltooi nie. Indien een of meer derdejaarvlakmodules gekort word om 'n graad te voltooi, moet 'n student voltyds terugkom om die modules te slaag. In buitengewone omstandighede kan klasvrystelling met die vergunning van die Direkteur Onderrig en op bepaalde voorwaardes met die betrokke dosent gereël word.
- b) Klasvrystelling kan alleen gegee word indien die module reeds vantevore geneem is, toelating tot die eksamen verkry is, maar die eksamen nie geslaag is nie. Klasvrystelling sal hoogstens eenkeer toegestaan word (indien dit dan nie geslaag word nie, moet dit weer voltyds geneem word).
- c) 'n Maksimum van twee modules kan op tweedejaarvlak deur 'n ander instelling soos UNISA geneem word om 'n graad te voltooi, mits dit die enigste modules is wat gekort word om die graad in daardie jaar te voltooi.

- d) Die inleidende modules op eerstejaarvlak het groter oorvleueling en die ekwivalent kan erken word indien dit nodig is om die graad te voltooi.
- e) IURI en JURI modules op enige jaarvlak kan by 'n ander instansie voltooi word, met dien verstande dat 'n student nie toegelaat word om in totaal meer as 3 modules vir die kwalifikasie by enige ander instansie te neem nie.

#### R.1.8.5 Program uitkomste

##### R.1.8.5.1 Kwalifikasie doelstelling

Benewens die akademiese en prinsipiële vorming van studente, het die program BA Regte die volgende doelwitte:

- a) om studente toe te rus met kennis van die voorgeskrewe materiële reg en spesifieke vaardighede en hulle in staat te stel om die kennis en vaardighede wat opgedoen is, op 'n verskeidenheid van vertakkings van die regsberoep en op die terein van die geesteswetenskappe toe te pas met die oog op verdere persoonlike intellektuele ontwikkeling, ekonomiese bedrywighede en gemeenskapsdiens; en
- b) om graduandi toe te rus om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleinnes van die verwerwing van 'n LL B of nagraadse kwalifikasie in die geesteswetenskappe.

##### R.1.8.5.2 Rasionaal

Die BA Regte-program onderrig studente in die geesteswetenskappe met die oog daarop om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskappe en die regte te integreer en om hulle toe te rus, met die nodige vaardighede om menslike verskynsels te ondersoek en konkrete probleme wat verband hou met die geesteswetenskappe en spesifieke velde van die reg, op te los.

##### R.1.8.5.3 Kundigheds- en vaardighedsdoelwitte

Na voltooiing van die kwalifikasie BA Regte moet die kandidaat die volgende kan demonstreer:

- a) geïntegreerde kennis en begrip van die geskiedkundige en regswetenskaplike ontwikkeling van die reg, die rol van die reg in die samelewing asook algemene beginsels van die Suid-Afrikaanse reg, sowel as die vermoë om die beginsels in tersaaklike kontekste te hanteer en toe te pas;
- b) die vermoë om etiese kwessies met betrekking tot die akademiese omgewing, regspraktyk en die samelewing in die algemeen te identifiseer, daarmee om te gaan en dit te hanteer;
- c) die vermoë om ingewikkeldere werklike en/of hipotetiese probleme op 'n samehangende en skeppende manier te ondersoek, kritis te ontleed, te verstaan en op te los en sodoende bewys te lewer van die gevorderde gebruik van kritiese denke en navorsingsvaardighede;
- d) die vermoë om akademiese en professionele idees en argumente wat insig en kreatiwiteit toon, doeltreffend te formuleer, aan te bied en oor te dra – mondeling en skriftelik, met behulp van toepaslike media en kommunikasietegnologie en geskikte navorsingsmetodes;
- e) die vermoë omregs- en ander dokumente te lees, uit te lê en op te stel;

- f) bevoegdheid in sommige regsvaardighede, met inbegrip van tersaaklike taal-, rekenaar- en syfervaardighede;
- g) die vermoë om doeltreffend as deel van 'n span te werk om probleme op die gebied van die geesteswetenskappe en/of die regte op te los en verantwoordelikheid te aanvaar vir taakspesifieke uitkomste en toepaslike gebruik van relevante hulpbronne;
- h) die vermoë om toepaslike leerstrategieë op 'n selfkritiese manier toe te pas ten einde professionele en lewenslange leer doeltreffend te laat plaasvind; en
- i) 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid, die bevordering van menseregte en goeie burgerskap.

#### R.1.8.6

#### **Artikulasiemoontlikhede**

- a) Na suksesvolle voltooiing van die graad voldoen studente aan die vereistes wat vir die eerste twee studiejare van die LL B gestel word. Die oorblywende modules wat vir die LL B vereis word, kan dus binne twee verdere jare van studie afgehandel word.
- b) Na suksesvolle voltooiing van die graad, kan direkte toegang tot 'n toepaslike honneursgraad ooreenkomsdig die reëls van die betrokke fakulteit verkry word.
- c) Studente ingeskryf vir bogenoemde kurrikulum by ander kampusse, kan by die Direkteur Onderrig aansoek doen vir module-erkennings, aangesien die modules oor die dieselfde uitkomste beskik en op dieselfde NKRvlak en in dieselfde semester aangebied word. Indien modules met dieselfde uitkomste nie in dieselfde semester aangebied word nie, kan studente nogtans onderhewig aan die klasrooster geakkommodeer word.
- d) Studente wat modules aan 'n ander Universiteit geslaag het, kan by die Direkteur Onderrig skriftelik aansoek doen om erkenning of vrystelling van modules. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

### R.1.8.7 Samestelling van kurrikulum R302P

'n Nuwe kurrikulum (R303P) faseer in vanaf 2013, terwyl kurrikulum R302P uitfaseer. Slegs studente in hul derdejaar van studie mag in 2014 vir kurrikulum R302P registreer. Herhalers van eerste- en tweedejaarmodules volg die oorganggreëls soos uiteengesit in R3, op bladsy 163.

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.
ABCD 111 <sup>1</sup> (x)	12	JURI 211	12	JURI 215	12
ABCD 112	12	JURI 213	12	IURI 213	12
JURI 111	12	JURI 214	12	JURI 315	12
JURI 112	8	JURI 216	12	WVLS 314 (x)	12
JURI 113	12	ABCD 211*	16	ABCD 311*	32
JURI 114	12				
Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	68	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	64	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	80
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.
ABCD 121 (x)	12	JURI 221	12	IURI 222	12
ABCD 122	12	JURI 223	12	JURI 225	12
JURI 121	12	JURI 226	12	JURI 327	12
JURI 122	12	WVSS 221 <sup>2</sup> (x)	12	ABCD 321*	32
JURI 123	12	ABCD 221*	16		
JURI 124	12				
AGLA/AGLE121 (x)	12				
Totaal 2 <sup>de</sup> semester	84	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	64	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	68
Totaal Jaarvlak 1	152	Totaal Jaarvlak 2	128	Totaal Jaarvlak 3	148
Totale krediete vir die kurrikulum					428

<sup>1</sup> ABCD verwys na die keusemodules gelys in R1.8.9.

<sup>2</sup> Sien opmerkings R1.6.1.

**\*Bedryfsielkunde as hoofstudierigting (ABCD 311\* en ABCD 321\*)**

Studente wat Bedryfsielkunde as hoofvak neem, moet in hulle derde studiejaar 'n bykomende module of modules ter waarde van 32 kredietpunte neem. Dit kan ook 'n module op tweedejaarvlak wees, maar dit kan nie 'n IURI/JURI-module wees nie. Die volgende modules word aanbeveel: STTN 111, STTN 124, PSYC 121, PSYC 211, PSYC 212, PSYC 221, PSYC 311, LARM 311 en LARM 321.

Studente wat van voorneme is om vir 'n Honneurs in Bedryfsielkunde te regstreer kan oorweeg om vir die volgende modules te regstreer: PSYC 121, PSYC 211, PSYC 212, PSYC 221 PSYC 311, PSYC 321 en STTN 124.

Studente wat van voorneme is om vir 'n Honneurs in Menslike Hulpbronbestuur te regstreer kan oorweeg om vir die volgende modules te regstreer: LARM111, LARM211, LARM221, LARM311 en 321 en STTN111, 124.

### R.1.8.8 Samestelling van kurrikulum R303P

Slegs eerste- en tweedejaar studente sal in 2014 toegelaat word om vir hierdie kurrikulum te registreer. Derdejaars registreer vir kurrikulum R302P..

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.
AGLA/E 111 (x)		IURI 211	12	IURI 213	12
IURI 111	12	ABCD 211*	16	ABCD 311*	32
ABCD 111 <sup>1</sup> (x)	12	IURI 212	12	IURI 412	12
ABCD 112	12	IURI 271	8	IURI 273	8
IURI 171	8	IURI 272	8	IURI 373	8
IURI 172	8	IURI 174	8	IURI 274	8
IURI 173	8				
Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	60	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	64	Totaal 1 <sup>ste</sup> semester	80
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.
AGLA/E 121(x)	12	IURI 221	12	IURI 223	12
IURI 121	12	ABCD 221*	12	ABCD 321*	32
ABCD 121 (x)	12	IURI 222	12	IURI 273	8
ABCD 122	12	IURI 271	8	IURI 373	8
IURI 171	8	IURI 272	8	IURI 274	8
IURI 172	8	IURI 174	8		
IURI 173	8	WVSS 221 <sup>2</sup> (x)	12		
Totaal 2 <sup>de</sup> semester	72	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	76	Totaal 2 <sup>de</sup> semester	68
Totaal Jaarvlak 1	132	Totaal Jaarvlak 2	140	Totaal Jaarvlak 3	148
Totale krediete vir die kurrikulum					420

<sup>1</sup> ABCD verwys na die keusemodules gelys in R1.8.9.

<sup>2</sup> Sien die opmerkings by R1.6.1 vir "Verstaan die Wêreld" modules.

**R.1.8.9 Keusemodules**

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
ABCD111	Kr.	ABCD211	Kr.	ABCD311	Kr.
<b>Taalmodule: kies een</b>					
AFLL 111	12	ENLL 211	16	ENLL 311	32
AKLR 112	12	IOPS 211	16	IOPS 311	16
SETM 111	12	PHIL 211	16	PHIL 311	16
ATSN 111	12	POLI 213	16	PHIL 312	16
ENLL 111	12	PSYC 211	16	POLI 312	32
ENLS 111	12	PSYC 212	16	PSYC 311	16
FREN 111	12			PSYC 312	16
FREB 111	12				
GERM 111	12				
GERB 111	12				
LATN 112	12				
<b>ABCD 112-kies een</b>					
ENLL 111	12				
IOPS 111	12				
PHIL 111	12				
POLI 112	12				
PSYC 111	12				

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
ABCD121	Kr.	ABCD221	Kr.	ABCD321	Kr.
<b>Taalmodule: kies een</b>					
AFLL 121	12	ENLL 221	16	ENLL 321	32
AKLR 122	12	IOPS 221	16	IOPS 321	16
SETM 121	12	PHIL 221	16	PHIL 321	16
ATSN 121	12	POLI 223	16	PHIL 322	16
ENLL 121	12	PSYC 221	16	POLI 322	32
ENLS 121	12			PSYC 321	16
FREN 121	12			PSYC 322	16
FREB 121	12				
GERM 121	12				
GERB 121	12				
LATN 122	12				
<b>ABCD 122-kies een</b>					
ENLL 121	12				
IOPS 121	12				
PHIL 121	12				
POLI 123	12				
PSYC 121	12				

## **R.1.9 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (B COM) MET REGSVAKKE**

### **R.1.9.1 Duur (minimum en maksimum duur)**

Die minimum duur van die studie vir 'n BCom-graad is drie jaar en die maksimum duur vir die voltooiing van die graad is vier jaar.

### **R.1.9.2 Toelatingsvereistes vir die program**

- a) Geen tersi re onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- b) Voornemende studente met matrikulasievrystelling met 'n APS-telling van 30 of meer kwalifiseer vir toelating tot die studie.
- c) Wiskunde vlak 4 (50-59%) word vereis.
- d) Raadpleeg die toelatingsvereistes vir voorgraadse studie 2014 vir die wyse waarop die APS-telling bepaal moet word. Die dokument is beskikbaar by <http://www.nwu.ac.za/af/voornemende-student/studeer-op-potchefstroom>
- e) As gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings behou die fakulteit die reg voor om kandidate vir toelating tot die kwalifikasies wat deur die fakulteit aangebied word, te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot 'n betrokke program toegelaat sal word nie.

### **R.1.9.3 Hertoelating na onderbreking van studies**

- a) Waar 'n student se studie vir 'n jaar of langer onderbreek is, moet sodanige student opnuut aansoek doen om toelating tot die NWU en by die dekaan skriftelike toestemming tot hertoelating te verkry.
- b) Studente wat aan hierdie Universiteit vir BCom Regte ingeskryf was en nie hul studies voltooi het nie, en na drie jaar of langer aansoek doen vir hertoelating om die graad te voltooi, kan verwag om die voorgeskrewe modules op die derdejaarvlak te herhaal. Die erkenning van modules op ander jaarvlakke sal na gelang van die omstandighede deur die fakulteit oorweeg word.

### **R.1.9.4 Registrasie van modules aan ander instansies**

- a) Om die programuitkomste van die B Com Regte te bereik, is dit nie moontlik om derdejaarvlakmodules wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurwetenskappe aangebied word, deur 'n ander instelling, soos UNISA, te neem om die graad te voltooi nie. Indien een of meer derdejaarvlakmodules gekort word om 'n graad te voltooi, moet 'n student voltyds terugkom om die modules te slaag. In buitengewone omstandighede kan klasvrystelling met vergunning van die Direkteur Onderrig en op bepaalde voorwaardes met die betrokke dosent gere l word.
- b) Klasvrystelling kan alleen gegee word indien die module reeds vantevore geneem is, toelating tot die eksamen verkry is, maar die eksamen nie geslaag is nie. Klasvrystelling sal hoogstens eenkeer toegestaan word (indien dit dan nie geslaag word nie, moet dit weer voltyds geneem word).

- c) 'n Maksimum van twee modules kan op tweedejaarvlak deur 'n ander instelling soos UNISA geneem word om 'n graad te voltooi, mits dit die enigste modules is wat gekort word om die graad in daardie jaar te voltooi.
- d) Die inleidende modules op eerstejaarvlak het groter oorvleueling en die ekwivalent kan erken word indien dit nodig is om die graad te voltooi.
- e) IURI en JURI modules op enige jaarvlak kan by 'n ander instansie voltooi word, met dien verstande dat 'n student nie toegelaat word om in totaal meer as 3 modules vir die kwalifikasie by enige ander instansie te neem nie.

## **R.1.9.5 Program uitkomste**

### **R.1.9.5.1 Kwalifikasie doelstelling**

Benewens die akademiese en prinsipiële vorming van studente, poog die B Com Regte kwalifikasie om

- a) studente toe te rus met kennis van die voorgeskrewe materiële reg en spesifieke vaardighede gekoppel met die vermoë om die verworwe kennis en vaardighede wat opgedoen is, in 'n verskeidenheid vertakings van die regsprofession, die ekonomie en die besigheidswêreld (privaat en openbare sektor) toe te pas met die oog op verdere persoonlike intellekturele ontwikkeling, ekonomiese bedrywighede en gemeenskapsdiens; en
- b) om graduandi toe te rus om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleindes van die verwerwing van 'n LL B of nagraadse kwalifikasie op enige van die spesialiseringssgebiede.

### **R.1.9.5.2 Rasionaal**

Die B Com Regte-program lewer gegradueerdes op die gebied van die regte, die ekonomie en sakewêreld op wat basiese kennis, tegnieke en kundigheid op elk van die spesialiseringssgebiede kan integreer en wat bemagtig is om die kennis, beginsels, teorieë en vaardighede wat opgedoen is, in toepaslike omgewings in die samelewing toe te pas, om kritisies en vernuwend te dink en ingewikkelde probleme op te los.

### **R.1.9.5.3 Kundigheids- en vaardigheidsdoelwitte**

Na voltooiing van die kwalifikasie B Com Regte moet die kandidaat die volgende kan demonstreer:

- a) breedvoerige en geïntegreerde kennis en begrip van die geskiedkundige en regswetenskaplike ontwikkeling van die reg, die rol van die reg in die samelewing, sekere algemene reëls van die Suid-Afrikaanse reg, begrippe, beginsels, strukture en teorië van die ekonomie, rekeningkunde en ondernemingsbestuur asook die vermoë om die kennis wat verkry is, in tersaaklike kontekste te hanteer en toe te pas;
- b) die vermoë om etiese kwessies met betrekking tot die akademiese,regs-, ekonomiese en sakewêreld en die samelewing in die algemeen te identifiseer, daar mee om te gaan en dit te hanteer en dienooreenkomsdig met integriteit en professioneel op te tree;
- c) die vermoë om ingewikkelde, werklike en/of hipotetiese ekonomiese, sake- en/of regsprobleme op 'n samehangende en skeppende manier te ondersoek, kritisies te ontleed, te verstaan en op te los en sodoende bewys te lewer van die gevorderde gebruik van die student se multidissiplinêre

- kennis, vermoë om inligting in te samel, te ontleed en te organiseer, kritiese denke en navorsingsvaardighede;
- d) die vermoë om akademiese en professionele idees en opinies wat insig en kreatiwiteit toon, doeltreffend in goed gevormde argumente te formuleer, aan te bied en oor te dra (mondeling en skriftelik) met behulp van toepaslike media en kommunikasietegnologieë en geskikte navorsingsmetodes;
  - e) die vermoë om regs- en ander dokumente te lees, uit te lê en op te stel;
  - f) bevoegdheid in sekere regsvaardighede, met inbegrip van tersaaklike taal-, rekenaar- en syfervaardighede;
  - g) die vermoë om doeltreffend as 'n individu en as deel van 'n span te werk om probleme op die gebied van die regte, die ekonomie, rekeningkunde en die sakewêreld op te los en verantwoordelikheid te aanvaar vir taakspesifieke uitkomste en toepaslike gebruik van relevante hulpbronne;
  - h) die vermoë om met selfdissipline, integriteit en toewyding toepaslike leerstrategieë toe te pas om professionele en lewenslange leer doeltreffend te laat plaasvind;
  - i) 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid, die bevordering van menseregte en goeie burgerskap; en
  - j) sensitiwiteit vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele sakegemeenskappe en die wêreld in die algemeen.

#### R.1.9.6

#### **Artikulasiemoontlikhede**

- a) Na suksesvolle voltooiing van die graad, kan studente aansoek doen vir toelating vir kwalifikasies op NKR-vlak 8, spesifiek Honneurstoelating binne die student se gekose spesialisdisziplines.
- b) Die B Com-kwalifikasie kan aan die student toegang verleen tot verwante studie aan ander tersiêre instellings.
- c) Na suksesvolle voltooiing van die graad voldoen die studente aan die vereistes wat vir die eerste twee studiejare van die LL B gestel word. Die oorblywende modules wat vir die LL B vereis word kan dus binne twee verdere jare van studie afgehandel word.
- d) Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is, kan van die Direkteur Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

R.1.9.7

**Samestelling van kurrikulum R301P**

'n Nuwe kurrikulum (R302P) word vanaf 2013 infaseer, terwyl kurrikulum R301P uifaseer. Slegs studente in hul derdejaar van studie mag in 2014 vir kurrikulum R301P regstreer. Herhalers van eerste- en tweedejaarmodules volg die oorgangreëls soos uiteengesit in R3,bladsy 163.

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
<b>Eerste semester</b>		<b>Eerste semester</b>		<b>Eerste semester</b>	
Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.
ACCF/ACCS111*	16	JURI211 (H)	12	JURI 215 (H)	12
BMAN111	12	JURI213 (H)	12	IURI 213 (H)	12
ECON111	12	JURI214 (H)	12	JURI313 (H)	12
JURI111 (H)	12	JURI216 (H)	12	JURI315 (H)	12
JURI112 (H)	8	<b>KIES twee uit:</b> BMAN211 of ECON211 of ACCF211 (H)	32	<b>KIES een uit:</b> BMAN311 of ECON311 of ACCF311 (H)	16
JURI113 (H)	12				
JURI114 (H)	12				
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>84</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>80</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>80</b>
<b>JAARVLAK 1</b>		<b>JAARVLAK 2</b>		<b>JAARVLAK 3</b>	
<b>Tweede semester</b>		<b>Tweede semester</b>		<b>Tweede semester</b>	
Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.	Modulekode	Kr.
ACCF121/ACCS121	16	JURI226 (H)	12	IURI 222 (H)	12
AGLA121	12	JURI122 (H)	12	JURI225 (H)	12
BMAN 121	12	JURI221 (H)	12	IURI 121 (H)	12
ECON121	12	JURI223 (H)	12	JURI327 (H)	12
JURI123 (H)	12	<b>KIES twee uit:</b> BMAN221 of ECON221 of ACCF221 (H)	32	<b>KIES een uit:</b> BMAN321 of ECON321 of ACCF321 (H)	16
JURI124 (H)	12				
WISN123 / STTN122	12				
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>88</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>80</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>80</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>	<b>172</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>	<b>160</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>	<b>160</b>
<b>Totale krediete vir die kurrikulum</b>					<b>492</b>
**Studente wat ECON as kernmodule gaan kies, moet WISN123 op eerstevlak neem. Studente wat eerder STTN 122 wil neem, moet toestemming kry by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.					
** Studente wat BMAN 311 & 321 kies, moet BMAR 312 & 321 neem.					
**Studente wat ECON 311 & 321 kies, moet EKIP 211 & 221 of EKRP 211 & 221 neem.					
**Studente wat ACCF311 & 321 kies, moet TAXF211 & 221 neem.					
** Studente wat ACCF211 neem, moet ACCF121 geslaag het.					

**R.1.9.8**

**Samestelling van kurrikulum R302P**

Slegs eerste- en tweedejaarstudente sal in 2014 toegelaat word om vir hierdie kurrikulum te regstreer. Derdejaars regstreer vir kurrikulum R301P.

<b>JAARVLAK 1</b>		<b>JAARVLAK 2</b>		<b>JAARVLAK 3</b>	
<b>Eerste semester</b>		<b>Eerste semester</b>		<b>Eerste semester</b>	
<b>Modulekode</b>	<b>Kr.</b>	<b>Modulekode</b>	<b>Kr.</b>	<b>Modulekode</b>	<b>Kr.</b>
ACCF/ACCS111	16	IURI 211	12	IURI 213	12
BMAN111	12	IURI 172	8	IURI 311	12
ECON111	12	IURI 272	8	IURI 273	8
IURI 111	12	IURI 174	8	IURI 274	8
IURI 171	8	<b>KIES twee uit:</b> ACCF211, BMAN211 or ECON211 (H)	16	IURI 373	8
IURI 173	8			IURI 412	12
				<b>KIES een uit:</b> BMAN311 ECON311 ACCF311 (H)	
<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>68</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>68</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>76</b>
<b>JAARVLAK 1</b>		<b>JAARVLAK 2</b>		<b>JAARVLAK 3</b>	
<b>Tweede semester</b>		<b>Tweede semester</b>		<b>Tweede semester</b>	
<b>Modulekode</b>	<b>Kr.</b>	<b>Modulekode</b>	<b>Kr.</b>	<b>Modulekode</b>	<b>Kr.</b>
AGLA/E 121	12	IURI 121	12	IURI 222	12
ACCF121/ACCS121	16	IURI 221	12	IURI 223	12
BMAN121	12	IURI 172	8	IURI 273	8
ECON121	12	IURI 174	8	IURI 274	8
WISN123 / STTN122	12	IURI 272	8	IURI 373	8
IURI 171	8	<b>KIES twee uit:</b> BMAN221 or ECON221 or ACCF221 (H)	16	<b>KIES een uit:</b> BMAN321 ECON321 ACCF321 (H)	
IURI 173	8				
<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>80</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>80</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>64</b>
<b>Totaal Jaarvlak 1</b>	<b>148</b>	<b>Totaal Jaarvlak 2</b>	<b>148</b>	<b>Totaal Jaarvlak 3</b>	<b>140</b>
<b>Totale krediete vir die kurrikulum</b>					<b>436</b>

## **R.1.10 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (M PHIL)**

Die LL M/M Phil is 'n kwalifikasie wat daarop gemik is om gevorderde navorsingsvaardigheid te ontwikkel. Die grade kan behaal word óf deur die skryf van 'n verhandeling óf deur 'n skripsie te skryf asook vraestelle af te lê in die modules voorgeskryf vir 'n gestructureerde kwalifikasie in Arbeidsreg, Boedelreg, In- en Uitvoerreg, Omgewingsreg en -beheer of Vergelykende Kinderreg.

### **R.1.10.1 Duur (minimum en maksimum duur)**

- a) Die studietylperk strek oor minstens een studiejaar. Binne twee jaar na registrasie moet 'n student aan al die vereistes vir die graad LL M/M Phil voldoen. Indien 'n student die studie na twee jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur Nagraadse Programme kan egter tot h' verlenging van die tydperk instem na oorweging van:
  - b) die vordering wat reeds deur die student gemaak is;
  - c) die waarskynlikheid dat die studente dit wel in een jaar sal voltooi;
  - d) of die onderwerp van die studie of van die voorgenome verhandeling of werkstuk nog sinvol en relevant is;
  - e) of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en
  - f) of die studieleier nog beskikbaar is.
- g) Die sluitingsdatum vir aansoeke vir gestructureerde en verhandelings LL M /M Phil is 30 November van die voorafgaande jaar.
- h) Die sluitingsdatum vir registrasie vir gestructureerde en verhandelings LL M /M Phil is 31 Januarie van die daaropvolgende jaar.
- i) Voltydse LL M/M Phil-studente en studente wat hul graadstudies die betrokke jaar wil voltooi moet hulle navorsingsvoorstelle vir verhandelings en skripsies voor 30 Junie indien.

### **R.1.10.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie**

- a) Om toelating tot die LL M-studie te verkry, moet 'n student voldoen aan die vereistes wat hierdie of enige ander Suid-Afrikaanse universiteit vir die graad LL B stel. 'n Student wat oor 'n ander vierjarige regssgraad van hierdie of 'n ander universiteit beskik kan aansoek doen om toelating tot die LL M-graad. Sodanige student moet voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykservaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur Nagraadse programme voorlê.
- b) 'n Evaluasiesertifikaat soos uitgereik deur die "South African Qualifications Authority" (SAQA) moet aansoeke vergesel indien die kwalifikasie(s) in die buitenland verwerf is. Indien nodig, moet 'n student bewys lewer van vaardigheid in Engels (TOEFL-rekenaar-gebaseerde toets).
- c) Die Direkteur Nagraadse programme kan voorts vereis dat 'n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.
- d) Van 'n student wat die graad LL M wil verwerf in 'n module wat nie vir die graad LL B geneem is of waarin swak gepresteer is, kan 'n

toelatingseksamen in die betrokke module deur die Direkteur Nagraadse programme voorgeskryf word.

- e) In die geval van die LL M Boedelbeplanning word dit verder van 'n student verwag om bewys te lewer dat 'n kursus in voorgraadse Belastingreg of 'n ekwivalente module by 'n ander Suid-Afrikaanse Universiteit geslaag is. Uitsonderings onderhewig aan die goedkeuring van die Direkteur Nagraadse Programme kan toegestaan word.
- f) Om toelating tot die M Phil in Omgewingsreg en -beheer te verkry, kan 'n student wat oor 'n vierjarige universiteitsgraad beskik aansoek doen om toelating tot die M Phil in Omgewingsreg en -beheer. Sodanige student moet eers die volgende voorgraadse modules (of module-ekwivalente by 'n ander Suid-Afrikaanse Universiteit) geslaag het: Inleiding tot die Reg; Sakereg; Staatsreg; Administratiefreg en Omgewingsreg. Daar kan voorts van die student verwag word om voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykservaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur Nagraadse Programme voor te lê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.
- g) Voornemende studente in die LL M in Vergelykende Kinderreg kan vooraf aan 'n keuringsprosedures onderwerp word en daar kan voor toelating onderhoude met studente gevoer word om sy/haar vermoë om die LL M studie te voltooи, vas te stel. Nuwe aansoek vir dié graad word slegs aanvaar indien die Direkteur Nagraadse Programme van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan. Studente kan ook aan 'n taalvaardigheidstoets onderwerp word.
- h) Die LL M programme en keusemodules in programme word slegs aangebied indien die Direkteur Nagraadse Programme van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan.
- i) Studente kan slegs vir 'n navorsingsonderwerp in enige regsmodule registreer indien die Direkteur Nagraadse Programme van oordeel is dat voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die fakulteit beskikbaar is.
- j) 'n Student kan slegs nie-graad doeleindes vir 'n LL M module registreer indien voldoende bewys gelewer kan word dat voorafgaande kennis op NKR-vlak 8 verwerf is.

#### R.1.10.3

#### Kwalifikasies uitkomste

Na voltooiing van hierdie program moet die student oor die volgende beskik:

- a) omvattende en sistematiese kennis in 'n bepaalde vakgebied en die vermoë om die kennis toe te pas;
- b) 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied, ten einde huidige navorsing op hierdie gebied kritis te evalueer, en aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem;
- c) gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, kritis te ontleed en te sintetiseer; oor oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer en die inligting aan spesialis asook nie-spesialis gehore deur die doeltreffende gebruik van die toepaslike tegnologie oor te dra; en

- d) die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evalueer en toe te pas.

**R.1.10.4 Fakulteitspesifieke reëls vir kwalifikasie**

**R.1.10.4.1 Eksaminering**

**R.1.10.4.1.1 LL M verwerf deur navorsing en die skryf van 'n verhandeling**

- a) Ten einde toelating tot die skryf van die verhandeling te verwerf, moet 'n student 'n eksamen slaag in 'n kernmodule en twee addisionele modules soos deur die studieleier in oorleg met die Direkteur Nagraadse Programme bepaal. Die evaluering van die studente geskied by wyse van 'n mondelinge assessorering voor 'n paneel wat deur die Direkteur Nagraadse Programme aangewys is en waarvan ten minste een lid 'n deskundige moet wees wat nie in diens van die Universiteit is nie. Die studente kan ook versoek dat die evaluering by wyse van vraestelle of ander skriftelike werkstukke gedoen word, in welke geval die vraestelle en werkstukke eksterne gemodereer moet word.
- b) 'n Student werk onder toesig van 'n studieleier soos goedgekeur deur die Direkteur Nagraadse Programme en Fakultetsraad.
- c) Studente moet ook seminare in die module Navorsingsmetodologie bywoon en ten minste 50% vir die werkstukke en praktiese aanbiedings verwerf.
- d) As riglyn vir die omvang van die verhandeling word 120 A4 bladsye getik in 12 pt. Arial lettergrootte met 1½ spasiëring gestel. Wesenlike afwyking hiervan moet voor indiening vir eksaminering deur die Direkteur Nagraadse Programme goedgekeur word aan die hand van die vraag of dit in die besondere geval gepas is. Studente moet aan die voorgeskrewe verwysingstyl van die Fakulteit voldoen. Sien die Stylvereistes by [http://www.nwu.ac.za/af/webfm\\_send/57124](http://www.nwu.ac.za/af/webfm_send/57124).
- e) Studente moet aan die vereistes van Akademiese Reëls 4.4.2 voldoen.
- f) Om toelating tot die skryf van 'n verhandeling te verkry, moet die studente 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier saamstel en aan die Direkteur Nagraadse Programme en Fakultetsraad voorlê vir goedkeuring.
- g) Die verhandeling moet voor indiening elektronies aan die administratiewe beampete van die Fakulteit deurgegee word. Die Turnitin-verslag wat gegeneer word moet saam met die verhandeling ingedien word.
- h) Daar kan ook van 'n student verwag word om 'n artikel te skryf vir indiening vir publikasie as 'n volledige artikel in 'n geakkrediteerde regstydskrif.
- i) Die eksaminering van die verhandeling geskied volgens die voorskrifte vervat in die Akademiese Reëls 4.4.4..
- j) Die verhandeling moet taalversorg word en 'n sertifikaat van die taalversorger moet aangeheg word.
- k) Die verhandeling word geassesseer deur 'n interne eksaminator (wat nie by studieleiding betrokke is nie) en 'n eksterne eksaminator wat nie aan die Universiteit verbonde is nie. Die finale punt van die verhandeling is die gemiddeld van die twee eksaminatore se punte. Na beoordeling van die eksaminatorverslae het die Navorsingseenheid 'n diskresie om ander objektiewe kriteria toe te pas.

- I) 'n Verhandeling of skripsie mag slegs een keer na die student terugverwys word en na grondige verwerking weer vir eksaminering ingedien word. (Verwys na die Akademiese Reël 4.4.4.8.)
- m) Die studies van 'n student kan getermineer word indien die student in gebreke bly om aan die fakulteitsreëls te voldoen, die maksimum duur van die studietydperk oorskry en reeds 'n waarskuwing van die fakulteit ontvang het. (Verwys na die Akademiese Reël 4.4.11.1.)
- n) 'n Student wat ontevrede is met enige aspek van die studieleiding wat 'n studieleier aan die student gegee het, kan dit skriftelik onder die Direkteur Nagraadse Programme se aandag bring. Die Direkteur Nagraadse Programme moet die student skriftelik antwoord voordat 'n verhandeling of skripsie vir eksaminering ingedien word.

#### R.1.10.4.1.2 Gestruktureerde LL M / M Phil

- a) Benewens die skryf van 'n skripsie, word assessering in elk van die modules in die program van die betrokke gestruktureerde LL M/M Phil by wyse van geskrewe vraestelle of mondelinge assessering afgeneem.
- b) Die student moet in die vraestelle of mondelinge assessering demonstreer dat hy/sy op 'n gevorderde vlak:
- c) die toepaslike raamwerk, waardes en beginsels kan vasstel en wetenskaplik daarmee kan omgaan; en
- d) die toepaslike regsreëls wetenskaplik kan navors en op feitesituasies kan toepas.
- e) Studente moet werkstukke wat aan die navorsings- en stylvereistes van die Fakulteit voldoen, voltooi. Die punte van die werkstukke vorm deel van die modulepunt wat behaal word. Die punte verwerf vir die werkstukke maak 25% uit van die finale punt wat vir die module behaal word.
- f) 'n Student werk onder toesig van 'n studieleier soos benoem en goedgekeur deur die Direkteur Nagraadse Programme en Fakulteitsraad.
- g) Om toelating tot die skryf van 'n skripsie te verkry, moet die student die module Navorsingsmetodologie suksesvol voltooi en 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier aan die Direkteur Nagraadse Programme en Fakulteitsraad voorlê en voordra.
- h) Die skripsie moet voor indiening elektronies aan die administratiewe beampete van die Fakulteit deurgegee word. Die Turnitin-verslag wat gegeneere word moet saam met die skripsie ingedien word.
- i) Die student moet 'n skripsie skryf met 'n inhoud van ten minste 60 bladsye (A4, 1½ reëlpasiëring, Arial 12 pt.).
- j) Daar kan ook van 'n student verwag word om 'n artikel te skryf vir indiening vir publikasie as 'n volledige artikel in 'n geakkrediteerde regstydskrif.
- k) Die skripsie moet taalversorg word en 'n sertifikaat van die taalversorger moet aangeheg word.
- l) Die skripsie word deur 'n interne eksaminator (wat nie by die studieleiding betrokke was nie) en 'n eksterne eksaminator geassesseer. Die finale punt van die skripsie is die gemiddeld van die twee eksaminatore se punte. Na

beoordeling van die eksaminatorverslae het die Navorsingseenheid 'n diskresie om ander objektiewe kriteria toe te pas.

- m) Studente moet in elke werkstuk 50% behaal ten einde toelating tot die eksamen te verkry.
- n) Die eksamensubminimum van LL M/M Phil modules is 50%.
- o) Alle eksamenantwoordstelle word deur een interne en een eksterne moderator gemodereer.
- p) By die berekening van die finale punt vir die graad word 50% toegeken vir die navorsingsverslag, 25% vir die navorsingswerkstukke en 25% vir die punte behaal in die eksamenvraestelle. (Sien ook ten opsigte van Arbeidsreg s) en R1.10.5.2.1 – en Vergelykende Kinderreg R1.10.5.2.5.) Studente met 'n finale punt van 75% slaag die graad met lof.
- q) 'n Skripsie mag slegs een keer na die student terugverwys word en na grondige verwerking weer vir eksaminering ingedien word (verwys na Algemene Reël 4.4.4.8).
- r) Die studies van 'n student kan beëindig word indien die student in gebreke bly om aan die fakultetsreëls te voldoen, die maksimum duur van die studietydperk oorskry en reeds 'n waarskuwing van die fakulteit ontvang het (verwys na Akademiese Reël 4.4.11).
- s) LL M Arbeidsreg – Die finale punte vir die graad word soos volg bereken: 60% van die punte toegeken vir die skripsie, 20% van die punte toegeken vir die navorsingsopdragte, 20% van die punte toegeken in die finale module eksamens.

#### R.1.10.5 Programme vir die LL M / M Phil graad

##### R.1.10.5.1 LL M deur navorsing en die skryf van 'n verhandeling

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n verhandeling oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur Nagraadse Programme voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is. Studente moet ook die gespreksbyeenkomste van die module Navorsingsmetodologie bywoon, die werkstukke in die module suksesvol voltooi en slaag asook aan praktiese aanbiedings deelneem.

##### R.1.10.5.1.1 Samestelling van kurrikulum Magister Legum (604 104)

Kies een van die volgende modules:

Modulekode	Module kode	Beskrywende naam	Krediete
R826P	LVIA 871	Internasionale Aspekte van die Reg	180
R827P	LVPE 871	Perspektiewe op die Reg	180
R828P	LVTB 871	Handel- en Besigheidsreg	180
R829P	LVPR 871	Privaatreg	180
R830P	LVCL 871	Staatsreg	180
R831P	LVFL 871	Formele Reg	180
R832P	LVLP 871	Regsprofessie	180
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>			<b>180</b>

#### R.1.10.5.2 Gestruktureerde LL M / M Phil

Indien daar nie voldoende belangstelling vir 'n keusemodule is nie, kan die Direkteur Nagraadse Programme besluit dat die betrokke module nie dié betrokke jaar aangebied word nie. Die Direkteur het die diskresie om goed gemotiveerde skriftelike aansoeke van studente te oorweeg wat vir 'n keusemodule uit 'n ander LL M program wil registreer.

##### R.1.10.5.2.1 Samestelling van kurrikulum – LL M in Arbeidsreg (R810P)

Die program word uit die volgende verpligte modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
LMLL 811	Individuele Arbeidsreg	20
LMLL 812	Kollektiewe Arbeidsreg en Geskilbeslewing	20
LMLL 821	Volke- en Vergelykende Arbeidsreg	20
LMLL 822	Sosiale Sekerheid, Beroepsgesondheid en -veiligheidsreg	20
LMLL 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	100
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

##### R.1.10.5.2.2 Samestelling van kurrikulum – LL M in Boedelreg (R823P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
LLMB 881	Boedelbeplanningsreg	22
LLMB 882	Belastingreg	20
LLMB 883	Sakereg en Eiendomswetgewing	16
LLMB 884	Gevorderde Huweliksgoedere- en Erfreg	16
LLMB 885	Finansiële Beplanningsreg	16
LLMB 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

#### R.1.10.5.2.3 Samestelling van kurrikulum – LL M in In- en Uitvoerreg (R824P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
	<b>Verpligte modules</b>	
LLMI 895	Internasionale Betalingsinstrumente en Waarborgs	18
LLMI 886	Internasionale Kontraktereg	18
LLMI 887	Internasionale Vervoerreg	18
LLMI 894	Doeane en Aksynsreg	18
LLMI 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
<b>Krediettotaal vir die modules</b>		<b>162</b>
	<b>Kies een van die volgende modules</b>	
LLMI 896	Oorgrens Insolvenciesiereg en Internasionale Oordrag van Tegnologie	18
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg	18
LLMI 888	Internasionale Privaatreg en Aspekte van Versekeringsreg	18
LLMI 892	Internasionale Kommersiële Arbitrasie	18
LLMI 893	Internasionale Belastingreg	18
<b>Krediettotaal vir die modules</b>		<b>18</b>
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

#### R.1.10.5.2.4 Samestelling van kurrikulum–LL M in Omgewingsreg en -beheer (R821P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Verpligte modules</b>		
LLMO 881	Suid-Afrikaanse Omgewing- en Beplanningsreg	36
LLMO 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
<b>Krediettotaal vir die modules</b>		<b>126</b>
<b>Kies drie (3) van die volgende modules</b>		
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg	18
LLMO 883	Regionale Omgewingsreg	18
LLMO 884	Administratiefreg	18
LLMO 885	Plaaslike Owerheid- en Omgewingsreg	18
LLMO 886	Beroepsgesondheid en –Veiligheidsreg	18
LLMO 887	Klimaatsveranderingsreg en –beheer	18
<b>Krediettotaal vir die modules</b>		<b>54</b>
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>		<b>180</b>

#### R.1.10.5.2.5 Samestelling van kurrikulum – LL M in Vergelykende Kinderreg (R807P)

'n Nuwe kurrikulum R808P faseer in vanaf 2014. Studente ingeskryf vir die huidige kurrikulum sal hul kwalifikasie volgens kurrikulum R807 voltooi.

Die program word slegs voltyds en in Engels aangebied. Sekere modules word net by die Justus Liebig Universiteit, Giessen, Duitsland aangebied. Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode-R807P	Beskrywende naam: P=Potchefstroom &G=Giessen	Kr
LLMC 811	Comparative Child and Family Law – part 1 (P)	16
LLMC 812	International Family Law – Transborder Issues part 1(P)	16
LLMC 813	Comparative Social Justice (P)	32
LLMC 821	Comparative Child and Family Law – part 2 (G)	16
LLMC 822	International Family Law – Immigration Law part 2(G)	16
LLMC 824	International Children's Human Rights (G)	16
LLMC 825	Juvenile Criminal Justice (G)	16
LLMC 826	Comparative Research Methodology and Dissertation (P&G)	60
LLMC 817	Internship (P&G)	8
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>		<b>196</b>

#### R.1.10.5.2.6 Samestelling van kurrikulum – LL M in Vergelykende Kinderreg (R808P)

Die program word slegs in Engels aangebied. Alle nuwe studente regstreer vir hierdie kurrikulum vanaf 2014.

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode R808P	Beskrywende naam	Krediete
<b>Semester 1</b>		
LLMC 814	Comparative Child and Family Law	16
LLMC 815	International Family Law – <i>capita selecta</i>	16
LLMC 816	Comparative Social Justice	24
LLMC 818	Intership	8
<b>Semester 2</b>		
LLMC 827	International Children's Human Rights – <i>capita selecta</i>	16
LLMC 828	International Juvenile Criminal Justice	16
LLMC 874	Research Methodology and mini-dissertation	100
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>		<b>196</b>

#### 1.10.5.2.6.1 Interne assesering

- Behalwe vir die skryf van 'n skripsi sal assessering in elk van die modules in die program by wyse van 'n skriftelike eksamen of mondelinge eksamen afgeneem word.
- Deelname van studente in 'n module word gemoniteer by wyse van: opdragte wat aan die stylvereistes van die fakulteit asook die SAQAvlakbeskrywings vir meestersgraadprogramme moet voldoen; en deur groepbesprekings en mondelinge voordrage, welke besprekings en voordrage professioneel aangebied moet word ook met die gebruikmaking van relevante tegnologie.
- Die punte wat aan opdragte toegeken is word in aanmerking geneem om die finale punt vir die module te bepaal.
- Die punte behaal vir opdragte in kurrikulum R807P tel 33% by tot die finale punt vir die module. In kurrikulum R808P tel die punte behaal vir opdragte 25%.
- Ten einde toelating te verkry om 'n skripsi te skryf moet die student 'n module in navorsingsmetodiek voltooи en, in konsultasie met sy of haar toesighouer, 'n bevredigende navorsingsvoorstel vir die relevante fakulteitsrade aanbied.
- Die skripsi moet, in die eksamineerders se mening, gepas wees vir publikasie as 'n vollengte artikel in 'n geakkrediteerde of erkende regstydskrif.
- Die finale punt vir die graad word soos volg bereken by kurrikulum R807P: 34% van die punte toegeken vir die skripsi, 33% van die punte toegeken

vir die navorsingsopdragte, en 33% van die punte toegeken in die finale module eksamens. By kurrikulum R808P, 25% vir die navorsingsopdragte, 25% in die finale module-eksamens en 50% vir die skripsie.

#### **1.10.5.2.6.2 Eksterne assesering**

'n Eksterne moderator in die veld van die spesifieke module word aangestel. Die eksterne moderator modereer beide die eksamenvraestel en memorandum/merkiglyn sowel as die eksamenskrifte van die studente. Die werkplan of studiegids sowel as die memorandum of merkiglyn word aan die eksterne eksamineerdeur beskikbaar gemaak.

Die eksamenskrifte word binne een week gemodereer en aan die programleiers teruggestuur vir hersiening. Die proses is gepas met inagneming van die wyse van aanbieding aangesien 'n deskundige van 'n ander universiteit en/of instelling sal bevestig dat die punt toegeken korrek is, of die punt sal bevraagteken, binne die toegelate tyd. Die skripsie sal op dieselfde wyse gemodereer word. By die Noord-wes Universiteit mag toesighouers nie by die assessering van die skripsie betrokke wees nie.

#### **R.1.10.5.2.7 Samestelling van kurrikulum – M Phil in Omgewingsreg en -beheer (R822P)**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
<b>Verpligte modules</b>		
LLMO 881	Suid-Afrikaanse Omgewing- en Beplanningsreg	36
LLMO 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
OMBO 878	Omgewingsbestuur *	40
<b>Krediettotaal vir die modules</b>		<b>166</b>
<b>Kies een van die volgende modules</b>		
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg	18
LLMO 883	Regionale Omgewingsreg	18
LLMO 885	Plaaslike Owerheid en Omgewingsreg	18
LLMO 886	Beroepsgesondheid en –Veiligheidsreg	18
LLMO 887	Klimaatsveranderingsreg en -beheer	18
<b>Krediettotaal vir die modules</b>		<b>18</b>
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>		<b>184</b>

\* Die module Omgewingsbestuur word al om die tweede jaar aangebied. Die volgende aanbieding is in 2015.

### R.1.10.6 Lys van LL M modules

Modulekode	Beskrywende Naam	Voor-vereistes	Krediete
LVIA 871	Internasionale Aspekte van die Reg		180
LVPE 871	Perspektiewe op die Reg		180
LVTB 871	Handel- en Besigheidsreg		180
LVPR 871	Privaatreg		180
LVCL 871	Staatsreg		180
LVFL 871	Formele Reg		180
LVLP 871	Regsprofessie		180
LMLL 811	Individuele Arbeidsreg		20
LMLL 812	Kollektiewe Arbeidsreg en Geskilbeslegting		20
LMLL 821	Volke- en Vergelykende Arbeidsreg		20
LMLL 822	Sosiale Sekerheid, Beroepsgesondheid en-Veiligheidsreg		20
LMLL 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		100
LLMB 881	Boedelbeplanningsreg		22
LLMB 882	Belastingreg	JURE 313	20
LLMB 883	Sakereg en Eiendomswetgewing		16
LLMB 884	Gevorderde Huweliksgoedere- en Erfreg		16
LLMB 885	Finansiële Beplanningsreg		16
LLMB 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		90
LLMI 895	Internasionale Betalingsinstrumente en Waarborgé		18
LLMI 886	Internasionale Kontraktereg		18
LLMI 887	Internasionale Vervoerreg		18
LLMI 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		90
LLMI 896	Oorgrens Insolvensiereg en Internasionale Oordrag van Tegnologie		18
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg		18
LLMI 888	Internasionale Privaatreg en Aspekte van Versekeringsreg		18
LLMI 892	Internasionale Kommersiële Arbitrasie		18
LLMI 893	Internasionale Belastingreg		18
LLMI 894	Doeane en Aksynsreg		18
LLMO 881	Suid-Afrikaanse Omgewings- en Beplanningsreg		36
LLMO 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		90
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg		18
LLMO 883	Regionale Omgewingsreg		18
LLMO 884	Administratiefreg		18
LLMO 885	Plaaslike Owerheids- en Omgewingsreg		18
LLMO 886	Beroepsgesondheid en -Veiligheidsreg		18
LLMO 887	Klimaatsveranderingreg en -beheer		18
OMBO 878	Omgewingsbestuur 11		40
LLMC 814	Comparative Child and Family Law		16
LLMC 815	International Family Law- <i>capita selecta</i>		16
LLMC 816	Comparative Social Justice		24
LLMC 827	International Children's Human Rights- <i>capita selecta</i>		16
LLMC 828	International Juvenile Criminal Justice		16
LLMC 874	Research Methodology and mini-dissertation		100
LLMC 818	Internship		8

## **R.1.11 REËLS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D)**

### **R.1.11.1 LL D verwerf deur die skryf van 'n proefskrif**

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n proefskrif oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur: Nagraadse Programme voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is. Daar word aanbeveel dat studente die kontaksessies van module Navorsingsmetodologie bywoon. Studente moet hul navorsingsvoorstel aan die Fakulteit voordra.

### **R.1.11.2 Duur (minimum en maksimum duur)**

- a) Die studietylperk strek oor minstens twee studiejare. Binne vier jaar na registrasie moet 'n student aan al die vereistes vir die graad LL D voldoen. Indien 'n student die studie na vier jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur Nagraadse Programme kan egter tot 'n verlenging van die tydperk instem na oorweging van:
  - die vordering wat reeds gemaak is;
  - die waarskynlikheid dat die studente dit wel in een jaar sal voltooi;
  - die vraag of die oorspronklike motivering nie reeds verval het nie;
  - die vraag of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en
  - die vraag of die promotor nog beskikbaar is.
- b) Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November van die voorafgaande jaar.
- c) Die sluitingsdatum vir registrasie is 31 Januarie van die daaropvolgende jaar.
- d) Voltydse LLD studente moet die navorsingsvoorstelle vir hul proefskrif in die eerste jaar van registrasie voor 30 November indien.

### **R.1.11.3 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie**

- a) Om toelating tot die LL D-studie te verkry, moet 'n student oor 'n LL M-graad van hierdie of 'n ander Suid-Afrikaanse universiteit beskik of oor die status van sodanige magistergraad wat deur die Senaat op versoek verleen kan word. Voorts kan die Direkteur Nagraadse programme vereis dat 'n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid moet voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.
- b) Die student moet met aansoek tot toelating 'n twee (2) bladsy voorlopige navorsingsvoorstel indien om voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding in die Fakulteit te bepaal of bestaan en/of 'n promotor aan te wys.
- c) 'n Evaluasiesertifikaat soos uitgereik deur die "South African Qualifications Authority" (SAQA) moet 'n toelatingsaansoek vergesel indien 'n kwalifikasie(s) in die buiteland verwerf is. Indien nodig, moet 'n student bewys lever van vaardigheid in Engels (TOEFL-rekenaar-gebaseerde toets).

### **R.1.11.4 Eksamining**

- a) Ten einde toelating tot die skryf van 'n proefskrif te verwerf, moet 'n student 'n eksamen slaag oor 'n kernmodule en twee addisionele modules wat deur die

promotor in oorleg met die Direkteur Nagraadse Programme vir die spesifieke studie voorgeskryf is. Die evaluering van die studente geskied voor 'n paneel wat soos volg saamgestel is: dekaan en/of Direkteur Nagraadse Programme (*ex officio*), twee interne lede van die Fakulteit en/of Universiteit en twee eksterne kundiges van buite die Universiteit.

- b) 'n Student kan op versoek van die vereiste mondelinge eksamen genoem in
  - (a) deur die Direkteur Nagraadse Programme vrygestel word op grond van bevredigende bewyse dat 'n vergelykbare en toepaslike eksamen deur die student afgelê is ter voorbereiding van die verwerking van die LLM of na assessorering van die student se vorige leer en/of praktykervaring.
- c) 'n Proefskrif word ooreenkomsdig die toepaslike bepalings van die Algemene Reëls geëksamineer deur een interne eksaminator nie by studieleiding betrokke nie en twee eksterne eksaminatore soos goedgekeur deur die Direkteur Nagraadse Programme en die Fakulteitsraad.
- d) Die proefskrif moet voor indiening elektronies aan die administratiewe beampete van die Fakulteit deurgegee word. Die Turnitin-verslag wat gegenereer word moet saam met die proefskrif ingedien word.
- e) Die proefskrif moet taalversorg word en 'n sertifikaat van die taalversorger moet aangeheg word.
- f) Die eksaminering van die proefskrif geskied volgens die voorskrifte vervat in die Akademiese Reëls 5.4.
- g) 'n Kandidaat moet in die loop van die doktorale studie 'n publikasie oor 'n onderwerp wat met die tema van die proefskrif verband hou vir plasing in 'n regswetenskaplike tydskrif of vakkundige werk tot die bevrediging van die promotor voorberei en vir publikasie aanbied voordat die proefskrif vir eksaminering ingedien mag word.

#### R.1.11.5 Beëindiging van studies

Die studies van 'n student kan beëindig word indien die student in gebreke bly om aan die fakulteitsreëls te voldoen, die maksimum duur van die studietydperk oorskry en reeds 'n waarskuwing van die fakulteit ontvang het.

#### R.1.11.6 Kwalifikasie uitkomste

Na afloop van die studie kan 'n LL D-student die volgende uitkomste demonstreer:

- a) omvattende en sistematiese kennis in 'n bepaalde vakgebied en die vermoë om die kennis toe te pas;
- b) bewys van bemeestering van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;
- c) 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied, ten einde huidige navorsing op hierdie gebied kritis te evaluer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;
- d) gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde inligting met betrekking tot vraagstukke in die vakgebied te identifiseer,

krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;

- e) die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die regsgebied krities te evalueer en toe te pas;
- f) die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die regsgebied te lewer, en om dit deur 'n proefskrif wat aan internasionale standarde voldoen kan te kommunikeer.

#### R.1.11.7      Samestelling van die kurrikulum Doctor Legum (605 104)

Modulekode	Module kode	Beskrywende naam	Krediete
R906P	LVIA 971	Internasionale Aspekte van die Reg	360
R907P	LVPE 971	Perspektiewe op die Reg	360
R908P	LVTB 971	Handels- en Besigheidsreg	360
R909P	LVPR 971	Privaatreg	360
R910P	LVCL 971	Staatsreg	360
R911P	LVFL 971	Formele Reg	360
R912P	LVLP 971	Regsprofessie	360
<b>Krediettotaal vir die kurrikulum</b>			<b>360</b>

## R.2 MODULE UITKOMSTE

### R.2.1 MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT REGTE

Modulekode: IURI 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Personereg		
Module uitkomste:		
Na afhandeling van die module Personereg moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"><li>• fundamentele kennis en 'n ingeligte begrip van die Personereg, met spesifieke verwysing na:<ul style="list-style-type: none"><li>○ die regsubjektiwiteit van natuurlike en regspersone;</li><li>○ die belangrike terme, reëls, konsepte, algemene beginsels en teorieë;</li><li>○ grondwetlike bepalings, doelwitte en waardes in terme waarvan die tradisionele Personereg geëvalueer, ontwikkel en omskep moet word;</li><li>○ die mees resente en moderne ontwikkelinge met betrekking tot die personereg;</li><li>○ die verhouding tussen die personereg en ander gebiede van regstudie.</li></ul></li><li>• 'n vermoë om individueel of in groepe die kennis op 'n analise van 'n gegewe feitestel toe te pas en die formulering van oplossings of aanpassings van oplossings toe te pas;</li><li>• 'n vermoë om die konsepte, beginsels en reëls van die Personereg vanuit 'n diverse verskeidenheid van bronne, in besonder regsspraak, wetgewing, handboeke en tydskrifartikels, te vind, te identifiseer en te ontrek en in 'n relevante konteks toe te pas;</li><li>• 'n vermoë om individueel of in 'n groep geskrewe en/of mondelinge argumente oor die konsepte, beginsels en reëls van die Personereg aan te bied ten einde 'n begrip van die relevante konsepte, beginsels en reëls oor die huidige regdebate rakende die familie en kinders te demonstreer;</li><li>• verantwoordelikheid vir die monitor van eie leervordering en die toepassing van relevante leerstrategieë en die bestuur van hulpbronne ten einde alle uitkomste van hierdie module suksesvol te realiseer.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: IURI121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Inheemse Reg		
Module uitkomste:		
Na afhandeling van die module Inheemse reg moet die student die volgende demonstreer:		
<ul style="list-style-type: none"><li>• kennis en 'n ingeligte begrip van die terme, konsepte, beginsels, aspekte en teorieë relevant tot die veld van Inheemse reg, met spesifieke verwysing na:<ul style="list-style-type: none"><li>○ die inleiding en agtergrond tot regspluralisme en Afrika gewoontereg</li><li>○ algemene beginsels van personereg en familiereg</li><li>○ algemene beginsels van erfreg</li><li>○ algemene beginsels van sakereg en kontraktereg</li><li>○ deliktereg</li></ul></li><li>• begrip van die oorsprong en ontwikkeling van kennis binne die veld van Inheemse reg met die oog daarop om Afrika inheemse regstreëls met die reëls in ander regstelsels te vergelyk;</li><li>• die vermoë om standaard metodes van basiese navorsing te kies, te beplan, te implementeer en te bestuur deur die versameling, interpretasie en sintetisering van regsmateriaal ten einde probleme wat met 'n aspek geïdentifiseer vanuit die veld van Inheemse reg verband hou, op te los;</li><li>• die vermoë om roetine en nuwe probleme wat in bekende kontekste met Inheemse reg verband hou, te onderskei, te evalueer en op te los en die oplossings toe te pas ten einde vordering in die praktiseer van praktiese regprobleme te ondersteun;</li><li>• vermoë om as deel van 'n groep/span te funksioneer en gepaste bydraes te maak ten einde 'n begrip van die relevante regdebate rakende inheemse regstreëls suksesvol te</li></ul>		

- demonstreer, mede-verantwoordelikheid vir die leervordering en uitkomste-realisering van die groep te neem ten einde waardevolle en gepaste inligting tot die suksesvolle afhandeling van die taak by te dra; en
- aangesien die module oor diverse kulture handel, professionele en etiese gedrag binne 'n akademiese en discipline-verwante omgewing met sensitiwiteit teenoor gemeenskaps- en kulturele oorwegings.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> IURI 171	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Inleiding tot die Reg

**Module uitkomste:**

Na afhandeling van die module Inleiding tot die Reg moet die student die volgende demonstreer:

- kennis en 'n ingeligte begrip van die reg oor die algemeen, perspektiewe op regsterminologie, regsprosesse, bronne van die Suid-Afrikaanse reg, klassifikasie van die Suid-Afrikaanse reg, hofstrukture, grondwetlike ontwikkelinge, die oplos van regsprobleme en die verkryging en aanwending van regsbronne tydens basiese navorsingsaktiwiteite;
- die reeks vaardighede nodig om regte in die Suid-Afrikaanse, regionale en internasionale konteks te bestudeer en te praktiseer;
- die vermoë om standaard regsinligting, -bronne, -prosesse en -beginsels, asook 'n kombinasie van regsvaardighede, te kies, te implementeer en te bestuur ten einde basiese, geïntegreerde werklike en/of hipotetiese regsprobleme in die Suid-Afrikaanse konteks deur die gebruik van effektiewe studie-, lees-, skryf-, verbale kommunikasie, syfer- en kritiese denkvaardighede op te los met spesifieke verwysing na sosiale geregtigheid, menseregte, burgerskap en professionele gedrag.
- basiese navorsingsvaardighede soos die verkryging, nagaan, analisering en opsom van regsinligting vanuit verskeie regsbronne, asook die vermoë om navorsingsbevindings akkuraat en op 'n samehangende manier en met inbegrip van kopiereg beskerming en die reëls oor plagiaat via verskillende tegnologieë en media, beide verbaal en nie-verbaal, te kommunikeer;
- die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en gepaste bydraes te maak deur die gebruik van verskeie standaard regsvaardighede ten einde take en projekte suksesvol te voltooi, mede-verantwoordelikheid vir leerprosesse te neem en die realisering van gesamentlike doelwitte; en
- monitor en reflektereer oor eie leervordering en implementeer leerstrategieë ten einde leer te bevorder en die fondasie vir verdere regstudie en lewenslange toepassing en ontwikkeling van vaardighede te lê.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure

Toetse en werkstukke — gewig: 60%

Semestereksem — gewig 40%

<b>Modulekode:</b> IURI 172	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg

**Module uitkomste:**

Na afhandeling van die module Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg moet die student die volgende demonstreer:

- kennis en 'n ingeligte begrip van a) die eksterne en interne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg, b) die verskillende bronne van kennis relevant tot die Suid-Afrikaanse reg en c) die manier waarop kennis in hierdie veld ontwikkel het;
- die vermoë om standaard reëls en metodes te kies, te beplan, te implementeer en te bestuur ten einde relevante probleme binne die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg op te los;

- die vermoë om roetine dissipline-relevante probleme in bekende kontekste te onderskei en op te los;
- basiese navorsingsvaardighede soos die verkryging en nagaan van inligting vanuit verskeie bronne, analisering en opsom van sleutel regskonsepte, asook die vermoë om bevindings akkuraat en op 'n samehangende manier, met begrip van kopiereg en die reëls van plagiaat, via verskillende tegnologieë en media te kommunikeer, hetsy verbaal of nie-verbaal;
- die vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en gepaste bydraes te maak deur die gebruik van verskeie standaard regsvaardighede ten einde take en projekte suksesvol te voltooi, mede-verantwoordelikheid vir leerprosesse te neem en die realisering van gesamentlike doelwitte; en
- monitor en reflekteer oor eie leervordering en implementeer leerstrategieë ten einde leer te bevorder en die fondasie vir verdere regstudie te lê en lewenslange toepassing en ontwikkeling van vaardighede.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> IURI 173	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Familiereg

**Module uitkomste:**

Na afhandeling van die module Familiereg moet die student die volgende demonstreer:

- ingeligte en sistematiese kennis, samehangende begrip van en die vermoë om die beginsels van Familiereg korrek toe te pas met spesifieke verwysing na:
  - die wettige vereistes vir 'n huwelik;
  - die onveranderlike gevolge van 'n huwelik;
  - die veranderlike gevolge van 'n huwelik;
  - wettige voorskrifte rakende egskeiding en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding; en
  - die ouer-kind verhouding.
- 'n vermoë om kennis op die analyse van 'n gegewe feitestel toe te pas en die formulering van oplossings van aanpassings van oplossings, hetsy individueel of in groepe;
- 'n vermoë om regargumente te kies, te evalueer en te formuleer en verkrygde kennis op praktiese Familiereg probleme toe te pas;
- 'n vermoë om enige gekose feitestel te analyseer, die konsepte te onttrek en regsmateriaal (die Grondwet, wetgewing,regspraak en akademiese opinie) krities te evalueer; en
- 'n vermoë om geskrewe en/of mondelinge argumente oor die konsepte en beginsels van Familiereg aan te bied, hetsy individueel of in 'n groep, ten einde 'n begrip van die relevante regskonteste rakende die familie en kinders te demonstreer.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> IURI 174	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Taalvaardigheid in die Regskonteks I

**Module uitkomste:**

Na voltooiing van Taalvaardighede in Regskonteks Vlak 5 sal die student die volgende demonstreer:

- Kennis en 'n ingeligte begrip van, en die vermoë om spraakleer in Engels en Afrikaans of Tswana (soos van toepassing) toe te pas;
- Kennis en 'n ingeligte begrip van verskillende skryfstyle en leesvaardighede van toepassing in die regskonteks;
- Vermoë om 'n hibride van leesbegripsvaardighede (insluitende vertalingsvaardighede) te selekteer en toe te pas in die onderskeiding van, analyseer van, interpreteer van en kritiese evaluering van verskillende tekste;
- Vermoë om duidelik en logies te kommunikeer en/of krities te argumenteer oor 'n

- regskwessie, -vraag of -probleem, in skrif, ooreenkomsdig die Regsfakulteit se stylvereistes, op 'n akkurate, effektiewe en samehangende manier, met inbegrip van die reëls van plagiaat;
- Vermoë om as deel van 'n groep te funksioneer en gepaste bydrae te maak deur die gebruik van meerderes regsf- en taalvaardighede ten einde skriftelike en ander kommunikasie take en projekte suksesvol te voltooi, en mede-verantwoordelikheid te neem vir die aanleer van taalvaardighede en die realisering van kollektiewe doelwitte; en
  - Monitor en reflekteroor eie leerprosesse, aanleer van verskillende taalvaardighede en die gebruik van relevante leerstrategieë en lees ten einde die vermoë om mondeling en skriftelik te kommunikeer te verbeter, en om 'n fondasie vir die regspraktyk en lewenslange toepassing en ontwikkeling van taalvaardighede te lê.
  - Kennis van en die vermoë om uitgebreide woordeskot in Engels en Afrikaans of Tswana (soos van toepassing) effekief en korrek te gebruik.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure 1:1

**Modulekode:** IURI 211

**Semester 1**

**NKR-vlak:** 6

**Titel:** Strafreg: Algemene Beginsels

**Module uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module moet u daartoe in staat wees om die volgende te demonstreer:

- gedetailleerde kennis en begrip van die algemene beginsels van Strafreg met spesifieke verwysing na:  
die plek van Strafreg in die regssysteem;  
die geskiedenis en bronre van Strafreg;  
strafteorieë;  
die algemene elemente van 'n misdryf;  
deelname in misdaad;  
poging, sameswering en uitlokking; sowel as 'n begrip van hoe hierdie kennis relevant is binne die verskillende velde van Strafreg.
- begrip van die oorsprong en ontwikkeling van kennis en 'n kritiese begrip van die leerskole en vorme van verduideliking in die velde van Strafreg;
- probleemplossingsvaardighede deur kritiese analise, inligtingverkryging, evaluering van verkrygte inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir welgedefinieerde, maar onbekende regsworante probleme;
- vermoë om inligting in 'n geskrewe en verbale formaat te kommunikeer, op 'n samehangende wyse, wat gepas is tot hierdie vlak van studie en die aanvaarbare verwysingsstyl by wyse van gepaste tegnologie, op 'n etiese en waardegedrewe manier; die vermoë om as 'n groepslid en 'n groepsleier op te tree en gepaste inligting/vaardighede by te dra ten einde 'n projek suksesvol te voltooi, die sukses van die taakvoltooiing teen gepaste kriteria te meet en om medeverantwoordelikheid vir die groep se leerprosesse en uitkomste-realisering in die verskillende velde van Strafreg te neem.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure 1:1

**Modulekode:** IURI 212

**Semester 1**

**NKR-vlak:** 6

**Titel:** Staatsreg

**Module uitkomste:**

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module, behoort die student die volgende te demonstreer:

- gedetailleerde kennis en ingeligte begrip van feite, beginsels en teorieë verwant tot die veld van Publiekreg, en 'n begrip van die veld se relevansie tot regspraktyk, oor die algemeen, en Staatsreg, in besonder;
- begrip van die oorsprong en ontwikkeling van kennis binne die veld van Staatsreg en kritiese begrip van verskillende benaderings en praktyke in die skep van sulke kennis en

waarom dit relevant is tot huidige Staatsregpraktyke;

- die vermoë om fundamentele probleme in 'n onbekende konteks van Staatsreg te identifiseer, te analyseer en op te los deur bewyse te versamel en logiese oplossings toe te pas, en terselfdertyd teoretiese bewyse vir die gepastheid van sodanige oplossings te verskaf;
- 'n bewusstheid en begrip van die etiese implikasies van besluite, optrede en praktyke wat spesifiek tot die veld van Staatsreg relevant is,
- die vermoë om komplekse vertolkings van regskwessies verwant tot die veld van Staatsreg aan te bied en te kommunikeer in 'n akkurate en samehangende geskrewe en verbale formaat, met inbegrip van en respek vir immateriële goedere konvensies, kopiereg en reëls rakende plagiaat;
- die vermoë om waardevolle en gepaste inligting of vaardighede tot die suksesvolle voltooiing van 'n projek verwant tot die praktyk van Staatsreg by te dra, en om as 'n groepleier gedurende bepaalde stadia van projekvoltooiing op te tree, die sukses van die groep se taakvoltooiing teen gepaste kriteria te meet en om medeverantwoordelikheid vir die groep se leervordering en uitkomste-realisering te neem; en
- 'n vermoë om eie leervordering te monitor en relevante redenering- en vertolkingsstrategieë toe te pas wanneer die regsinhoud in bekende en nuwe hulpbronne bemeester word ten einde alle uitkomste van die module Staatsreg suksesvol te realiseer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

Modulekode: IURI 213	Semester 1	NKR-vlak: 6
----------------------	------------	-------------

Titel: Regsinterpretasie

Module uitkomste:

Na voltooiing van wetsuitleg sal die student die volgende demonstreer:

- gedetailleerde kennis en begrip van die plek, rol, gesag en status van wetgewing, die gemenerig en gewoontereg as bronne van die reg onderworpe aan 'n oppermagtige grondwet;
- gedetailleerde kennis en begrip van die konsepte, teorieë, metodes, strategieë en benaderings relevant tot die veld van wetsuitleg en grondwetlike uitleg;
- 'n begrip van die etiese implikasies van regsbenaderings tot wetsuitleg;
- dissipline-spesifieke metodes en tegnieke van wetenskaplike ondersoek en inligtingverkryging oor wetsuitleg vanuit wetgewing, regsspraak, beleidsdokumente en ander relevante dissipline-verwante bronne en sodanige inligting analyseer, evalueer en sintetiseer en u gevolgtrekkings/navorsing binne 'n gegewe konteks in die veld van wetsuitleg toe te pas;
- die akkurate en samehangende geskrewe en verbale kommunikeer van werksopdragte verwant tot die bemeesterding van vertolkende regsvaardighede, hetsy individueel of binne 'n groepskonteks, met inbegrip van en respek vir immateriële goedere konvensies, kopiereg en reëls rakende plagiaat; en
- 'n vermoë om die eie bemeesterding van wetsuitlegvaardighede en die gebruik van gepaste hulpbronne te monitor ten einde die suksesvolle realisering van hierdie module se uitkomste te verseker.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

Modulekode: IURI 221	Semester 2	NKR-vlak: 6
----------------------	------------	-------------

Titel: Strafreg: Besondere Misdade

Module uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstreer:

- gedetailleerde kennis en begrip van Strafreg met spesifieke verwysing na die beginsels wat 'n keuse van spesifieke misdrywe teen die staat, persoonlike en liggaamlike vryheid of integriteit, en misdrywe teen die vermoë reguleer;

- die korrekte toepassing van terminologie spesifiek tot Strafreg en die interne styl van kommunikasie, in geskrewe en verbale aanbiedings by wyse van gepaste tegnologie en eties gegrondte en waardegedrewe argumente inkorporeer;
- vaardigheid in die analyseer van misdrywe in terme van die gemeenregtelike of statutêre Strafreg, sowel as in die keuse van en toepassing van die relevante statutêre en gemeenregtelike reëls en beginsels waarbinne die staat die daders van wederregtelike, blaamwaardige handelinge en lates, wat spesifieke misdrywe in 'n bepaalde konteks uitmaak, skuldig bevind en straf, in gegewe feitestelle;
- probleemoplossingsvaardighede deur die analyseer van feitestelle en die formulering van oplossings met verwysing na gepaste regsspraak en wetgewende bepaling in die praktyk van Strafreg; en
- deelname aan groepsbesprekings of –projekte ten einde pertinente probleme rakende die veld van spesifieke misdrywe, met inagneming van etiese en gegrondte waardes, op te los.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> IURI 222	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak:</b> 6
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Arbeidsreg

Module uitkomste:

Na voltooiing van die Arbeidsreg module behoort die student die volgende te demonstreer:

- 'n gedetailleerde kennis en begrip van die beginsels van Arbeidsreg en verwante konsepte of reëls/beginsels rakende die dienskontrak, procedures vereis deur wetgewende voorskrifte, die individuele en kollektiewe arbeidsverhoudinge en invloed van die Grondwet op hierdie veld van studie;
- 'n begrip van die oorsprong en historiese ontwikkeling van kennis binne die veld van Arbeidsreg en 'n kritiese begrip van verskillende leerskole en konsepte binne die veld van Arbeidsreg en die relevansie daarvan tot die hedendaagse praktyk van Arbeidsreg;
- die vermoë om regsbeginsels te kies, te evaluateer en toe te pas ten einde fundamentele probleme in 'n welgedefinieerde omgewing in die veld van Arbeidsreg op te los;
- die vermoë om arbeidsverwante probleme in onbekende kontekste te onderskei en op te los en oplossings aan te bied ten einde vordering in die praktyk van Arbeidsreg te ondersteun, en die etiese implikasies van besluite, optrede en prakteke wat spesifiek tot hierdie praktyksveld relevant is, te verstaan;
- dissipline-spesifieke metodes en tegnieke van wetenskaplike ondersoek van relevante bronre, wat tot 'n evaluering en sintetisering van relevante inligting en logiese gevolgtrekkings en aanbevelings binne 'n gegewe konteks in die veld van Arbeidsreg lei; en
- om individueel of as lid van 'n groep, inligting en regsbargumente in 'n akkurate en samehangende geskrewe en verbale formaat, via gepaste media, met inbegrip van en respekte vir immateriële goedere konvensies, kopiereg en reëls rakende plagiaat, aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> IURI 223	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak:</b> 6
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Fundamentele Regte

Module uitkomste:

Na voltooiing van Fundamentele regte behoort studente die volgende te demonstreer:

- gedetailleerde kennis en begrip van sleuteltermie, -konsepte, -beginsels, reëls en teorieë relevant tot die velde van internasionale menseregte en Suid-Afrikaanse fundamentele regte, onderskeidelik, en 'n begrip van hoe daardie kennis en verskillende teorieë rakende

<p>fundamentele regte met tyd ontwikkel het ten einderegspraktyk soos ons dit vandag ken, in te lig;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die vermoë om Suid-Afrikaanse fundamenteleregsverwante probleme in onbekende kontekste te onderskei, te analyseer en op te los, en sodanige oplossings toe te pas ten einde die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse fundamentele regskultuur te ondersteun en terselfertyd die etiese implikasies verwant tot die implementering van daardie oplossings in praktyk, te verstaan;</li> <li>om individueel en as leier van 'n groep nagevorsde en korrek-vertolkde inligting in 'n geskrewe of verbale formaat, met inbegrip van en respek vir immateriële goedere konvensies, kopiereg en reëls rakende plagiaat, via gepaste tegnologie te kommunikeer, sowel as die vermoë om effektiewe leer- en self-monitering strategieë toe te pas om hulpbronne te bestuur ten einde werksopdragte relevant tot die veld van Fundamentele regte in die Suid-Afrikaanse konteks, op te los.</li> </ul>
--

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

Modulekode: IURI 271	Jaarmodule	NKR-vlak: 6
Titel: Strafprosesreg		

Module uitkomste:

Na voltooiing van die Strafprosesreg module sal die student die volgende demonstreer:

- 'n uitvoerige kennis en begrip van die Strafprosesreg, die vermoë om begrippe, teorieë beginsels en die reëls van die Strafprosesreg toe te pas, asook 'n begrip van die manier waarop die kennis van hierdie dissipline binne ander relevante gebiede van die reg toepassing vind;
- die vermoë die voorskrifte van die Strafproseswet, Child Justice Act, ander wetgewing en die gemene reg oordeelkundig te selekteer ten einde fundamentele probleme in 'n omskou omgewing op die gebied van die Strafprosesreg op te los;
- 'n begrip van die etiese gevolge van besluite, gedrag en praktyke wat verband hou met die voorbereiding vir en gedrag tydens die strafverhoor;
- die akkurate en samehangende geskrewe en mondelinge kommunikasie van beginsels, reëls en probleemplossings deur die voorbereiding van dokumente vir strafverhore en appèlverhore en die skryf van regsonspynies en geskrewe antwoorde op evaluerings met begrip en respek vir immaterieelgoedere-konvensies, kopiereg en die reëls rakende plagiaat; en
- die vermoë om die eie leerontwikkeling teen gegewe kriteria te moniteer en te evaluateer, taak-spesifieke leerbehoeftes in 'n goed omskou verband met toepaslike leer-strategieë aan te spreek en die verantwoordelikheid te aanvaar vir die gebruik van toepaslike studiebronne ten einde uitkomste suksesvol te kan bereik

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

Modulekode: IURI 272	Jaarmodule	NKR-vlak: 6
Titel: Sakereg		

Module uitkomste:

Na voltooiing van Sakereg behoort die student die volgende te demonstreer:

- gedetailleerde kennis en begrip van die verhouding tussen 'n persoon en sy/haar bates in verhouding tot die aard van die bates en oorsprong, gevolge, grondwetlike implikasies en beëindiging van die verhouding, en 'n begrip van hoe daardie kennis verband hou binne die verskillende velde in dieselfde dissipline;
- die vermoë om standaard reëls en metodes relevant tot die verkryging en beskerming van eienskapskap, besit, houerskap en beperkte saaklike regte te kies, te evaluateer en met oordeel toe te pas ten einde fundamentele probleme in 'n welgedefinieerde omgewing binne die veld van sakereg, op te los;
- die vermoë om eiendomsverwante probleme in onbekende kontekste te onderskei en op

- te los en die oplossings toe te pas ten einde vordering in die praktyk van sakereg te ondersteun;
- dissipline-spesifieke metodes en tegnieke van wetenskaplike ondersoek en inligtingverkryging oor sakereg en verwante dissiplines van hierdie studiejaar vanuit relevante dissipline-verwante bronne, en die inligting te analyseer, te evaluateer en te sintetiseer en u gevolgtrekkings/navorsing op 'n gegewe konteks binne die veld van sakereg toe te pas;
  - akkurate en samehangende geskrewe en verbale kommunikeer van individuele en groepstake en –projekte met inbegrip van en respek vir immateriële goedere konvensies, kopiereg en reëls rakende plagiaat.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> IURI 273	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak:</b> 6
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Deliktereg

Module uitkomste:

Na voltooiing van Deliktereg sal die student die volgende demonstreer:

- 'n gedetailleerde kennis en begrip van die beginsels van die Deliktereg, omstandighede waaronder delikte en deliktuele aksies ontstaan, die vereistes vir aanspreeklikheid en beëindiging van deliktuele aanspreeklikheid, spesifieke delikte, assessering en kwantifisering van skade en die verskillenderegsremedies beskikbaar binne die privaatrede en nuwe grondwetlike orde en 'n begrip van hoe daardie kennis binne die verskillende veldes in dieselfde dissiplines verband hou;
- 'n begrip van die oorsprong en historiese ontwikkeling van kennis binne die veld van Deliktereg en 'n kritiese begrip van die tipiese leerskole en vorme van verduideliking van Deliktereg en hoe hierdie met die praktyk verband hou;
- die vermoë om daardie standaardmetodes om fundamentele deliktuele probleme in 'n welgedefinieerde omgewing en binne onbekende kontekste te onderskei en op te los, te kies, te evaluateer en met goeie oordeel toe te pas, en om oplossing te verskaf ten einde vordering in die praktyk van Deliktereg te ondersteun;
- 'n begrip van die etiese implikasies van besluite, optrede en prakteke wat spesifiek tot die Deliktereg relevant is, met verwysing na die aard van 'n delik en die plek daarvan in die regsysteem; die onderskeid tussen 'n delik, kontrakbreuk en strafregtelike sanksies; die historiese ontwikkeling van deliktuele aanspreeklikheid; en die invloed van die grondwetlike Handves van Regte op die Deliktereg;
- dissipline-spesifieke metodes en tegnieke van wetenskaplike ondersoek en inligtingverkryging oor vakverwante temas vanuit relevante dissipline-verwante bronne, en die inligting te analyseer, te evaluateer en te sintetiseer en gevolgtrekkings/navorsing op 'n gegewe konteks in die veld van Deliktereg, toe pas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> IURI 274	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak:</b> 6
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Taalvaardighede in Regskonteks II

Module uitkomste:

Na voltooiing van Taalvaardighede in Regskonteks Vlak 6 sal die student die volgende demonstreer:

- Gedetailleerde kennis en begrip van die teorie van effektiewe kommunikasie en kommunikasie modelle soos in die regssprofessionele van toepassing;
- Vermoe om navorsing ooreenkomsdig geselekteerde metodologieë te doen en logies-vloeiende en samehangende regstekste (insluitende opstelle en regssopinies), wat aan professionele taal- (spelling, spreektaal) en formateringstandarde voldoen, op te stel (skryf);

- Begrip van die praktyk van duidelike en logiese verbale kommunikasie;
- Vermoë om duidelik en logies te kommunikeer en/of krities te argumenteer oor 'n regskwessie, -vraag of -probleem, in skrif, ooreenkomsdig die Regsfakulteit se stylvereistes, via verskillende tegnologieë en media, in 'n akkurate, effektiewe en samehangende manier, met inbegrip van die reëls oor plagiaat;
- Vermoë om as 'n groep te funksioneer en gepaste bydrae te maak deur die gebruik van meerdereregs- en taalvaardighede ten einde skriftelike en ander kommunikasie take en projekte suksesvol te voltooi, mede-verantwoordelikheid te neem vir die bemeesterung van taalvaardighede en die realisering van kollektiewe doelwitte; en
- Monitor en reflektereer oor eie leerprosesse, aanleer van verskillende taalvaardighede en gebruik van relevante leerstrategieë en lees ten einde die vermoë om mondeling en in skrif te kommunikeer te verbeter, en die fondasie vir regspraktyk en lewenslange toepassing en ontwikkeling van taalvaardighede te lê.
- Kennis van en die vermoë om uitgebreide woordeskate in Engels en Afrikaans of Tswana (soos van toepassing) effektief en korrek te gebruik.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode: JURI 311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Landdroshofprosesreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van Landdroshofprosesreg asook die vernaamste verwante velde daarvan en 'n gedetailleerde kennis aangaande die jurisdiksie van die Landdroshof betreffende persone en aard van die eis, uitbreiding en beperking van jurisdiksie, <i>Locus standi in iudicio</i>, siviele prosedure, betekenis van hof- en ander regsdokumente, berekening van <i>dies induciae</i>, beskikbare opsies vir 'n verweerde en respondent, die voorbereiding vir 'n siviele verhoor, die verhoorprosedure wat gevolg moet word en die vonnis van 'n Landdroshof;</li> <li>• samehangende en kritiese begrip van terme, konsepte, reëls, prosedures en beginsels onderliggend aan die Landdroshof kan aantoon in alle werkzaamhede en kommunikasies;</li> <li>• 'n vermoë om met onbekende konkrete en abstrakte probleme vervat in feitestelle vanuit onbekende kontekste te handel deur die gebruik van teoriegedrewe argumente en getuienisgebaseerde oplossings; en</li> <li>• die vermoë van opstelling, aanbieding/voordrag en toon van kommunikasie-vaardighede in die voorbereiding, opstel en aanbieding van goed gestrukteerde regsgeldige menings/argumente en hof- of ander regsdokumente (bogenoemde), deur die gebruik van toepaslike tegnologie en tegnieke, eties geloofwaardig en waardegedrewe.</li> </ul>		

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode: JURI 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë om afgeronde en sistematiese kennis van die Substantiewe Reg op alle tersaaklike en praktiese aspekte van Regspraktyk en die regsberoep toe te pas;</li> <li>• praktiese vaardighede betreffende konsultasie met kliënte, die opstel van brieve, pleitstukke en saak-analising, asook navorsingsvaardighede aangaande die inwin van noodsaklike inligting;</li> <li>• die vermoë om die vaardighede wat in JURI 122 (Regsvaardighede) verwerf is, toe te pas om sodende die substantiewe reëls effektief te selekteer om op 'n verskeidenheid gevalle te kan toepas;</li> </ul>		

- deeglike, kritiese begrip van Regsetiek en die toepassing daarvan in die praktyk; en
- die vermoë om op effektiewe wyse die basiese beroepsvaardighede binne 'n kriminele verhoor-milieu gebaseer op werklikheidsverwante sake/probleme toe te pas, ondersteun deur die nodige tegnologiese hulpmiddels.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> JURI 313	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Regsfilosofie

Module uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n deeglik afgeronde en sistematiese kennis van die terminologie van Regsfilosofie en verskillende teoretiese benaderings tot die reg en regstudie, met besondere verwysing na:
  - Westerse Regsfilosofiese benaderings
  - Regsfilosofiese debatte uit die twintigste eeu
  - Huidige Regsfilosofiese vraagstukke
- die vermoë om verskillende beskouings krities te vergelyk en om eie idees rakende die kwessies te formuleer;
- die vermoë om noodsaaklike inligting te bekom vir die oplos van 'n probleem of om kwessies of onderwerpe in die Regsfilosofie te kan ontleed en evalueer; en
- die vermoë om oplossings vir probleme te kan oordra en om eie beskouings en idees doeltreffend op verskillende wyses te kan oordra.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure

Toetse en werkstukke — gewig: 40%

Semestereksamen — gewig 60%

<b>Modulekode:</b> JURI 314	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Bewysreg

Module uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n vakkundige en gespesialiseerde kennis van die reëls van die bewysreg, in die besonder van die volgende aspekte:
  - die wyse waarop die geskilpunte in 'n saak vasgestel word;
  - die toelaatbaarheid van bewysmateriaal;
  - die toelaatbaarheid van getuenis wat op 'n onbehoorlike wyse verkry is;
  - die relevansie van getuenis;
  - die uitsluitingsreëls.
- 'n duidelike begrip van die reëls, begrippe en beginsels van die bewysreg en dat hulle die vermoë het om dit te kan toepas by die oplossing van probleemstelle;
- die vermoë om onbekende, konkrete en abstrakte feitestelle krities te analiseer en om behoorlik gestruktureerde, teoreties begronde, waardegedrewe en eties korrekte oplossings aan die hand te doen;
- die vaardighede om, individueel of in groepe, inligting uit verskeie bronne in te samel, dit te verwerk en dit in mondelinge of skriftelike formaat (met inagneming van die huisstijl) weer te gee;
- die vermoë om oplossings waarin sy/haar eie idees en opinies weergegee word, of enige ander inligting, op 'n professionele wyse in akademiese gesprekke te kan kommunikeer; en die vermoë om sy/haar eie werk te evalueer en dienooreenkomsdig te reageer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> JURI 315	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Kontraktereg

**Module uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module moet studente beskik oor:

- 'n goed afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die kontraktereg;
- die vermoë om 'n feitestel te analyseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer;
- die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en
- die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitlike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> JURI 316	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Volkereg

**Module uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis van die aard, geskiedenis, en bronne van die Volkereg en die verhouding tussen die Volkereg en die munisipale reg; die funksionering van die staat as subjek van die Volkereg insluitende die kriteria vir staatskap, staatsgebied, en die erkenning van state en regerings; jurisdisie en internasionale misdade insluitende die gronde vir jurisdisie, immunitet van jurisdisie, internasionale beskerming van menseregte, die behandeling van vreemdelinge en vlugtelinge, en uitlewering; die rol van internasionale en regionale organisasies in die beredding van konflikte en die handhawing van internasionale en regionale vrede en veiligheid;
- die vermoë om teoretiese en praktiese vraagstukke in komplekse feitestelle krities te analyseer deur die toepassing van die basiese terminologie, reëls, beginsels en teorieë van die Volkereg in die formulering van samehangende, gemotiveerde en waardegedrewe oplossings vir komplekse probleme in onbekende kontekste in hierdie studieveld;
- die vermoë om standpunt in te neem oor etiese vraagstukke onderliggend aan spesifieke aangeleenthede in die Volkereg; en
- die vermoë om regsnavoring te onderneem, relevante etiese en regsvraagstukke te identifiseer, voorgeskrewe en self-geïdentifiseerde materiaal krities te analyseer, kreatief te dink, individueel of in groepe regsgargumente samehangend, akkuraat en bondig te formuleer en aan te bied.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:** PK 3 ure 1:1

<b>Modulekode:</b> JURI 317	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Navorsingsmetodologie

**Module uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:

- Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

**Modulekode: FREN 121**

**Semester 2**

**NKR-Vlak: 5**

Titel: Frans vir beginners 2

Module-uitkomste:

By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees

- om bewys te lewer van 'n basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n beginnersvlak te kan uitdruk;
- om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf;
- om rekenaarvaardighede te gebruik om take uit te voer en om binne 'n eties aanvaarde raamwerk individueel of in groepe na te dink oor hul leer;
- om basiese kennis en bewusheid van die Franse kultuur en die alledaagse Franse gemeenskap te demonstreer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

• Toetse en werkstukke — gewig: 60%
• Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%
<b>Modulekode:</b> FREB111 <b>Semester 1</b> <b>NKR-Vlak:</b> 5
<b>Titel:</b> Sakefrans vir beginners 1
<b>Module-uitkomste:</b> By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees
<ul style="list-style-type: none"> <li>om bewys te lewer van basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf van dié taal om hulself sodoende te kan uitdruk in basiese sake- en algemene kontekste;</li> <li>om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf;</li> <li>om basiese dokumente wat betrekking het om hul spesialisasieveld te analyseer en te vertaal;</li> <li>om kulturele bewustheid, spesifiek in terme van die verskillende sakekontekste in Suid-Afrika en Franssprekende lande, te demonstreer in die uitvoer van kommunikatiewe take.</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>Toetse en werkstukke — gewig: 60%</li> <li>Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%</li> </ul>
<b>Modulekode:</b> FREB121 <b>Semester 2</b> <b>NKR-Vlak:</b> 5
<b>Titel:</b> Sakefrans vir beginners II
<b>Module-uitkomste:</b> By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees
<ul style="list-style-type: none"> <li>om bewys te lewer van basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf van dié taal om hulself sodoende te kan uitdruk in basiese sake- en algemene kontekste;</li> <li>om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf;</li> <li>om rekenaarvaardighede te gebruik om take uit te voer en om binne 'n eties aanvaarde raamwerk individueel of in groepe na te dink oor hul leer;</li> <li>om basiese dokumente wat betrekking het om hul spesialisasieveld te analyseer en te vertaal;</li> <li>om kulturele bewustheid, spesifiek in terme van die verskillende sakekontekste in Suid-Afrika en Franssprekende lande, te demonstreer in die uitvoer van kommunikatiewe take.</li> </ul>
<b>Metode van aflewering:</b> Voltyds
<b>Assesseringsmetodes:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>Toetse en werkstukke — gewig: 60%</li> <li>Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%</li> </ul>
<b>Modulekode:</b> GERM 111 <b>Semester 1</b> <b>NKR-Vlak:</b> 5
<b>Titel:</b> Duits elementêr 1
<b>Module-uitkomste:</b> Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om
<ul style="list-style-type: none"> <li>die basiese uitspraakreëls van Duits te verstaan;</li> <li>die basiese grammatiskreëls van Duits te verstaan en te kan toepas;</li> <li>oor 'n woordeskat op elementêre vlak te beskik;</li> <li>basiese uitdrukings op elementêre vlak te verstaan;</li> <li>analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan aanwend om eenvoudige tekste te kan lees en skryf;</li> <li>'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>

Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke – gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur – gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERM 121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
Titel: Duits elementêr 2		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• vertroud te wees met die basiese uitspraakreëls in Duits;</li> <li>• die basiese grammaticareëls in Duits te ken en kan toepas;</li> <li>• oor 'n basiese woordeskat te beskik;</li> <li>• basiese uitdrukings in Duits te verstaan;</li> <li>• 'n basiese gesprek in Duits op elementêre vlak te kan voer;</li> <li>• analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan toepas om eenvoudige en relevante tekste te kan lees, skryf en vertaal;</li> <li>• 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke – gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur – gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERB111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
Titel: Sakeduits Elementêr 1		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese uitspraakreëls van Duits te verstaan;</li> <li>• die basiese grammaticareëls van Duits te verstaan en kan toepas;</li> <li>• oor 'n woordeskat op elementêre vlak te beskik;</li> <li>• basiese uitdrukings op elementêre vlak te verstaan;</li> <li>• analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan aanwend om eenvoudige tekste te kan lees en skryf;</li> <li>• 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERB121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
Titel: Sakeduits Elementêr 2		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• vertroud te wees met die basiese uitspraakreëls in Duits;</li> <li>• die basiese grammaticareëls in Duits te ken en kan toepas;</li> <li>• oor 'n basiese woordeskat te beskik;</li> <li>• basiese uitdrukings in Duits te kan verstaan;</li> <li>• 'n basiese gesprek in Duits op elementêre vlak te kan voer;</li> <li>• hulle analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan toepas om eenvoudige en relevante tekste te kan lees, skryf en vertaal;</li> </ul>		

- |   |
|---|
| • 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;   |
| • inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin. |

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke - gewig: 60%

Semesterekseen 1X3 uur - gewig: 40%

<b>Modulekode: LATN 112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Latyn vir almal

Module uitkomste:

Die student moet in staat wees om:

- eenvoudige Latynse passasies te kan vertaal
- toepaslike woordeeskata te ken
- enkele buigingsvorme en grammaticale konstruksies in Latyn te kan herken
- Latynse frase te kan weergee
- Die Latynse oorsprong van Afrikaanse en Engelse woorde te herken
- geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat republiekinse tydperk te kan bespreek

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1x2 ure

<b>Modulekode: LATN 122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Regs- en Kerklatyn

Module uitkomste:

Die student moet in staat wees om:

- toepaslike Latynse tekste uit óf die Christelike óf die Regsliteratuur te kan vertaal
- verdere grammaticale buigingsvorme en grammaticale konstruksies wat in die gekose tekste voorkom te herken en te verduidelik
- toepaslike woordeeskata te ken
- grondige kennis te hê van regs- en kerkterminologie in Latyn
- geskiedkundige en oudheidkundige temas wat met die lewe en werke te doen het, uit die laat republiekinse tydperk te kan bespreek

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1x3 ure

<b>Modulekode: PHIL 111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
-----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Etiese Vraagstukke

Module-uitkomste:

Na afloop van hierdie module sal 'n student verskillende standpunte oor etiese vraagstukke kan evaluer omdat sy/hy

- 'n basiese kennis toon van die meta-etiiek (waaronder die verhouding tussen etiese handeling en wêreldbeskouing, etiese perspektiewe soos die deontologiese en teleologiese, en die aard van etiese handeling en etiese norme)
- vertroud is met toegepaste etiese temas en vraagstukke soos die etiek van doodmaak (aborsie, doodstraf, oorlog, geweld), die etiek van verhoudinge (vriendskap, seksualiteit, die huwelik), die etiek van diskriminasie (rassisme, seksisme, homoseksualiteit, xenofobie) en professionele etiek (mediese-, bestuurs- en wetenskapsetiek).

'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde

- minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening te vorm oor etiese kwessies,
  - toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak,
- en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.

Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: PHIL 121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
Titel: Denkvaardighede		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese kennis hê van maniere van analise en kritiese oordeel oor die logiese strukture en</li> <li>• die wêreldbeskoulike onderbou (w.o. 'n inleiding in die hermeneutiek, ideologiekritiek, transendentale kritiek ens.) van sy eie en ander se maniere van dink, argumenteer en kyk na die wêreld.</li> </ul>		
'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening oor argumente en denkpatrone te vorm,</li> <li>• toepassings van die kennisisbasis en eie siening te maak in die vorm van argumentsontleding en -kritiek,</li> </ul>		
en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: PHIL 211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Ontologie		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student 'n deeglike kennisisbasis hê van		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n filosofiese leer oor die aard van die werklikheid, waarin</li> <li>• die verhouding tussen wêreldeskouing en religie veral aandag kry, en waar</li> <li>• die konsekvensies van 'n breë kyk na die werklikheid vir aspekte van die werklikheid soos wetenskap en samelewing, duidelik word.</li> </ul>		
'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening oor die aard van die werklikheid te vorm,</li> <li>• toepassings van die kennisisbasis en eie siening te maak,</li> </ul>		
en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: PHIL 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Geskiedenis van die Filosofie		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om 'n deeglike kennisisbasis te demonstreer van idees, temas en denkers in die geskiedenis van die Westerse denke in die vorm van		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• óf 'n bespreking van temas in die ideëgeskiedenis (bv. rasionaliteit, natuur/kultuur, orde, kompetisie/konflik ens.),</li> <li>• óf 'n bespreking van tydperke (bv. die antieke Griekse, Middeleeue ens.), prominente figure (bv. Plato, Kant ens.) en temas (bv. die metafisika, etiek ens.) in die geskiedenis van die</li> </ul>		

filosofie.		
'n Student sal verder in staat wees om toepaslike vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te gebruik ten einde		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n samehangende eie siening te vorm vanuit 'n gevestigde wêreldbeskouing (bv. die Christelike perspektief) oor die idees en temas in die geskiedenis van die filosofie wat hy/sy bestudeer het,</li> <li>• toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak, en op tipies filosofiese wyse verslag te doen van haar/sy kennis, standpunte en toepassings.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: PHIL 311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Mens, Kennis en Samelewing		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende kennisbasis te toon van een of twee van die volgende filosofiese subdissiplines: die filosofiese antropologie, die kenteorie, wetenskapsfilosofie en/of die samelewingafilosofie.</li> </ul>		
'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te implementeer ten einde		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• hierdie temas te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldbeskouing,</li> <li>• hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld,</li> </ul>		
en op tipies filosofiese wyse 'n bewysgebaseerde verslag te skryf oor bevindinge.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: PHIL 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Kultuur en Moraliteit		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende kennisbasis te toon van een of twee van die volgende filosofiese subdissiplines: kultuurfilosofie en/of filosofiese etiek.</li> </ul>		
'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te implementeer ten einde		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• hierdie temas te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldbeskouing,</li> <li>• hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld,</li> <li>• en op tipies filosofiese wyse 'n bewysgebaseerde verslag te skryf oor bevindinge.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: PHIL 321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Taal, Godsdien, Kuns en Ekonomie		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende kennisbasis te toon van een of twee van die volgende filosofiese</li> </ul>		

subdissiplines: taalfilosofie, estetika, filosofie van die ekonomie en/of die godsdiensfilosofie.		
'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid toepaslike vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te gebruik ten einde		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• hierdie temas te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldebekouing,</li> <li>• hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld,</li> <li>• en op tipes filosofiese wyse 'n bewysgebaseerde verslag te skryf oor bevindinge.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: PHIL 322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Navorsingsprojek		
Module-uitkomste:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende kennisbasis te toon van 'n filosofiese teks wat deel vorm van die sogenaamde filosofiese kanon.</li> </ul>		
'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid vorme van filosofiese ondersoekmetodes en beredenering te implementeer, ten einde		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• standpunte binne hierdie teks te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldebekouing,</li> <li>• hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld, en op tipes filosofiese wyse bewysgebaseerde verslae te skryf oor bevindinge, waarvan een 'n omvattende verslag oor die voorgeskrewe teks is.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: POLI 112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
Titel: Inleiding tot Politieke Studie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n grondige kennis te beskik t.o.v. die bestudering van politiek, die oorsprong, ontwikkeling en funksie van die staat en die oorsprong van die demokratiese debat;</li> <li>• die sleutel konsepte, politiek, mag, gesag en legitimiteit te definieer;</li> <li>• 'n analitiese oorsig te kan gee oor die aard, omvang en benaderings tot moderne politieke ideologieë; en</li> <li>• rekenaartegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: POLI 123</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
Titel: Die Suid Afrikaanse politieke stelsel		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n grondige kennis te beskik t.o.v. die konteks van die kontemporêre Suid-Afrikaanse politiek, die struktuur en komponente van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en hul onderlinge verbande;</li> <li>• koöperatiewe regering te verduidelik;</li> <li>• konsepte soos beleidsformulering, politieke partye en politieke ekonomiese binne die Suid-</li> </ul>		

Afrikaanse konteks te verduidelik; en		
• rekenaar tegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: POLI 213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Vergelykende politiek		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
• oor 'n grondige kennis te beskik t.o.v. vergelykende politiek en om die basiese metodes van vergelyking te kan toepas;		
• die struktuur en veranderlikes van politieke stelsels te beskryf, te analyseer en te verduidelik;		
• verskilende verteenwoordigende politieke stelsels te vergelyk en te evaluateer; en		
• rekenaar-tegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: POLI 223</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Afrika-politiek		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
• oor 'n grondige kennis en begrip te beskik t.o.v. die koloniale en post-koloniale ervaring in Afrika;		
• die Politieke Ekonomie van gekose Afrika state te analyseer;		
• streek- en substreek-organisasies in Afrika te identifiseer, krities te evaluateer en hul relevansie te bespreek;		
• die plek van Afrika in die kontemporêre wêreld orde krities te analyseer; en		
• rekenaar-tegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: POLI 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Politieke Filosofie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
• oor 'n grondige en sistematiese kennis te beskik t.o.v. die belangrikste konsepte binne die kontemporêre liberale politieke filosofie;		
• die argumente binne die normatiewe politieke filosofie te evaluateer en toe te pas;		
• kritiese en konseptuele argumente toe te pas op bepaalde politieke instellings;		
• die sterke- en swakpunte van die verskillende benaderings binne politieke filosofie krities te evaluateer;		
• akademiese vaardighede, rekenaargeletterdheid, kritiese analyse, gestruktureerde argumentasie en 'n akademiese skryfstyl te gebruik binne die veld van politieke filosofie; en		
• rekenaar-tegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		

Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode:</b> POLI 322	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 7
Titel: Politieke deelname en interaksie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n afgeronde en sistematiese kennis te beskik t.o.v. die verskynsel van politieke kultuur en sosialisering;</li> <li>• die betekenis en impak van politieke kommunikasie en die verhouding tussen die legitimiteit van politieke instellings en politieke stabilitet te verstaan en dit krities te verduidelik;</li> <li>• die faktore wat openbare opinie in state beïnvloed te identifiseer en krities te bespreek;</li> <li>• die belangrikheid en betekenis van verteenwoordiging in demokrasieë asook die verskille in kiestelsels binne demokratiese lande te kan beskryf en analiseer;</li> <li>• politieke partye en hul funksies, sowel as die bydrae van belangtegroepes binne state krities te analiseer en te beskryf;</li> <li>• politieke verandering te vertaan as 'n multifasige proses wat geweld, terrorisme en revolusies kan insluit;</li> <li>• te begryp dat die vorme van geweld die voortsetting van politiek op ander wyses verteenwoordig;</li> <li>• die beleid van state as multidimensionele prosesse wat deur verskillende fases beweeg voor implementering, te verduidelik;</li> <li>• die verskillende teorieë aangaande besluitneming te bespreek en te verduidelik; en</li> <li>• rekenaartegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode:</b> SETM 111	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5
Titel: Geskiedenis van die Setswana-ortografie; kommunikasievaardighede		
Module-uitkomste:		
By voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ 'n Fundamentele kennis van die geskiedenis van die Setswana-ortografie, spelling en basiese konsepte van Setswanataalkunde te toon;</li> <li>▪ 'n Fundamentele kennis van verskillende tipes kommunikasie in Setswana te toon.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toetse en werkstukke — gewig: 60%</li> <li>• Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%</li> </ul>		
<b>Modulekode:</b> SETM 121	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5
Titel: Inleiding tot die taalkunde van Setswana, morfologie en tradisionele letterkunde		
Module-uitkomste:		
By voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ 'n Fundamentele kennis van die Setswana-woordklasse, hulle morfologiese komponente en sintaktiese gebruikte te kan toon;</li> <li>▪ 'n Fundamentele kennis van die tradisionele Setswana-letterkunde as basis van Ubuntu te kan toon;</li> <li>▪ 'n Fundamentele kennis van die eienskappe van die verskillende tipes tradisionele Setswana-letterkunde te kan toon.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toetse en werkstukke — gewig: 60%</li> </ul>		

• Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
<b>Modulekode: WVW 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Ken en verstaan die Gesondheidswêreld		
Module-uitkomste:		
By die voltooiing van hierdie module behoort studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n fundamentele kennisbasis van 'n seleksie van wêreldbekouinge en ideologieë te beskik, asook om jou begrip van hierdie wêreldbekouinge en ideologieë te demonstreer deur 'n vermoë te openbaar om die aard en funksie, sowel as verskillende kontemporêre manifestasies daarvan te kan vergelyk;</li> <li>• 'n begrip van gesondheid te hê en te onderskei tussen fortogene en patogene paradigmas op 'n metateoretiese, teoretiese en empiriese data vlak om sodoende die komplimentêre waarde van hierdie benaderings tot gesondheid te realiseer;</li> <li>• 'n basiese begrip van die gesondheidsdienste in Suid-Afrika te demonstreer en ook internasionale invloede in ag te neem;</li> <li>• 'n bewustheid te openbaar van gesondheidstendense en determinante, insluitend interne en eksterne risiko faktore, van individue, groepe en gemeenskappe;</li> <li>• die funksionering binne 'n multi- en transdissiplinêre-span oor multi-sektorale grense heen te verstaan met gemeenskaps-gesondheidsontwikkeling en menslike kapasiteitsbou as eindresultaat; en</li> <li>• 'n gesondheidsbevorderingprojek te beraam, beplan en implementeer deur die gebruik van 'n transdissiplinêre gevälstudie met gemeenskapsdeelname as sentrale tema</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Pk 1 x 2 uur 1 : 1		
<b>Modulekode: WVSS 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Verstaan die Sosiale en Politieke Wêreld		
Module-uitkomste:		
By die voltooiing van hierdie module behoort studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennisbasis te toon van 'n seleksie van wêreldbekouings en ideologieë, en hul vermoë tot kritiek en verstaan te demonstreer deur die aard en funksie, asook verskillende manifesteringe van hierdie wêreldbekouings en ideologieë te vergelyk;</li> <li>• die vermoë te toon om die interverwantskap van verskynsels in natuurlike en sosiale sisteme te verstaan, en vanuit hierdie basispunt werklike lewensprobleme of gevällestudies te analiseer en evalueer wat verband hou met die kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korrumptie, rassisme, vreemdelingehaat, ens.;</li> <li>• die vermoë te toon om hul persoonlike wêreldbekouing te artikuleer en te gebruik as 'n raamwerk van waaruit haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd op 'n tipiese akademiese wyse beargumenteer en gekommunikeer kan word</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toets en werkstukke — gewig: 50%</li> <li>• Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%</li> </ul>		
<b>Modulekode: WVCS 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Verstaan die Kulturele Wêreld		
Module-uitkomste:		
By die voltooiing van hierdie module behoort studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennisbasis te toon van 'n seleksie van wêreldbekouings en ideologieë, en hul vermoë tot kritiek en verstaan te demonstreer deur die aard en funksie, asook verskillende manifesteringe van hierdie wêreldbekouings en ideologieë te vergelyk;</li> <li>• die vermoë te toon om die interverwantskap van verskynsels in natuurlike en sosiale sisteme te verstaan, en vanuit hierdie basispunt werklike lewensprobleme of gevällestudies te analiseer en evalueer wat verband hou met die kernvraagstukke van</li> </ul>		

ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korruksie, rassisme, vreemdelinge-haat, ens.;		
• die vermoë te toon om hul persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as 'n raamwerk van waaruit haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd op 'n tipies akademiese wyse argumenteer en gekommunikeer kan word		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toetse en werkstukke — gewig: 50%</li> <li>• Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%</li> </ul>		
<b>Modulekode: WVES 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
Titel: Verstaan die Ekonomiese Wêreld		
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis te hê van 'n verskeidenheid wêreldbeskouings en ideologië en sy/haar kritiese verstaan daarvan te demonstreer deur die aard en funksie, sowel as die verskillende moderne/kontemporêre manifestasies van die wêrelbeskouings en ideologië te vergelyk;</li> <li>• die vermoë te hê om die verbande van fenomene soos dit in die natuurlike en sosiale sisteme voorkom te verstaan en vanuit sy/haar vertrekpunt, werklike lewensvraagstukke of gevalle studies te analiseer en evalueer, gebasseer op kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, voortdurende verandering, menseregte, HIV-VIGS, magsmisbruik, korruksie, rassisme, rasshaat, ens.;</li> <li>• sy/haar persoonlike wêreldbeskouing te kan oordra en dit te gebruik as 'n vertrekpunt om werkbare oplossings vir kernvraagstukke en probleme van ons tyd, op 'n tipies akademiese wyse te kan argumenteer en kommunikeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Formatief: 3 Klastoetse: gewig – 40		
Klasbywoning: gewig – 10		
Summatief: 1 x 2-uur Eksamens: gewig – 50		
Hierdie is 'n riglyn en is onderhewig aan verandering.		
<b>Modulekode: WVLS 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Taal- en Letterkunde Filosofie		
Module-uitkomste:		
By die voltooiing van hierdie module behoort studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n st ewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in taal en letterkunde en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellinge wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;</li> <li>• die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds en deeltyd		
Assesseringsmetodes:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toetse en werkstukke — gewig: 50%</li> <li>• Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%</li> </ul>		
<b>Modulekode: WVLS 313</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Kultuurfilosofie: kritiese perspektiewe op "mega-trends" in die hedendaagse kultuur		
Module-uitkomste:		
By die voltooiing van hierdie module behoort studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n st ewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in</li> </ul>		

<p>die hedendaagse kultuur en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analyseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyk gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.</li> </ul>
--

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

- Toetse en werkstukke — gewig: 50%
- Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%

**Modulekode: WVLS 314**

**Semester 1**

**NKR-Vlak: 7**

**Titel:** Mens en samelewing: kritiese perspektiewe op kontinuïteit en verandering/transformasie

Module-uitkomste:

By die voltooiing van hierdie module behoort studente

- 'n stevige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in die mens en sosiale wetenskappe en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;
- die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analyseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyk gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyd

Assesseringsmetodes:

- Toetse en werkstukke — gewig: 50%
- Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%

## R.2.3 MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

<b>Modulekode: PSYC 111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
<b>Titel:</b> Inleiding tot Psigologie:		
Module uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennissbasis van basiese menslike funksionering, insluitende biologiese, kognitiewe, emosionele en motiveringsprosesse, sowel as hulle samehang, menslike- en persoonlikheidsontwikkeling, en die wyse waarop dit vergestalt in abnormale gedrag en optimale menslike funksionering te demonstreer;</li> <li>• 'n begrip vir basiese aspekte van menslike funksionering in die self en ander mense in goed gedefinieerde situasies in die onderrigkonteks te kan demonstreer;</li> <li>• 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit vir basiese menslike funksionering in die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks te demonstreer, deur middel van 'n refleksiewe dagboek, sowel as die toepassing van relevante literatuur op 'n geïntegreerde wyse in 'n individuele, geskrewe opdrag en mondelinge plakkaat-voordrag.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes: PK 1x2 uur 1:1		
<b>Modulekode:</b> PSYC 121	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 5
Titel: Sosiale en Gemeenskappsigologie		
Module uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennis van en insig in die perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskappsigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van die konsepte en terminologieë te kan demonstreer sodat jy dit kan toepas op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmisbruik, korruksie, rassisme, vreemdelinge-haat, ensomeer, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang;</li> <li>• inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskappsigologie op individueel of in groepverband;</li> <li>• in staat te wees om gevallestudies, voorbeeld van probleemsituasies en oplossings, • individueel of in groepverband, te analiseer en te evalueer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate;</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstreer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 1x2 uur 1:1		
<b>Modulekode:</b> PSYC 211	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6
Titel: Ontwikkelingspsiglogie		
Module uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonbliekheidsonwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm;</li> <li>• 'n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kerterminologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsiglogie te kan demonstreer om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrekt te kan kommunikeer in assesseringsopdragte;</li> <li>• inligting oor menslike ontwikkeling kritis te kan evalueer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groepe, te kan oplos;</li> <li>• 'n deeglike begrip van akademiese diskonse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oor- populasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en ontoereikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het te verkry.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 1x3 uur 1:1		
<b>Modulekode:</b> PSYC 212	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak:</b> 6
Titel: Persoonlikheidpsigologie		
Module uitkomste:		
Die student sal in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstreer van verskillende, meta-teoretiese werklikheids en lewenstandpunte, wat relevant is aan menslike funksionering en</li> <li>• denkkraamwerke van persoonlikheid byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en ekosistemiese ;</li> <li>• in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidpsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie</li> </ul>		

- van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels;
- goedgedefinieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallestudies te kan analyseer deur die mees toepaslike procedures en tegnieke eie aan die persoonlikheidpsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklaar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/logiese en betroubare verslag.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1x3 uur 1:1

Modulekode: PSYC 221	Semester 2	NKR-Vlak: 6
----------------------	------------	-------------

Titel: Positiewe Psigologie

Module uitkomste:

Die student behoort in staat te wees om:

- n gevestigde kennisbasis van die skuiw van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid, Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstreer, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks;
- die vermoë demonstreer om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike procedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering;
- jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/Psigofortologie op moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiwiteit vir onder andere die kollektiwistiese en individualistiese waardesisteme.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1x3 uur 1:1

Modulekode: PSYC 311	Semester 1	NKR-Vlak: 7
----------------------	------------	-------------

Titel: Psigopatologie

Module uitkomste:

Die student behoort in staat te wees om:

- n afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese versteurings, in die konteks van 'n bio-psigososiale model, in'n multi-kulturele konteks te kan demonstreer b) en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefiniëerde en meer komplekse probleemsituasies soos voorkom in gevallestudies c) 'n begrip van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsorg;
- inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die afhandeling van skriftelike opdragte;
- in staat te wees om gevallestudies of voorbeeldige krities individueel en in groepsverband te kan analyseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begronding te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;
- in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteem en etiese gedragsskode te kan demonstreer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: PK 1x3 uur 1:1

<b>Modulekode: PSYC 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Navorsing en Psigometrie		
Module uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard en prosesse van psigologiese evaluering te verduidelik soos dit ingebed is in die verskillende perspektiewe op werklikheid en menslike funksionering;</li> <li>• die basiese eienskappe en tegniese vereistes van psigologiese toetse te ken, en te kan verduidelik en evaluateer (verbaal en skriftelik) hoe toetse en toetsnorms ontwikkel word;</li> <li>• die bruikbaarheid van psigologiese toetse te evaluateer aan die hand van hulle psigometriese eienskappe met in agneming van die etiese aspekte;</li> <li>• die beheer en die gebruik van assessoringsmeetmiddels te verduidelik in diverse populasies deur die gebruik van die gepaste standaarde en norme;</li> <li>• 'n samehangende en ingeligte begrip van die navorsingsproses te demonstreer vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing teen die agtergrond van die perspektiewe op die werklikheid;</li> <li>• inligting van beide virtuele en ander bronne onafhanklik te verkry en te sintetiseer vir die voltooiing van take soos werkopdragte en projekte;</li> <li>• navorsingsartikels krities te analyseer en evaluateer, 'n onafhanklike opinie te formuleer, gebaseer op stawende teorieë en 'n verslag te skryf, gebaseer op die APA konvensies.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes : PK 1x3 uur 1:1		
<b>Modulekode: PSYC 321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Basiese Hulpverlening en etiese gedrag		
Module uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis van 'n algemene model, die terapeutiese proses, tipiese hulpverleningsvaardighede, 'n paar geselekteerde toepassingsvelde (byvoorbeeld vigs-en post- traumatische stresvoorligting) en die etiese kode van hulpverlening te kan demonstreer en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte, beginsels en teorieë van die terrein te toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde komplekse probleemsituasies en etiese vraagstukke soos voorkom in gevallenstudies;</li> <li>• in staat te wees om gevallenstudies van voorbeeldlike krities individueel en in groepsverband te kan analyseer en 'n eie opinie gebaseer op teoretiese begronding te lever en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardestelsel en etiese gedragkode te kan demonstreer met 'n bewustheid van menseregte problematiek.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 1x3 uur 1:1		
<b>Modulekode: PSYC 322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Toegepaste Psigologie		
Module uitkomste:		
Die student behoort in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis-basis van menslike funksionering op alle vlakke van menslike ontwikkeling in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstreer en dit te kan faciliteer op 'n geïntegreerde vlak in praktyk of gesimuleerde situasies;</li> <li>• 'n kritiese begrip van perspektiewe op menslike funksionering vanuit 'n eie, koherente wêreldbeskouing te kan demonstreer;</li> <li>• effektiwe seleksie en toepassingsprocedures vir die insameling van kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting te kan demonstreer en dit te kan integreer om so jou vermoë te kan illustreer om onbekende, konkrete en/of abstrakte probleme op te los deur gebruik te maak van getuienis-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente;</li> <li>• 'n vaste waarde-sisteem en etiese optrede kan demonstreer in alle vorme van</li> </ul>		

<p>kommunikasie en interaksie;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die vermoë toon om die voorgeskrewe formaat, wat toepaslik is in die Psigologie, te kan demonstreer in alle vorme van kommunikasie.</li> </ul>
Metode van aflewering: Voltyds
Assesseringsmetodes : PK 1x3 uur 1:1

## R.2.4 MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Modulekode: ACCS111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Finansiële rekeningkunde (spesiaal) Basiese konsepte, rekeningkundige siklus en rekeningkundige stelsels.		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik;</li> <li>transaksies in joernale, grootboekrekenings en kontrolerekenings te kan aanteken;</li> <li>'n rekeningkundige stelsel vir 'n spesifieke onderneming te kan ontwerp; en</li> <li>elementêre finansiële state vir 'n eenmansaak te kan opstel.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Formatief:		
3 Toetse (klas en formeel): gewig – 30		
1 Simulasieprojek: gewig – 15		
2 Ander onvoorbereide toetse (werkopdragte): gewig – 5		
Summatief: 1 x 3-uur Eksamens: gewig – 50		
Modulekode: ACCS121	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Finansiële rekeningkunde (spesiaal) Bankrekonsiliaasie, elementêre finansiële verslagdoening, elementêre ontleding en vertolking van finansiële state.		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>transaksies in die kontantontvangste en -betalingsjoernaal aan te teken en 'n bankrekonsiliaasiestaat op te stel;</li> <li>die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat), staat van finansiële posisie (balansstaat) en staat van verandering in ekwiteit vir 'n eenmansaak op 'n algemeen aanvaarbare formaat op te stel; en</li> <li>finansiële verhoudings te kan identifiseer en die doel daarvan te verduidelik en toe te pas in die ontleding en vertolking van die likwiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit van ondernemings.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Formatief:		
3 Toetse (klas en formeel): gewig – 40		
2 Ander onvoorbereide toetse (werkopdragte): gewig – 10		
Summatief: 1 x 3-uur Eksamens: gewig – 50		
Modulekode: ACCF111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Finansiële rekeningkunde: basiese konsepte, rekeningkundige stelsels en elementêre finansiële verslagdoening		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik;</li> <li>'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon;</li> <li>joernale, grootboeke, hulpgrootboeke en kontrolerekeninge op te stel;</li> </ul>		

- 'n rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereistes van 'n spesifieke entiteit;
- bankrekonsiliasies voor te berei;
- versekeringseise ten opsigte van voorraadverliese te bereken; en transaksies te boekstaaf en finansiële state vir eenmansake en departementele rekeninge op te stel.

**Metode van aflewering:** Voltyds

**Assesseringsmetodes:**

Formatief:

4 Klastoetse (waarvan die beste 3 punte gebruik word: gewig – 40

4 Werksopdragte: gewig – 10

Summatief: 1 x 3-uur Eksamens: gewig – 50

<b>Modulekode: ACCF211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 6</b>
<b>Modulekode: ACCF121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-Vlak: 5</b>
Titel: Finansiële rekeningkunde: elementêre finansiële verslagdoening, vennootskappe, beslote korporasies en maatskappye		
Module-uikomste:		
Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• comprehensive and systematic legal knowledge of theoretical and practical questions as well as the methodology of comparative law from the perspective of private law, public law and criminal law;</li> <li>• a coherent understanding of research theory and practice applicable to the chosen field whilst exhibiting critical thinking in the identification, analysis and solution of complex ill-defined real-world problems, issues and case studies; and</li> <li>• an advanced ability to retrieve, critique, integrate and communicate information and research findings to specialist and non-specialist audiences using the resources of academic discourse and to participate in debates on a chosen topic from a personalised</li> </ul>		

ethical system.		
Method of delivery: full-time/part-time		
Assessment methods: two assignments and dissertation		
<b>Module code: LLMC 818</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 9</b>
Title: Internship – Only offered in English		
Module outcomes:		
On completion of this module, the student should demonstrate the ability to:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• identify a specific case study in the workplace;</li> <li>• identify appropriate academic principles, values and norms of child law applicable to the relevant workplace and the above case study;</li> <li>• apply such principles, values and norms to the specific case study;</li> <li>• critically evaluate the process, ethics and strategies of the relevant workplace in relation to the identified case study;</li> <li>• furnish a written report that meets all the relevant requirements of legal academic writing and conventions; and</li> <li>• make an oral presentation, professionally using applicable IT, to fellow-students, members of the relevant workplace and lecturers on the topic.</li> </ul>		
Method of delivery: Full-time		
Assessment methods: two assignments and summative examination		
<b>Modulekode: LVIA 971</b>	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak: 9</b>
Titel: Internasionale Aspekte van die Reg		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module moet die student oor die volgende beskik:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• omvattende en sistematiese kennis op 'n bepaalde vakgebied van internasionale aspekte van die reg, en die vermoë om die kennis toe te pas;</li> <li>• bewys van bemeesterding van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;</li> <li>• 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied, ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evalueer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;</li> <li>• gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde inligting met betrekking tot vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;</li> <li>• die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evalueer en toe te pas;</li> <li>• die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die bepaalde regsgebied te lewer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: voltyds/deeltyds		
Assesseringsmetodes:		
Formatiewe assessering: 50%		
Summatiewe assessering: 50%		
<b>Modulekode: LVPE 971</b>	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak: 9</b>
Titel: Perspektiewe op die Reg		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module moet die student oor die volgende beskik:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• omvattende en sistematiese kennis van 'n bepaalde perspektief(we) van die reg en die</li> </ul>		

- vermoë om die kennis toe te pas;
- bewys van bemeesterding van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;
  - 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evalueer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;
  - gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;
  - die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evalueer en toe te pas;
  - die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die bepaalde perspektief(we) van die reg te lewer.

**Metode van aflewering:** voltyds/deeltyds

**Assesseringsmetodes:**

Formatiewe assessering: 50%

Summatiewe assessering: 50%

<b>Modulekode:</b> LVTB 971	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak:</b> 9
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Handels- en Besigheidsreg

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module moet die student oor die volgende beskik:

- omvattende en sistematiese kennis op 'n bepaalde vakgebied van handels- en besigheidsreg en die vermoë om die kennis toe te pas;
- bewys van bemeesterding van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evalueer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;
- gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;
- die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evalueer en toe te pas;
- die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die bepaalde regsgebied te lewer.

**Metode van aflewering:** voltyds/deeltyds

**Assesseringsmetodes:**

Formatiewe assessering: 50%

Summatiewe assessering: 50%

<b>Modulekode:</b> LVPR 971	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak:</b> 9
-----------------------------	-------------------	--------------------

**Titel:** Privaatreg

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van hierdie module moet die student oor die volgende beskik:

- omvattende en sistematiese kennis op 'n bepaalde vakgebied van privaatreg en die vermoë om die kennis toe te pas;
- bewys van bemeesterding van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evalueer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;
- gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;
- die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evalueer en toe te pas;
- die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die bepaalde regsgebied te lewer.

**Metode van aflewering:** voltyds/deeltyds

**Assesseringsmetodes:**

Formatiewe assessering: 50%

Summatiewe assessering: 50%

<b>Modulekode:</b> LVPL 971	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak:</b> 9
Titel: Staatsreg		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module moet die student oor die volgende beskik:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• omvattende en sistematiese kennis op 'n bepaalde vakgebied van staatsreg en die vermoë om die kennis toe te pas;</li> <li>• bewys van bemeesterding van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;</li> <li>• 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evalueer en aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;</li> <li>• gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;</li> <li>• die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evalueer en toe te pas;</li> <li>• die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die bepaalde regsgebied te lewer.</li> </ul>		

**Metode van aflewering:** voltyds/deeltyds

**Assesseringsmetodes:**

Formatiewe assessering: 50%

Summatiewe assessering: 50%

<b>Modulekode:</b> LVFL 971	<b>Jaarmodule</b>	<b>NKR-vlak:</b> 9
Titel: Formele Reg		
Module-uitkomste:		

Na voltooiing van hierdie module moet die student oor die volgende beskik:

- omvattende en sistematiese kennis op 'n bepaalde vakgebied van formele reg en die vermoë om die kennis toe te pas;
- bewys van bemeesterding van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evaluateer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;
- gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;
- die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evaluateer en toe te pas;
- die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die bepaalde regsgebied te lewer.

Metode van aflewering: voltyds/deeltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assessering: 50%

Summatiewe assessering: 50%

Modulekode: LVLP 971	Jaarmodule	NKR-vlak: 9
----------------------	------------	-------------

Titel: Regsprofessie

Module-uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module moet die student oor die volgende beskik:

- omvattende en sistematiese kennis op 'n bepaalde vakgebied van 'n aspek van die regsgesondheid en die vermoë om die kennis toe te pas;
- bewys van bemeesterding van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evaluateer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;
- gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;
- die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evaluateer en toe te pas;
- die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die bepaalde regsgebied te lewer.

Metode van aflewering: voltyds/deeltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe assessering: 50%

Summatiewe assessering: 50%

## R.3 OORGANGSREËLINGS EN REËLS VIR NUWE KURRIKULUM : R411P, R303P EN R302P

### R.3.1 BENADERING

Die nuwe kurrikula sal op die Potchefstroom- en Mafikengkampus ingefaseer word (dit sal vir die eerste keer op die Vaaldriehoekkampus ingestel word in 2014/15. Die reëls in hierdie dokument is dus nie op dié betrokke kampus van toepassing nie). Eerstejaarstudente (Potchefstroom en Mafikeng) sal in 2013 vir die nuwe kurrikulum geregistreer word, terwyl alle studente in hulle tweede-, derde- en vierdejaar van studie hulle studies ooreenkomsdig die huidige kurrikulum, wat teen die einde van 2015 uitgefaseer sal word, sal voltooi. Krediet sal vir EVL-doeleindes gegee word ooreenkomsdig R.4 en die verduideliking in hierdie dokument.

Herhalers sal geakkommodeer word deur hulle toe te laat om 'n derde eksamen te skryf ten einde hulle in staat te stel om modules wat nie in die nuwe kurrikulum aangebied word nie of modules wat in 'n ander formaat aangebied word, byvoorbeeld modules wat jaarmodules word, te slaag. Studente wat nie die derde eksamen slaag nie sal steeds die opsie hé om by die Fakulteit se Administratiewe Bestuurder aansoek te doen om vir uitstaande modules by UNISA te registreer ten einde hulle in staat te stel om hulle studies ooreenkomsdig die reëls van toepassing op die nuwe kurrikulum te voltooi. Indien 'n module steeds in dieselfde formaat in die nuwe kurrikulum aangebied word, sal studente nie toegelaat word om by UNISA te registreer nie tensy daar 'n botsing op die klasrooster is wat nie op enige ander wyse opgelos kan word nie. Met betrekking tot klasrooster botsings word dit beklemtoon dat studente nie toegelaat word om vir 'n module in te skryf nie indien, ooreenkomsdig die standaard lesings-, toets- en eksamenrooster, 'n botsing plaasvind met 'n ander module waarvoor die student ingeskryf is.

### R.3.2 VERGELYKING TUSSEN DIE HUIDIGE EN NUWE KURRIKULUMS EN OORGANGS-REËLINGS

**Inleiding tot die Reg** (JURI 111) behou sy huidige naam, maar die formaat en inhoud verander in dié opsig dat dit in die toekoms met Regsvaardighede (JURI 122) gekombineer word ten einde die ontwikkeling van vaardighede, soos deur die regss professie vereis, aan te spreek. Die nuwe gekombineerde module sal oor 'n jaar aangebied word (in plaas van 'n blote semester) en dit sal 'n nuwe kode, naamlik IURI 171, hé. Herhalers registreer vir die nuwe module, maar sal toegelaat word om by UNISA te registreer vir ILS 1501 indien hulle sou wou. Ten einde krediet vir IURI 171 te kry, moes 'n student beide Inleiding tot die Reg (JURI 111) en Regsvaardighede (JURI 122) geslaag het. Studente sal nie enige krediet in die nuwe kurrikulum ontvang vir die feit dat hulle slegs JURI 111 of JURI 122 geslaag het nie.

**Taalvaardighede in Regskonteks** (JURI 112) sal in samewerking met die Skool vir Tale herontwikkel word en word 'n jaar module wat ook op vlakke 2 en 3 aangebied sal word. Nuwe kodes sal aan die nuwe modules toegeken word, IURI 174 (IURI 274 en IURI 375 op vlakke 2 en 3). Studente wat JURI 112 moet herhaal, registreer vir die nuwe module (IURI 174), maar sal ook toegelaat word by UNISA vir AFK 1504 en ENN 106J te registreer indien hulle sou wou. Studente sal nie krediet vir IURI 174 kry blyt weens die feit dat hulle JURI 112 geslaag het nie. Hulle sal IURI 174 moet herhaal selfs al het hulle JURI 112 in terme van die nuwe kurrikulum geslaag.

**Geskiedenis van die Reg** (JURI 113) word met Kontemporäre Grondslae van die Suid-Afrikaanse reg gekombineer om Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg te vorm, wat as 'n jaar- module met 'n nuwe kode, IURI 172, aangebied sal word. Herhalers mag vir die nuwe module registreer of hulle mag by UNISA vir FLS 1501 registreer indien hulle sou wou. Ten einde krediet vir IURI 172 te kry moes 'n student beide Geskiedenis van die Reg (JURI 113)

en Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg (JURI 123) geslaag het. Met ander woorde, hulle sal nie enige krediet in die nuwe kurrikulum ontvang bloot weens die feit dat hulle slegs JURI 113 of JURI 123 geslaag het nie.

**Personered** behou sy huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 111. Herhalers sal vir die nuwe module registreer. Ten einde krediet vir IURI 111 te ontvang moes 'n student JURI 114 geslaag het.

Die verpligte modules **Inleiding tot Akademiese Geletterdheid** (AGLA/E 111) en **Akademiese Geletterdheid** (AGLA/E 121) bly deel van die kurrikulum. Herhalers registreer vir dieselfde modules, afhangend van hulle omstandighede.

**ABCD 111** en **ABCD 121** (wat na die taal keusemodules wat 'n student in sy eerste jaar mag kies, verwys) bly deel van die kurrikulum by die Potchefstroomkampus. Herhalers registreer vir dieselfde modules. Dit word in die vooruitsig gestel dat, by die Potchefstroomkampus, die lys van modules uitgebrei mag word ten einde modules anders as taalmodules in te sluit. Weens die feit dat AGLE 111 krediet dra op die Mafikengkampus is daar besluit dat vir tyd en wyl daar geen keuse module by daardie kampus aangebied gaan word nie.

**Inheemse reg** (JURI 121) behou sy huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 121. Herhalers registreer vir die nuwe module. Ten einde krediet vir IURI 121 te ontvang moes 'n student JURI 121 geslaag het.

**Regsvaardighede** (JURI 122) gaan nie in sy huidige vorm voortbestaan nie aangesien dit by Inleiding tot die Reg geïnkorporeer word. Herhalers registreer vir die nuwe module (IURI 171), maar hulle sal toegelaat word om by UNISA vir SCL 1501 te registreer indien hulle sou wou. Ten einde krediet vir IURI 171 te ontvang moes 'n student beide Inleiding tot die Reg (JURI 111) en Regsvaardighede (JURI 122) geslaag het. Studente sal nie enige krediet in die nuwe kurrikulum ontvang bloot weens die feit dat hulle JURI 122 geslaag het nie.

**Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg** (JURI 123) word met *Geskiedenis van die Reg* (JURI 113) gekombineer en sal bekendstaan as *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg* wat as 'n jaarmodule aangebied word en 'n nuwe kode, IURI 172, sal ontvang. Herhalers mag vir die nuwe module registreer of hulle mag vir FLS 1502 by UNISA registreer indien hulle sou wou. Ten einde krediet vir IURI 172 te ontvang moes 'n student beide *Geskiedenis van die Reg* (JURI 113) en *Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse reg* (JURI 123) geslaag het. Met ander woorde, hulle sal nie krediet in die nuwe module ontvang bloot weens die feit dat hulle slegs JURI 113 of JURI 123 geslaag het nie.

**Erfreg** (JURI 124) is met **Boedelbereddering (Bestorwe boedels)** (JURI 421) gekombineer en sal as *Erfreg en Boedelbereddering* bekendstaan wat as 'n jaar module in die derde jaar aangebied sal word en 'n nuwe kode, IURI 374, sal ontvang. Studente wat *Erfreg* (JURI 124) herhaal registreer vir PVL 2602 by UNISA. Studente wat *Boedelbereddering* herhaal kan nie by UNISA registreer nie aangesien daar geen ekwivalente module is nie. Hulle sal dus klasvrystelling ontvang en 'n aparte eksamenvraestel skryf oor die inhoud van JURI 421. Alternatiewelik, mag hulle vir IURI 374 registreer.

Ten einde krediet vir IURI 374 te ontvang moes 'n student beide *Erfreg* (JURI 124) en *Boedelbereddering* (JURI 421) geslaag het. Met ander woorde, hulle sal nie in die nuwe module krediet ontvang bloot weens die feit dat hulle slegs JURI 124 of JURI 421 geslaag het nie.

**Strafreg: Algemene Beginsels** (JURI 211) behou sy huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 211. Herhalers registreer vir die nuwe module. Ten einde in die nuwe kurrikulum vir IURI 211 krediet te ontvang moes 'n student JURI 211 geslaag het (met ander woorde, studente wat JURI 211 geslaag het, sal erkenning vir IURI 211 ontvang).

**Staatsreg** (JURI 214) behou sy huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 212. Studente wat JURI 214 geslaag het sal erkenning vir IURI 212 ontvang en herhalers sal vir IURI 212 regstreer.

**Ondernemingsreg** (JURI 215) word nie meer in die tweede jaar aangebied nie, maar in die eerste semester van die derde jaar as IURI 311. Die kerninhoud van die twee modules is egter dieselfde. Studente wat JURI 215 geslaag het sal erkenning vir IURI 311 ontvang en herhalers sal vir IURI 311 regstreer.

**Familiereg** (JURI 216) sal 'n jaarmodule in die nuwe kurrikulum word en sy inhoud sal dienooreenkomsige aangepas word ten einde *inter alia* Kinderreg in te sluit. Dit sal nie meer in die twee jaar aangebied word nie, maar in die eerste jaar as IURI 172. IURI 173 sal in 2013 vir al die eerstejaar studente aangebied word terwyl JURI 216 ook vir tweedejaar studente in die huidige kurrikulum aangebied sal word. Ten einde erkenning vir IURI 173 te ontvang moes studente JURI 216 geslaag het. Studente wat nie JURI 216 in 2013 slaag nie mag vir IURI 173 of vir PVL 2601 by UNISA regstreer indien hulle tans (2012) eerstejaar studente is.

**Wetsuitleg** (JURI 217) behou sy huidige formaat en inhoud, maar het 'n nuwe beskrywende naam (Regsuitsleg) en kode, IURI 213. Studente wat JURI 217 geslaag het sal erkenning vir IURI 213 ontang en herhalers sal vir IURI 213 regstreer.

**Strafprosesreg** word tans as twee afsonderlike jaar modules, te wete JURI 213 en JURI 223, aangebied. Vanaf 2013 sal dit as 'n jaarmodule in die tweede jaar aangebied word met 'n nuwe kode: IURI 271. Die inhoud bly egter dieselfde. Herhalers mag vir IURI 271 regstreer of hulle mag vir CMP 2601 by UNISA regstreer indien hulle JURI 213 herhaal en CMP 3701 indien hulle JURI 223 herhaal. Ten einde krediet vir IURI 271 te ontvang moes 'n student beide JURI 213 en JURI 223 geslaag het (met ander woorde, hulle sal nie enige erkenning in die nuwe kurrikulum ontvang bloot weens die feit dat hulle slegs JURI 213 of JURI 223 geslaag het nie).

**Strafreg: Besondere Misdrywe** (JURI 221) behou sy huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 221. Die modules is vergelykbaar en herhalers regstreer vir die nuwe module. Ten einde krediet vir IURI 221 in die nuwe kurrikulum te ontvang moes 'n student JURI 221 geslaag het.

**Arbeidsreg** (JURI 224) behou sy huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 222. Herhalers regstreer vir die nuwe module. Ten einde krediet vir IURI 222 in die nuwe kurrikulum te ontvang moes 'n student JURI 224 geslaag het.

**Deliktereg** (JURI 225) behou sy huidige naam en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 273. Vanaf 2013 sal dit 'n jaarmodule word. Ten einde krediet vir IURI 273 te ontvang moes 'n student JURI 225 geslaag het. Herhalers mag vir IURI 273 regstreer of hulle mag vir PVL 3703 by UNISA regstreer indien hulle sou wou.

**Sakereg** (JURI 226) behou sy huidige naam en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 272. Vanaf 2013 sal dit 'n jaarmodule word. Ten einde erkenning vir IURI 272 te ontvang moes studente JURI 226 geslaag het. Herhalers regstreer vir IURI 272 of hulle mag vir PVL 3701 by UNISA regstreer indien hulle sou wou.

**Siviele Prosesreg in die Landdroshof** (JURI 311) behou sy huidige naam, formaat en inhoud, maar het 'n nuwe kode, IURI 321. Herhalers regstreer vir die nuwe module en studente wat JURI 311 geslaag het sal erkenning vir IURI 321 ontvang.

**Inleiding tot Regsfilosofie** (JURI 313) skuif van die derde jaar na die vierde jaar en die kode word IURI 412. Die modules is vergelykbaar en studente wat JURI 313 geslaag het sal erkenning vir IURI 412 ontvang. Herhalers regstreer vir die nuwe module.

**Bewysreg** word tans as twee afsonderlike jaarmodules aangebied, te wete JURI 314 en JURI 325. Vanaf 2013 sal dit as 'n jaarmodule in die derde jaar aangebied word met 'n nuwe kode:

IURI 371. Die inhoud bly egter dieselfde. Herhalers mag vir IURI 371 regstreer of hulle mag vir EVI 3602 by UNISA regstreer indien hulle JURI 314 herhaal en EVI 3702 indien hulle JURI 325 herhaal. Ten einde krediet vir IURI 371 te ontvang moes 'n student beide JURI 314 en JURI 325 geslaag het (met ander woorde, hulle sal nie in die nuwe module erkenning ontvang bloot weens die feit dat hulle slegs JURI 314 of JURI 325 geslaag het nie).

**Beginsels van Kontrakte** (JURI 315) behou sy huidige naam en inhoud, maar word 'n jaarmodule met 'n nuwe kode, IURI 373. Studente wat JURI 315 geslaag het sal erkenning vir IURI 373 ontvang. Herhalers mag vir IURI 373 regstreer of hulle mag vir PVL 3702 by UNISA regstreer indien hulle sou wou.

**Volkereg** (JURI 316) behou sy huidige naam en inhoud, maar word 'n jaarmodule met 'n nuwe kode, IURI 372. Studente wat JURI 316 geslaag het sal erkenning vir IURI 372 ontvang. Herhalers mag vir IURI 372 regstreer of hulle mag vir LCP4801 by UNISA regstreer indien hulle sou wou.

**Administratiefreg** (JURI 321) behou sy naam, inhoud en formaat, maar skuif na die eerste semester en word IURI 312. Studente wat JURI 321 geslaag het sal erkenning vir IURI 321 ontvang. Herhalers mag vir die nuwe module regstreer.

**Siviele Prosesreg in die Hoërhowe** (JURI 323) behou sy naam, inhoud en formaat, maar skuif na die eerste semester in die vierde jaar en word IURI 411. Studente wat JURI 323 geslaag het sal erkenning vir IURI 411 ontvang. Herhalers regstreer vir die nuwe module.

**Fundamentele Regte** (JURI 324) kry 'n nuwe kode: IURI 223. Dit skuif vanaf die derde na die tweede jaar wat beteken dat twee jaargroepe in 2014 vir hierdie module sal inskryf en dat reëlings getref moet word ten einde te verseker dat voldoende lesingsale beskikbaar gemaak sal word. Studente wat JURI 324 geslaag het sal erkenning vir IURI 223 ontvang en herhalers regstreer vir IURI 223. Alle tweede- en derdejaar studente sal in 2014 vir IURI 223 regstreer.

**Insolvensiereg** (JURI 326) behou sy naam, inhoud en formaat, maar word IURI 322. Studente wat JURI 326 geslaag het sal erkenning vir IURI 322 ontvang. Herhalers regstreer vir die nuwe module.

**Spesifieke Kontrakte** (JURI 327) behou sy naam, inhoud en formaat, maar skuif na die vierde jaar eerste semester en word IURI 413. Studente wat JURI 327 geslaag het sal erkenning vir IURI 413 ontvang. Herhalers regstreer vir die nuwe module.

Geen keusemodule sal in die derdestudiejaar beskikbaar wees nie. Modules wat keuse modules in die derdestudiejaar van die huidige kurrikulum is skuif na die vierde jaar (verwys asb. na die notas aan die einde van hierdie dokument met betrekking tot oorgangsreëls wat op hierdie modules van toepassing sal wees).

**Regspraktyk en -kliniek** (JURI 312) word Regspraktyk en het 'n nuwe kode, IURI 414 (ten spye van die kode word dit in die finale jaar aangebied). Dit behou egter sy huidige formaat en inhoud. Herhalers regstreer vir IURI 414 en studente wat JURI 312 geslaag het sal erkenning vir IURI 414 ontvang.

Die module **Navorsingsmetodologie** (JURI 317) sal nie meer in sy huidige vorm aangebied word nie aangesien dit in Inleiding tot die Reg (JURI 317) en die nuut-ontwikkelde taalkursus (IURI 174, IURI 274 en IURI 375) geabsorbeer word. Verder word dit in die vooruitsig gestel dat student in hulle finale jaar van studie 'n werkswinkel oor navorsingsmetodologie aan die begin van die jaar moet bywoon ten einde hulle geheue te verfris en om instruksies rakende die voltooiing van hulle Navorsingsprojek (IURI 471) te ontvang.

**Verhandelbare Dokumente en Elektroniese Handel** (JURI 411) verander na Bankreg met 'n nuwe kode, IURI 421 en sal in die tweede semester van die finale jaar aangebied word. Die modules is vergelykbaar en herhalers regstreer vir die nuwe module. Studente wat JURI 411 geslaag het sal erkenning vir IURI 421 ontvang.

**Padongelukkevergoeding- en Versekeringsreg** (JURI 414) sal nie meer in sy huidige formaat aangebied word nie. Die Padongelukkevergoeding komponent sal voortaan deel van Skadevergoedingsreg vorm. Die nuwe kombinasie sal *Skadevergoedings- en Padongelukkevergoedingsreg* genoem word en sal as 'n keuse module in die vierde jaar op die Potchefstroomkampus alleenlik aangebied word en die kode is IURP 413. Studente wat JURI 414 geslaag het sal erkenning vir IURP 413 ontvang en studente wat JURI 415 geslaag het sal erkenning vir IURP 412 ontvang slegs indien hulle JURI 414 ook geslaag het. Studente wat JURI 414 moet herhaal regstreer vir IURP 412 en IURP 413 of hulle mag vir LML 4805 en LPL 4803 by UNISA regstreer soos hulle wil. Studente wat JURI 415 moet herhaal regstreer vir IURP 412 of hulle mag vir LPL 4802 by UNISA regstreer.

**Skadevergoedingsreg** (JURI 415) sal nie meer in sy huidige vorm aangebied word nie aangesien dit met Padongelukkevergoeding gekombineer word onder die naam *Skadevergoedings- en Padongelukkevergoedingsreg* en met IURP 412 as sy kode. Studente wat JURI 415 geslaag het sal erkenning vir IURP 412 ontvang slegs indien hulle JURI 414 ook geslaag het. Studente wat JURI 415 herhaal regstreer vir IURP 412 of vir LPL 4802 by UNISA.

**Regspraktyk en -kliniek** (JURI 322) word Regspraktyk en het 'n nuwe kode, IURI 422. Dit behou egter sy huidige formaat en inhoud. Herhalers regstreer vir IURI 324 en studente wat JURI 322 geslaag het sal erkenning vir IURI 324 ontvang.

**Boedelbereddering** (JURI 421) sal nie meer in sy huidige vorm aangebied word nie aangesien dit met Erfreg (JURI 124) gekombineer word. Die naam van die nuwe module is *Erfreg en Boedelbereddering* wat in die derde jaar as 'n jaarmodule aangebied word en sy kode is IURI 374. Studente wat *Erfreg* (JURI 124) herhaal regstreer vir die nuwe module, of hulle mag vir PVL 2602 by UNISA regstreer indien hulle sou wou. Studente wat *Boedelbereddering* herhaal kan nie by UNISA regstreer nie aangesien daar nie 'n ekwivalente module is nie. Hulle sal dus klasvrystelling ontvang en toegelaat word om 'n aparte eksamenvraestel gebaseer op die inhoud van JURI 421 te skryf. Alternatiewelik mag hulle vir IURI 374 regstreer. Ten einde erkenning vir IURI 374 te kry moes 'n student beide *Erfreg* (JURI 124) en *Boedelbereddering* (JURI 421) geslaag het. Met ander woorde, hulle sal nie enige krediet in die nuwe kurrikulum ontvang bloot weens die feit dat hulle slegs JURI 124 of JURI 421 geslaag het nie.

**Verryking en Estoppel** (JURI 423) behou sy naam, inhoud en formaat, maar word 'n keuse module in die vierde jaar op die Potchefstroomkampus alleenlik en sy kode in IURP 424. Studente wat JURI 423 geslaag het sal erkenning vir IURP 424 ontvang. Herhalers regstreer vir die nuwe module of vir PVL 3702 by UNISA.

**Regsfilosofie en Etiek** (JURI 424) behou sy naam, inhoud en formaat, maar word IURI 423. Studente wat JURI 424 geslaag het sal erkenning vir IURI 423 ontvang. Herhalers regstreer vir die nuwe module.

Die **Skripsië** (JURI 425), voorheen 'n semester-module, word 'n jaarmodule genoem *Navorsingsprojek* (IURI 471) wat onder die leiding van 'n studieleier aangestel deur die Fakulteit voltooi sal word. Daar sal van studente verwag word om aan die begin van die jaar 'n werkswinkel oor navorsingsmetodologie by te woon waar hulle instruksies oor die skryf van 'n navorsingsvoorstel, navorsingsplan en versameling van basiese materiaal sal ontvang. Studente wat JURI 425 geslaag het sal erkenning vir IURI 471 ontvang. Herhalers regstreer vir IURI 471.

### R.3.2.1 Keuse Modules

Geen keuse-modules is beskikbaar in die tweede- en derdejaar van studie nie. 'n Student moet **drie** keuse-modules vanuit die volgende modules gedurende die **eerste semester** van die vierdejaar kies:

#### R.3.2.1.1 Eerste semester keuse-modules wat by Potchefstroomkampus gedoseer word

- **Omgewingsreg** (IURE 411), voorheen JURE 411; die modules is vergelykbaar. 'n Student wat JURE 411 geslaag het sal erkenning vir IURE 411 ontvang en herhalers registreer vir IURE 411.
- **Skynhof** (IURE 412), voorheen JURE 412; die modules is vergelykbaar. 'n Student wat JURE 412 geslaag het sal erkenning vir IURE 412 ontvang en herhalers registreer vir IURE 412.
- **Immateriële Goederereg** (IURE 422), voorheen JURE 413 skuif na die tweede semester; die modules is vergelykbaar. 'n Student wat JURE 413 geslaag het sal erkenning vir IURE 422 ontvang en herhalers registreer vir IURE 422.
- **Alternatiewe Dispuutbeslegting** (IURE 413), voorheen JURE 311. Die modules is vergelykbaar, ten spyte daarvan dat die inhoud effens sal verskil ten einde by die uitkomste vir die NQF-vlak 8 aan te pas. 'n Student wat JURE 311 geslaag het sal erkenning vir IURE 413 ontvang en herhalers registreer vir IURE 413.
- **Belastingreg** (IURE 414), voorheen JURE 313. Die modules is vergelykbaar, ten spyte daarvan dat die inhoud effens sal verskil ten einde by die uitkomste vir NQF-vlak 8 aan te pas. 'n Student wat JURE 313 geslaag het sal erkenning vir IURE 414 ontvang en herhalers registreer vir IURE 414.
- **Rekeningkunde vir Regstudente** (ACCL 111), voorheen Regsrekeningkunde (RERP 211). Terwyl dit 'n keuse-module bly, skuif dit van die derde jaar na die vierde jaar en het 12 krediete. Gevolglik sal die inhoud en formaat aangepas word om vir hierdie veranderinge voorsiening te maak. Studente mag slegs vir Rekeningkunde vir Regstudente (ACCL 221) registreer indien hulle Rekeningkunde in graad 12, ACCL 111, ACCS 111 of ACCF 111 geslaag het. Studente wat rekeningkunde in graad 12, ACCS 11 of ACCF geslaag het mag nie vir ACCL 111 registreer nie.
- **Sosio-ekonomiese regte** (IURP 411), voorheen JURP 411; die modules is vergelykbaar. 'n Student wat JURP 411 geslaag het sal erkenning vir IURP 411 ontvang en herhalers registreer vir IURP 411.
- **Skadevergoedings- en Padongelukkevergoedingsreg** (IURP 412) is 'n nuwe module (voorheen JURI 414 en 415). Studente wat JURI 414 geslaag het sal erkenning vir IURP 413 ontvang (Versekeringsreg) en studente wat JURI 415 geslaag het sal erkenning vir IURP 412 ontvang slegs indien hulle JURI 414 ook geslaag het. Studente wat JURI 414 moet herhaal registreer vir IURP 412 en IURP 413 of hulle mag vir LML 4805 en LPL 4803 by UNISA registreer indien hulle nie meer op kampus is nie. Studente wat JURI 415 moet herhaal registreer vir IURP 412 of hulle mag vir LPL 4802 by UNISA registreer.
- **Versekeringsreg** (IURP 413), voorheen deel van JURI 414 is nou 'n aparte en nuwe module met 'n verskillende inhoud. Student wat JURI 414 geslaag het sal erkenning vir IURP 413 ontvang en studente wat JURI 414 moet herhaal registreer vir IURP 412 en IURP 413 of hulle mag vir LML 4805 en LPL 4803 by UNISA registreer indien hulle nie meer op kampus is nie.

**Studente moet drie keuse-modules vanuit die volgende gedurende die tweede semester in die vierde jaar kies:**

**R.3.2.1.2 Tweede semester keuse-modules wat by Potchefstroomkampus doseer word**

- **Internasionale Privaatreg** (IURE 421), voorheen JURE 421. Die modules is vergelykbaar. Studente wat JURE 421 geslaag het sal erkenning vir IURE 421 ontvang en herhalers registreer vir IURE 421.
- **Rekeningkunde vir Regstudente** (ACCL 221), voorheen Regsrekeningkunde (RERP 221). Terwyl dit 'n keuse-module bly, skuif dit van die derde jaar na die vierde jaar en het 12 krediete. Die inhoud en formaat sal gevvolglik aangepas word om vir hierdie veranderinge voorseening te maak. 'n Student wat vir Regsrekeningkunde (ACCL 221) wil registreer moes Rekeningkunde in graad 12, ACCF 111, ACCS 111 of ACCL 111 geslaag het.
- **Grond- en Aktesreg** (IURP 421), voorheen JURP 421. Die modules is vergelykbaar. Studente wat JURP 421 geslaag het sal erkenning vir IURP 421 ontvang en herhalers registreer vir IURP 421.
- Plaaslike Owerheidsreg en Ontwikkeling (IURP 422), voorheen JURP 321. Die modules is vergelykbaar, ten spyte daarvan dat die inhoud effens sal verskil ten einde by die uitkomste vir NQF-vlak 8 aan te pas. Studente wat JURP 321 geslaag het sal erkenning vir IURP 422 ontvang en herhalers registreer vir IURP 422.
- **Regspluralisme: Religieuse stelsels** (IURP 423), voorheen JURP 323; die modules is vergelykbaar ten spyte daarvan dat die inhoud effens sal verskil ten einde by die uitkomste vir NQF-vlak 8 aan te pas. Studente wat JURP 323 geslaag het sal erkenning vir IURP 423 ontvang en herhalers registreer vir IURP 423.
- **Verryking en Estoppel** (IURP 424), voorheen JURI 423; die modules is vergelykbaar. Studente wat JURI 423 geslaag het sal erkenning vir IURP 424 ontvang en herhalers registreer vir IURP 424.

## R.4

**OOREENSTEMMENDE REGSMODULES VIR EVL EN REKORDHOUDING: BA REGTE, BCOM REGTE EN LLB**

Ou Module-naam	Nuwe Module-naam	Ou Module-krediete	Nuwe Module-krediete	Ou Modulekode	Nuwe Modulekode
Inleiding tot Akademiese Geletterdheid	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid	12	12	AGLA/E111	AGLA/E 111
Inleiding tot die Reg <sup>1</sup>	Geen ekwivalent	12	16	JURI 111	
Taalvaardigheid in die Regskonteks	Geen ekwivalent	8		JURI 112	
Regsgeschiedenis <sup>2</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 113	
Persone- en Regspersonereg	Personereg	12	12	JURI 114	IURI 111
Inheemse Reg	Inheemse Reg	12	12	JURI 121	IURI 121
Regsvaardigheid <sup>3</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 122	
Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg <sup>4</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 123	
Erfreg <sup>5</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 124	
Strafreg:Algemene Beginsels	Strafreg:Algemene Beginsels	12	12	JURI 211	IURI 211
Strafprosesreg <sup>6</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 213	
Staatsreg	Staatsreg	12	12	JURI 214	IURI 212
Ondernemingsreg	Ondernemingsreg	12	12	JURI 215	IURI 311
Familiereg <sup>7</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 216	
Uitleg van Wette	Regsinterpretasie	12	12	JURI 217	IURI 213
Strafreg: Besondere Misdade	Strafreg: Besondere	12	12	JURI 221	IURI 221

Ou Module-naam	Nuwe Module-naam	Ou Module-krediete	Nuwe Module-krediete	Ou Modulekode	Nuwe Modulekode
	Misdade				
Strafprosesreg <sup>8</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 223	
Arbeidsreg	Arbeidsreg	12	12	JURI 224	IURI 222
Deliktereg <sup>9</sup>	Deliktereg	12		JURI 225	IURI 273
Sakereg <sup>10</sup>	Sakereg <sup>10</sup>	12		JURI 226	IURI 272
Landroshof-prosesreg	Landroshof-prosesreg	12	12	JURI 311	IURI 321
Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding	Regspraktyk	8	12	JURI 312	IURI 414
Regsfilosofie	Inleiding tot Regsfilosofie	12	12	JURI 313	IURI 412
Bewysreg <sup>11</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 314	
Kontraktereg <sup>12</sup>	Kontraktereg <sup>12</sup>	12	16	JURI 315	IURI 373
Volkereg	Volkereg	12	16	JURI 316	IURI 372
Navorsings-metodologie	Geen ekwivalent	8		JURI 317	
Administratiefreg	Administratiefreg	12	12	JURI 321	IURI 312
Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding	Regspraktyk	8	12	JURI 322	IURI 422
Hooggereghof-prosesreg	Hooggereghof-prosesreg	12	12	JURI 323	IURI 411
Fundamentele Regte	Fundamentele Regte	12	12	JURI 324	IURI 223

Ou Module-naam	Nuwe Module-naam	Ou Module-krediete	Nuwe Module-krediete	Ou Modulekode	Nuwe Modulekode
Bewysreg <sup>13</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 325	
Insolvenciesreg	Insolvenciesreg	12	12	JURI 326	IURI 322
Besondere Kontrakte	Besondere Kontrakte	12	12	JURI 327	IURI 413
Verhandelbare-dokumenterreg en Elektroniese Handel	Bankreg en Elektroniese Handel	12	12	JURI 411	IURI 421
Padongelukke-vergoeding-en Versekeringsreg <sup>14</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 414	
Skadevergoedings-reg <sup>15</sup>	Geen ekwivalent	12	12	JURI 415	
Boedelbereddering <sup>16</sup>	Geen ekwivalent	12		JURI 421	
Verryking en Estoppel	Verryking en Estoppel	12	12	JURI 423	IURP 424
Regsfilosofie en Etiiek	Regsfilosofie en Etiiek	12	12	JURI 424	IURI 423
Skripsie	Navorsingsprojek	12	12	JURI 425	IURI 471
<b>Keusemodules</b>					
Alternatiewe Geskilbeslegting	Alternatiewe Geskilbeslegting	12	12	JURE 311	IURE 413
Belastingreg	Belastingreg	12	12	JURE 313P	IURE 414
Omgewingsreg	Omgewingsreg	12	12	JURE 411	IURE 411
Skynhof	Skynhof	12	12	JURE 412	IURE 411
Intellektuelegoedereg	Intellektuele-goederereg	12	12	JURE413	IURE422

Ou Module-naam	Nuwe Module-naam	Ou Module-krediete	Nuwe Module-krediete	Ou Modulekode	Nuwe Modulekode
Internasionale Privaatreg	Internasionale Privaatreg	12	12	JURE421	IURE 421
Grond-en Aktesreg	Grond-en Aktesreg	12	12	JURP421	IURP 421
Regsrekeningkunde	Rekeningkunde vir Regstudente	8	12	RERP 211	ACCL 111
Ontwikkelings- en Plaaslike Owerhede en Ontwikkeling	Plaaslike Owerhede en Ontwikkeling	12	12	JURP 321	IURP 422
Regspluralisme: Godsdiensstige Regstelsels	Regspluralisme: Godsdiensstige Regstelsels	12	12	JURP 323	IURP 423
Regsrekeningkunde	Rekeningkunde vir Regstudente	8	12	RERP 221	ACCL 221
Sosio-ekonomiese Regte	Sosio-ekonomiese Regte	12	12	JURP 411	IURP 411

1. Inleiding tot die Reg (JURI 111) word gekombineer met Regsvaardighede (JURI 122) en word IURI 171. Studente ontvang erkenning vir IURI 171 indien hy/sy JURI 111 en JURI 122 geslaag het.
2. Geen ekwivalent. Regsgeskiedenis (JURI 113) word gekombineer met Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg (JURI 123) en word Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Reg (IURI 172). Studente sal erkenning kry indien hulle JURI 113 en JURI 123 geslaag het.
3. Regsvaardighede word gekombineer met Inleiding tot die Reg en word IURI 171 (Inleiding tot die Reg). Studente sal erkenning kry indien hulle JURI 111 en JURI 122 geslaag het.
4. Konremporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg word gekombineer met Regsgeskiedenis en word Geskiedenis van die Suid – Afrikaanse Reg (IURE 172). Studente sal erkenning kry indien hulle JURI 113 en JURI 123 geslaag het.
5. Erfreg word gekombineer met Boedelberedding en word IURI 374. Studente sal erkenning kry vir IURI 374 indien hulle JURI 124 en JURI 412 geslaag het.
6. Strafprosesreg bestaan huidiglik uit twee semester modules naamlik JURI 213 en JURI 223. Hierdie twee modules word gekombineer om n jaarmodule te vorm naamlik IURI

271 (Strafprosesreg) . Studente sal erkenning vir IURI 271 ontvang indien hulle JURI 213 en JURI 223 geslaag het.

7. Familiereg is huidiglik 'n semestermodule (JURI 216). In die nuwe kurrikulum sal dit egter in 'n jaarmodule omskep word wat op eerstejaarsvlak aangebied sal word met module kode IURI 173. Studente sal erkenning kry vir IURI 173 indien hulle JURI 216 suksesvol geslaag het.
8. Strafprosesreg bestaan huidiglik uit twee semestermodules naamlik JURI 213 en JURI 223. Hierdie twee modules word gekombineer om n jaar module te vorm naamlik IURI 271 (Strafproses). Studente sal erkenning vir IURI 271 ontvang indien hulle JURI 213 en JURI 223 geslaag het.
9. Deliktereg is huidiglik 'n semestermodule (JURI 225). In die nuwe kurrikulum sal dit 'n jaarmodule word met module kode IURI 273. Hierdie module behou egter die oorspronklike module omskrywing asook die oorspronklike inhoud van JURI 225. Studente sal erkenning vir IURI 273 ontvang indien hulle JURI 225 geslaag het.
10. Sakereg is huidiglik 'n semestermodule (JURI 226). In die nuwe kurrikulum sal dit 'n jaarmodule word met module kode IURI 272. Hierdie module behou egter die oorspronklike module omskrywing asook die oorspronklike inhoud van JURI 226. Studente sal erkenning vir IURI 272 ontvang indien hulle JURI 226 geslaag het.
11. Bewysreg bestaan huidiglik uit twee semestermodules naamlik (JURI 314 en JURI 325). Hierdie twee modules word gekombineer om 'n jaarmodule te vorm naamlik IURI 371 (Bewysreg). Studente sal erkenning vir IURI 371 ontvang indien hulle JURI 314 en JURI 325 geslaag het.
12. Kontraktereg (JURI 315) is huidiglik 'n semestermodule. In die nuwe kurrikulum word dit 'n jaarmodule met 'n nuwe kode, IURI 373. Hierdie module behou egter die oorspronklike module omskrywing asook die oorspronklike inhoud van JURI 315. Studente sal erkenning vir IURI 373 ontvang indien hulle JURI 315 geslaag het.
13. Bewysreg bestaan huidiglik uit twee semestermodules naamlik (JURI 314 en JURI 325). Hierdie twee modules word gekombineer om 'n jaarmodule te vorm naamlik IURI 371 (Bewysreg). Studente sal erkenning vir IURI 371 ontvang indien hulle JURI 314 en JURI 325 geslaag het.
14. Padongelukkevergoeding- en Versekeringsreg is geinkorporeer met Skadevergoedingsreg (IURP 412). Versekeringsreg word 'n aparte module (IURP 413). Studente wat JURI 414 geslaag het sal erkenning ontvang vir IURP 413.
15. Skadevergoedingsreg word gekombineer met Padongelukkevergoeding en word IURP 412. Studente wat JURI 415 en JURI 414 geslaag het sal erkenning ontvang vir IURP 412.
16. Boedelberedding word gekombineer met Erfreg en word IURI 374. Studente sal erkenning vir IURI 374 ontvang indien hulle JURI 124 en JURI 421 geslaag het.